

HOOFSTUK 4

UITKRINGENDE DIALEKTIESE BETEKENISVORMING

Jameson se uitkringende dialektiese betekenisvorming is 'n uitbreidende betekenisvorming wat ingeperk word deur die politieke perspektief. Die leser plaas die teks in drie uitkringende semantiese horisonne waardeur die dialektiese verhouding tussen die teks en die wyer uitkringende sosiale basis van die teks sigbaar gemaak word. Omdat die politieke perspektief die absolute horison in hierdie betekenisvorming is, beweeg die tekstualisering deur die politieke onbewuste wat as latente struktuur onder alles lê.

Alhoewel hierdie allegoriserings nie eng voorskriftelik is nie omdat daar binne 'n wyer uitkringende sosiale basis gewerk word, word die betekenisvorming tog ingeperk, omdat die tekstualiteit tot die politieke horison beperk word. Die leser se aktiewe betekenisvorming word dus wel ingeperk.

4.1 INLEIDING: IN AANSLUITING BY HEGEL

Jameson ontgin die dialektiese aspek van Marxistiese literêre teorieë. Sy dialektiese benadering is gebaseer op Hegel se filosofie. Hy verleen wel erkenning aan die kontemporêre poststrukturalisme deur eksponente soos Derrida, Lacan, Foucault, Deleuze by sy Marxistiese benadering in te sluit, maar dit wat hulle aanbied, is egter nie vir hom voldoende nie. Daarom probeer hy hulle teorieë "voltooi" deur hulle by 'n teorie van geskiedenis in te sluit wat net deur 'n Marxistiese benadering verskaf kan word. Vir Jameson (1981:60) kan slegs 'n dialektiese benadering die subjek konkreet desentraliseer, en die "etiese" in die rigting van die politieke en die kollektiewe kanaliseer.

Jameson benader die literêre teks asof dit deel vorm van 'n groter geheel met 'n dialektiek van vorm en agtergrond. Die teks staan in 'n diachroniese sekwensiële verhouding tot ander werke. Sy dialektiese benadering kan teruggevoer word na Hegel. Dwarsdeur Jameson se werke verwys hy voortdurend na Hegel. Hy hang dan ook 'n soort Marxisme aan wat die groot temas van Hegel se filosofie ondersoek, soos die konsep van totaliteit, die verwantskap tussen deel en geheel, die dialektiek van voorkoms en essensie, die interaksie tussen subjek en objek. Hegel het sy eie dialektiese benadering ontwikkel, wat nie bloot 'n redeneerproses was nie, maar wat in die geskiedenis en in die wêreld as 'n geheel gevind word, en wat bestaan uit 'n noodwendige beweging van tese na antitese, en dan na 'n

²⁸ Fredric Jameson (1934) word beskou as die leidende Amerikaanse eksponent van Marxistiese kritiek, maar hy vertoon ook 'n sterk intellektuele houvas op die hele omvang van strukturalistiese en poststrukturalistiese teorie. Hy het aan verskeie Amerikaanse universiteite gedoseer, insluitende Harvard, die Universiteit van California te San Diego en Santa Cruz, en Yale. Tans is hy professor in Engels aan die Duke-universiteit. Hy skryf:

1971. Marxism and form. Princeton University Press.
 1972. The prison-house of language. Princeton University Press.
 1979. Fables of aggression: Wyndham Lewis, the modernist as fascist. Berkeley & Los Angeles : University of California Press.
 1981. The political unconscious: narrative as a socially symbolic act. London : Cornell University Press.
 1984. Postmodernism, or the cultural logic of late capitalism. New Left Review, July/August.
 Van sy tydskrifartikels is saamgevat in twee bundels:
 1988. The ideologies of theory, Vol. 1 en 2. Minneapolis : University of Minnesota Press.
 1990. Signatures of the visible. New York, London : Routledge.

sintese van beide (Urmson, 1983:81).²⁹ Die dialektiek berus op sy beskouing van die "geheel": die wêreld bestaan nie vir hom uit 'n versameling individuele, onafhanklike eenhede nie, en niks is vir hom volkome werklik nie, behalwe die geheel, wat self 'n komplekse sisteem is. Die realiteit van die oënskynlik afsonderlike dinge waaruit die wêreld bestaan, bestaan as 'n aspek van die geheel. Vir die dialektiese denke is daar nie vaste en onveranderlike "objekte" nie; 'n objek is onontkombaar verbonde aan 'n groter geheel, en is ook verwant aan 'n denke wat self deel vorm van 'n historiese situasie.³⁰ Jameson (1971:306) sluit by Hegel aan as hy sê:

The peculiar difficulty of dialectical thinking lies indeed in its holistic, "totalizing" character: as though you could not say any one thing until you had first said everything; as though with each new idea you were bound to recapitulate the entire system.... There is no content, for dialectical thought, but total content;...³¹

²⁹ Hegel het nooit self die woorde "tese, sintese en antitesis" gebruik nie, maar wel sy opvolgers, Fichte en Schelling. Tog is dit so beskrywend vir die drieledige beweging van sy dialektiek dat dit deur talle Engelse vertalings so aangegee word.

³⁰ In Western philosophical thought (p. 703) word 'n baie eenvoudige voorbeeld aangebied om die dialektiese begrip te verduidelik: ons neem as tese: "Realiteit is 'n oom". Maar die bestaan van 'n oom impliseer die bestaan van 'n neef. Omdat niks behalwe die Absolute werklik bestaan nie, en ons beperk is tot die bestaan van 'n neef, moet ons sê: "Die absolute is 'n neef". Dit is die antitesis. Die bestaan van 'n neef impliseer egter weer die bestaan van 'n oom. Nou word ons verplig om te sê dat die Absolute die geheel is wat saamgestel is uit oom en neef. Dit is die sintese. Hierdie sintese is egter onbevredigend, want 'n mens kan 'n oom wees slegs as hy 'n broer of 'n suster het wat die ouer is van die neef. Ons word genoodsaak om ons wêreld te verbreed deur ook broer en suster in te sluit, met hul eggenotes. So kan ons voortgaan tot ons by die sluiting van die dialektiek uitkom, wat dan die "Absolute Idee" is. Dwarsdeur die hele proses is daar die onderliggende veronderstelling dat niks werklik waar kan wees behalwe as dit die realiteit as geheel insluit nie.

³¹ Jameson (1971:3-205) gee 'n demonstrasie van sy dialektiese benadering as hy "sisteme" of gedeeltelike sisteme neem (Adorno oor dialektiese evolusie in tyd; Benjamin, Marcuse en Bloch oor die essensiële hermeneutiese of demistifiserende en terselfdertyd herstellende aard van dialektiese denke; Lukács oor die simptomatiese verhouding tussen die artistieke konstruksie en die onderliggende realiteite van die sosiale lewe self; Sartre oor die verskuilde en onverskuilde aard van hierdie realiteite as klasse-antagonisme), en toon hoe hierdie sisteme mekaar "voltooi", hoe hul oënskynlike teenstrydighede in 'n groter dialektiese sintese oplos.

Hierdie **dialektiese ingesteldheid** van Jameson asook sy beskouing van die **politieke onbewuste** speel 'n belangrike rol in sy benadering tot literêre betekenisvorming.

4.2 DIALEKTIESE BENADERING TOT BETEKENISVORMING

Jameson (1971:406) stel dit duidelik dat dialektiese kritiek die twee dimensies, die individuele en die sosio-ekonomiese, nie aan mekaar verwant máák nie, omdat hulle altyd verwant is. Dialektiese kritiek artikuleer bloot die werk en sy inhoud op so 'n manier dat hierdie verhouding sigbaar word.

Dialektiese kritiek "isoleer" nie individuele literêre werke vir ontleding nie. Die monografiese studie van 'n individuele skrywer is vir Jameson 'n kunsmatige isolasie wat 'n optiese illusie van totaliteit aanbied. In sy beskouing dat die teks in 'n dialektiese verhouding tot die sosiale realiteit staan, sluit hy aan by Hegel (1966:224) se beskouing dat die individu altyd deel van 'n groter struktuur is. Hy is nie self 'n totaliteit nie, maar is deel van 'n geheel wat 'n versameling van individualiteite is.³² Die geheel se aktiwiteite is verdeel in oneindige aantal deeltjies sodat die individu slegs 'n klein partikel is. Hy is nie 'n verseëlde eenheid nie, maar afhanklik van ander, eksteme invloede, wette, politieke strukture, gesinsbetrekkinge, ensovoorts (Jameson, 1971:353). Die individu bestaan dus in 'n dialektiese verhouding met sy omgewing, so ook die literêre teks, en so ook die literêre kritiek wat self afhanklik is van 'n veranderende historiese situasie (Jameson, 1971:355). Literêre betekenisvorming sal dus binne dialektiese verhoudings plaasvind, soos verhoudings tussen teks en agtergrond, en tussen vorm, inhoud en sosiale realiteit.

4.2.1 Dialektiek van teks en agtergrond: die plasing in 'n diachroniese sekvens

Vir Jameson (1971:313) is die eerste probleem wat binne 'n dialektiese literêre teorie raakgeloop word, dié van die eenheid van die literêre werk self, sy bestaan as 'n outonome geheel. Indien die werk as 'n outonome geheel bestaan, sal dit weerstand bied teen 'n assimilasië met die totaliteit van die historiese hede en teen

³² Goldmann (1981:41) benader dit vanuit die hoek van die **transindividuele subjek** wat 'n kollektiewe subjek is wat implisiet gevorm word in die gedrag van die individue wat in die ekonomiese, politieke en sosiale lewe deelneem.

'n assimilasië met historiese vorme. Die kritikus moet dan besef dat die **outonomie van die werk self 'n dialektiese verskynsel** is,³³ en dit lees as 'n werk in 'n gegewe vorm teen 'n genre-agtergrond, soos die Russiese Formaliste gedoen het. Die implisiete model is hier dié van Gestalt-psigologie, met sy dialektiek van vorm en agtergrond.³⁴ Tog kan hierdie verhouding tussen die individuele geheel en die totaliteit ook op 'n ander manier beskou word. Jameson (1971:314) wys hier op T. S. Eliot se insig dat die bestaande orde reeds voltooid is as 'n nuwe werk arriveer, maar dat die hele bestaande orde deur die nuwe werk verander word, en die waarde en verhouding van elke kunswerk tot die geheel gewysig word. Jameson is 'n voorstander daarvan dat die literêre werk in 'n diachroniese sekwens geplaas word:

For us... the concept of a global totality is not as methodologically useful as the smaller idea of limited sequences which are modified by the addition of a new term, itself perceived against the continuum of which it is a part (Jameson, 1971:314).

³³ Terwyl die outonomie van die werk vir Jameson 'n dialektiese verskynsel is, **reflekteer** 'n kunswerk vir Lukács weer die volle proses van lewe in sy **totaliteit**. Die kunswerk moet in die regte verhoudings alle belangrike faktore van daardie gedeelte van die lewe wat dit verteenwoordig, korrek weergee.

It must so reflect these that this area of life becomes comprehensible from within and from without, re-experiencable, that it appears as a totality of life (Lukács, 1974:38).

Met "totaliteit van lewe" bedoel Lukács natuurlik nie die hele lewe met alles wat dit omvat nie. Dit maak nie saak of die kunswerk die hele gemeenskap wil uitbeeld, of 'n kunsmatig geïsoleerde insident nie, die doel is om die intensiewe totaliteit van die onderwerp uit te beeld, die totaliteit wat nodig is om die insident lewenswaardig uit te beeld. Al die belangrike faktore wat in die objektiewe realiteit die basis van die besondere insident vorm, sal dus ingesluit moet word.

Terwyl Lukács en Goldmann die werk as 'n verenigde totaliteit beskou, verwerp Macherey (1978:154) weer hierdie beskouing. Vir hom bevat die teks openinge en stiltes wat dit altyd "onvoltooid" laat; die teks is ideologies "verbied" om sekere dinge te sê. Die werk is dus nie net aan ideologie verbind deur wat dit sê nie, maar ook deur wat dit nie sê nie. Dit is vir hom dan juis in die betekenisvolle stiltes van die teks, waar "ideologie" gevind word. Die kritikus se rol is ook vir Macherey belangrik, want hy moet die stiltes laat "praat". In plaas van 'n samehangende geheel, vertoon die teks 'n kontras en konflik van betekenisse en die betekenis van die werk lê eerder in die verskil as in die eenheid tussen die betekenisse.

³⁴ Goldmann (1976:512) sit die dialektiese argument soos volg uiteen: as die geheel, die relatiewe totaliteit groter is as die som van sy dele, is dit bedrieglik om te dink dat dit vanuit die bestudering van die samestellende elemente verstaan kan word. Aan die ander kant is dit duidelik dat die eensydige bestudering van die geheel ook nie sal werk nie omdat die geheel slegs uit die som van die dele en hul verhoudings bestaan. Die oplossing lê vir Goldmann in 'n voortdurende **ossilasië** tussen die geheel en sy dele.

Hy gee 'n benadering tot Flaubert as voorbeeld: om te sê Flaubert is "sui generis" is niksseggend; maar om te sê dat hy nie Balzac of Zola, Engelse en Russiese romanskrywers uit dieselfde periode as hy is nie, is om ons kennis van Flaubert te verryk deur hom in 'n ander tipe diachroniese sekvens te plaas.

4.2.2 Dialektiek tussen vorm, inhoud en sosiale realiteit

Dieselfde dialektiese werking wat tussen die nuwe en die oue plaasvind (soos hierbo beskryf), kan ook gevind word tussen vorm en inhoud: latente inhoud kan deurwerk na die oppervlakte om 'n verouderde vorm te verplaas (Jameson, 1971:327). Verandering is dan 'n funksie van die inhoud wat toereikende uitdrukking in die vorm soek. Dialektiese denke verskil dus van die vorm-dominerende model wat deur Aristoteles ontwikkel is. Die dialektiese benadering beskou vorm nie as 'n soort gietvorm vanwaar vertrek word nie, maar eerder as 'n eindpunt, as die finale artikulering van die dieper logika van die inhoud self.

Jameson (1971:331) beweer dat die logika van inhoud op die lang duur sosiaal en histories van aard is. Om die verhouding tussen die artistieke feit en die groter sosiale en historiese sosialiteit waarmee dit ooreenstem uit te druk, vereis 'n verruiming van die kritikus se gesigskring.

Ons kry dus 'n dialektiek wanneer die latente inhoud uitdrukking in die vorm soek, en hierdie "gevormde inhoud" op sy beurt weer die tegniese analise van die idee (die formulering in alternatiewe kodes: as literêre struktuur, as geleefde waarheid van 'n bepaalde sosiale organisasie, ensovoorts) vertaal in die waarheid van die geleefde realiteit van sosiale geskiedenis.³⁵

It is clearly the most urgent task of a genuinely dialectical criticism to regain, on the occasion of a given work of art, this ultimate reality to which it corresponds...(Jameson, 1971:354).

³⁵ Hierdie kwessie word duidelik uit Lukács (1974:48) se beskouing dat vorm byvoorbeeld die rol speel om die konkreetheid van die realiteit te vestig. Die lewenswette wat gereflekteer word, is inhoudsfaktore, maar terselfdertyd faktore wat deur artistieke vorm te voorskyn kom. Die artistieke vorm verander dan weer in inhoud, byvoorbeeld wanneer van 'n paar karakters in 'n drama gebruik gemaak word om 'n massa uit te beeld. Die vorm wat die kunswerk aanneem, skep die indruk van 'n massa, wat eintlik inhoud is.

Literêre betekenisvorming sal in Jameson se benadering dus nie bloot in die teks gevind word nie, maar in die dialektiek tussen teks en agtergrond, tussen vorm, inhoud en sosiale realiteit soos hierbo beskryf. Soos verderaan gesien sal word, word hierdie dialektiek onderlê deur die politieke onbewuste, wat deel vorm van die politieke perspektief in Jameson se benadering.

4.3 POLITIEKE PERSPEKTIEF

Binne 'n Marxistiese benadering waar die slagspreuk "always historicize" is, kan volgens Jameson (1981:9) twee paaie gevolg word: die pad van die objek en dié van die subjek. Die pad van die objek sal dan uit die objektiewe strukture van 'n teks bestaan, wat die historisiteit van sy vorme en inhoud behels, die historiese moment van die verskyning van sy linguistiese moontlikhede, die situasie-gebonde funksie van sy esteties. Die pad van die subjek behels die interpreterende kategorieë of kodes waarmee die teks ontvang word. In sy The political unconscious volg Jameson die pad van die **subjek**. Hiervolgens word die teks nooit as "Ding-an-sich" benader nie, maar as "die-altyd-alreeds-geleeste". Die teks word deur gesedimenteerde lae van vorige interpretasies benader, of, as die teks nuut is, deur die gesedimenteerde leesgewoontes wat deur interpretasietradisies oorgeërf is. Vir Jameson is die objek van studie dus nie die teks self nie, maar die "metakommentaar" waarvolgens die teks in terme van 'n meesterkode herskryf word. Die meesterkode word geïdentifiseer en in jukstaposisie met 'n dialektiese of totaliserende Marxistiese benadering geplaas waardeur die illusie van die selfgenoegsaamheid van die lesing uitgewys word. Op hierdie manier wil Jameson (1981:10) die kontemporêre benaderings (die etiese, psigo-analitiese, mities-kritiese, semiotiese, strukturele en teologiese) in die Amerikaanse literatuurstudie evalueer, of nog meer:

One of the essential themes of this book will be the contention that Marxism subsumes other interpretive modes or systems; or, to put it in methodological terms, that the limits of the latter can always be overcome, and their more positive findings retained, by a radical historicizing of their mental operations...(Jameson, 1981:17).

Ook wil hy hiermee die politieke perspektief vaslê: die politieke interpretasie is nie bloot 'n supplementêre metode of 'n hulpmiddel by ander interpreterende metodes

nie, maar dit is die absolute horison van alle lees en alle interpretasie (Jameson, 1981:17).

Dit is jammer dat Jameson hier van 'n verrykende aspek van sy teorie 'n inperkende aspek maak. Deur 'n politieke interpretasie die absolute horison te maak, vereng hy betekenisvorming tot die politieke, en verder nog, tot Marxistiese politiek.

4.3.1 Die politieke onbewuste

Die politieke perspektief is gebaseer op die "groot kollektiewe verhaal", die enkele fundamentele tema wat deur Marxistiese benaderings gedeel word: "the collective struggle to wrest a realm of Freedom from a realm of Necessity" (Jameson, 1981:19). Hierdie verhaal is die geskiedenis van klassestryd: tussen meester en slaaf, onderdrukker en onderdrukte. Dit is dan hierdie fundamentele tema wat Jameson (1981:20) by die "politieke onbewuste" uitbring.

It is in detecting the traces of that uninterrupted narrative, in restoring to the surface of the text the repressed and buried reality of this fundamental history, that the doctrine of a political unconscious finds its function and its necessity.

Binne hierdie benadering is daar niks wat nie sosiaal en histories is nie, maar alles is "in die laaste instansie" politiek. Daar is dus nie iets soos 'n nie-politieke teks nie. As 'n "afwesige oorsaak" is die geskiedenis slegs in tekstuele vorm vir ons toeganklik, en ons benadering tot geskiedenis en tot die Werklike gaan deur sy tekstualisering in die politieke onbewuste (Jameson, 1981:35).³⁶

Jameson se benadering herinner hier sterk aan die werk van die psigoterapeut. Soos die psigoterapeut, is die kritikus se taak hier om die "volle spraak" van die teks te herstel. Die verskil is hier net dat dit die "teks van geskiedenis" is. Tog wil Jameson (1981:62-69) hier uitstyg bo die "reductiveness of the Freudian master

³⁶ Jameson se "politieke onbewuste" kan met Macherey se **afwesigheid** vergelyk word. Vir Macherey (1978:80) word die teks begelei deur 'n "afwesigheid" waarsonder dit nie kan bestaan nie, want dit is eintlik deel van sy materiële wesenlikheid - dit is die beginsel van sy identiteit en sy spraak kom uit 'n sekere afwesigheid voort:

it circles about the absence of that which it cannot say, haunted by the absence of certain repressed words which make their return.

narrative" wat binne die ideologie van die "kerngesin" bly, en hy wil die antihistorisisme of estetiese solipsisme wat dikwels aan die poststrukturalisme toegeskryf word, probeer vermy. Hy doen dit deur alles "in die laaste instansie" as politieke konstruksies te verklaar. Dit hou die implikasie in dat die Freudiaanse "onbewuste" ook 'n ideologiese subjek word. Daar is met ander woorde geen onderskeid meer te maak tussen die "werklike onbewuste" en die politieke onbewuste nie. Die politieke onbewuste is die latente struktuur wat onder alles lê.

Die "politieke onbewuste" kan op twee maniere geles word, dat die politieke onbewus is, en dat die onbewuste polities is. In die eerste proposisie maak Jameson van Lacan, Althusser en Freud se insigte gebruik. Hy assosieer Lacan se konsep van die reële³⁷ met Althusser se definisie van geskiedenis as "afwesige oorsaak" en dit word beide verbind met die Freudiaanse konneksie tussen taal en die onbewuste. Soos die Freudiaanse onbewuste is die geskiedenis 'n onderdrukte en weggesteekte realiteit en vind die politieke onbewuste sy "funksie en noodsaak" in die ontdekking en herstelling van hierdie onderdrukte realiteit.

Die tweede proposisie, dat die onbewuste polities is, brei die idee van die Freudiaanse onbewuste verby die grense van die individuele uit. Dit spruit uit Lacan se insluiting van die simboliese orde, wat lei tot die insluiting van die subjek se vorming in geskiedenis en ideologie, en wat deur Althusser (1971:195-219) "the Law of Culture" genoem word.

4.4 BETEKENISVORMING DEUR DRIE SEMANTIESE HORISONNE

In Jameson (1981:60) se benadering tot interpretasie stel hy "strong rewriting" teenoor "weak rewriting". "Weak rewriting" is 'n herskrywing van etiese kodes wat op een of ander manier die eenheid en samehang van bewussyn projekteer. Hy is

³⁷ Die "reële" is vir Lacan die gegewe veld van redelose bestaan wat slegs deur middel van betekenisgewende praktyke hanteer kan word: die imaginêre ontdek ooreenkomste en die simboliese vestig verskille (Gräbe, 1992:392).

Lacan se gebruik van die reële stel Jameson in staat om verby 'n onhoudbare naïewe materialisme te beweeg as hy daardeur die direkte toegang tot die "werklike wêreld" omseil. Die reële oriënteer sy analise van die politieke funksie van die vertelling na die fundamentele basis van geskiedenis toe. Dit het dan ook 'n direkte invloed op die drievlakkige interpretasiesisteem wat Jameson aanbied waardeur die vertelling as 'n sosiaal simboliese daad gevestig word. Geskiedenis word slegs in tekstuele vorm toeganklik.

egter 'n aanhanger van "strong rewriting" wat altyd, indien nie 'n konsepsie van die onbewuste self nie, die een of ander meganisme van mistifikasie of repressie aanhang waarvolgens dit sinvol sal wees om 'n latente agter 'n manifeste betekenis te soek, of om die oppervlakte-kategorieë van 'n teks in die sterker taal van 'n meer fundamentele interpreterende kategorie te herskryf. Jameson bied self so 'n interpreterende kategorie as drie uitkringende semantiese horisonne aan, soos hieronder bespreek word.

In 'n "strong rewriting" word die formele effek van die politieke onbewuste as afwesige oorsaak deur drie wyer wordende semantiese horisonne nagespeur. Binne hierdie uitkringende sosiale velde met die politieke onbewuste as kern, vind betekenisvorming voortdurend op 'n dialektiese wyse plaas tussen die sosiale basis van die teks en die teks as simboliese daad.


Betekenisvorming vind deur totaliserende interpreterende kritiek plaas wat ook gebruik maak van sferen en vlakke buite die teks. Sodanige oënskynlik ekstrasieke werkinge word dan weer in die dialektiese raamwerk teruggetrek soos wat die raamwerk uitbrei en sistematies getotaliseer word. Die dialektiese betekenisvorming waarvan Jameson (1981:57) gebruik maak, kom hier duidelik na vore:

Thus, it can be argued that this type of interpretation, while containing a transcendent moment, foresees that moment as merely **provisionally** extrinsic, and requires for its completion a movement to the point at which that apparently external content (political attitudes, ideological materials, juridical categories, the raw materials of history, the economic processes) is then at length drawn back within the process of reading.

In so 'n benadering is die werk nie 'n genetiese proses wat voortkom uit 'n bestaande vorm of styl nie; so 'n benadering het die rekonstruksie van die unieke historiese materiaal (inhoud, narratiewe paradigmas, stilistiese en linguistiese praktyke) wat vir die spesifieke teks relevant is, tot gevolg.

Jameson (1981:75) verdedig Marxistiese kritiese insigte as 'n uiteindelijke semantiese voorvereiste vir die verstaanbaarheid van literêre en kulturele tekste. Hy bied sodanige semantiese verryking van die gegewe en materiale van 'n teks

binne drie konsentriese raamwerke (semantiese horisonne) aan waardeur betekenisvorming deur die wyer uitkringende sosiale basis van die teks plaasvind.³⁸



Die eerste horison is dié van **politieke geskiedenis** in die eng sin van presiese gebeure en opeenvolging van gebeurtenisse in tyd; die tweede is dié van **gemeenskap** in die minder diachroniese en tydgebonde sin van spanning en worsteling tussen sosiale klasse; derdens die horison van die **geskiedenis as 'n geheel**, die produksiemodusse en opeenvolging van sosiale formasies, van die prehistoriese lewe tot in die verre toekoms. Hierdie onderskeie semantiese horisonne kan ook as onderskeie momente in die interpretasieproses gesien word, as opeenvolgende fases van ons herlees van die literêre teks.

³⁸ Goldmann (1976:500, 1981:18) maak ook van 'n dialektiese metode gebruik, wat hy 'n **geneties-strukturalistiese metode** noem. Die ossilasie tussen die teks en die historiese totaliteit vind in Goldmann se terminologie geneties-strukturalisties plaas as die interne struktuur van die teks deur wyer en wyer strukture omsluit word: eers word die interne struktuur van die teks bepaal (deur Goldmann **begrip** genoem) en dan word die teks in intellektuele, politieke, sosiale en ekonomies gestruktureerde sosiale groeperings geplaas. Die teks word dan as gedeeltelike element in hierdie groeperings geïntegreer en homologieë word tussen die struktuur van die werk en die struktuur van die politieke bewussyn van die sosiologiese groeperings gevestig (deur Goldmann **interpretasie** genoem). Hier word dan tot 'n nuwe "begrip" gekom waarna hierdie nuwe "struktuur" in 'n strukturele groepering geplaas word wat tot 'n nuwe "interpretasie" aanleiding gee. So kan voortgegaan word om verdere homologieë tussen die teks en wyer strukture te vind.

4.4.1 Eng historiese semantiese horison: die teks as simboliese daad

In hierdie beskouing val die teks saam met die individuele literêre werk. Hierdie benadering verskil van die gewone individuele eksegeese in die opsig dat dit as "simboliese daad" beskou word. En as die teks as simboliese daad gelees word, moet dit as die oplossing van bepaalde kontradiksies verstaan word. (Die nosie van kontradiksie staan sentraal in enige Marxistiese kulturele analise.) Jameson (1981:77) gebruik Lévi-Strauss as model om die basies-interpreterende beginsel hier te verduidelik, naamlik dat die individuele formele struktuur as die verbeelde oplossing vir 'n werklike kontradiksie beskou word.³⁹ Op hierdie manier het die visuele teks van die Caduveo-gesigskuns 'n simboliese daad gekonstitueer, waardeur werklike sosiale kontradiksies, wat nie deur hulleself opgelos kon word nie, formele oplossing gevind het in die estetiese.

Lévi-Strauss se werk gee ons reeds 'n kykie in die "politieke onbewuste" as hy die primitiewe mense aanbied wat sodanig deur die dinamiek en kontradiksies van hul relatief eenvoudige stamorganisasies verwar word, dat hulle nie konsepsionele oplossings daarvoor kan aanbied nie, maar dekoratiewe of mitiese oplossings in hulle kuns projekteer. Die probleem lê dus iewers in die politieke onbewuste en sal op 'n veel kompleksere manier in die politieke onbewuste van moderne gemeenskappe gemanifesteer word. Die politieke onbewuste speel dus 'n belangrike onderliggende rol in die betekenisvorming wat binne die semantiese horisonne plaasvind.

Die manier waarop Jameson hier van die eksterne realiteit gebruik maak, stem nie ooreen met die tradisionele nosie van "konteks" soos in ouer sosiale en historiese kritiek nie. Die literêre teks word hier op so 'n manier herskryf dat die teks self beskou kan word as die herskryf of herstrukturering van 'n vorige historiese of ideologiese "subteks". Daardie "subteks" is nie onmiddellik teenwoordig nie, is nie die gewone eksterne realiteit nie, ook nie konvensionele "geskiedenis" nie, maar is self 'n rekonstruksie van feite (Jameson, 1981:81). "Realiteit" word dus nie

³⁹ Ook vir Macherey (1977:19) word tekste romdom materiële en sosiale konflikte gekonstrueer waarvoor hulle dan verbeelde oplossings aanbied. Mens kan dus sê dat realiteit en geskiedenis ook 'n bydrae lewer om hierdie fiksie te produseer.

Vir Eagleton (1982:80), weer, is die skynwerklikheid nie te korreleer met die historiese werklikheid nie, maar word gevorm deur die **ideologie** wat op sy beurt uit die werklikheid (geskiedenis) ontspring.

toegelaat om buite die teks te bly nie. Die estetiese daad trek die reële in sy eie tekstuur in om dit aan die verandering van vorm te onderwerp. Geskiedenis self is nie 'n teks nie - Althusser se "afwesige oorsaak"; Lacan se "Real" - maar is slegs in tekstuele vorm toeganklik.⁴⁰

Soos ons gesien het, bly sosiale kontradiksie 'n "afwesige oorsaak". Die subteks is dan die plek van sosiale kontradiksie. Jameson (1981:82) onderskei ook 'n tweede subteks, wat die plek van ideologie is, en die vorm aanneem van die "aporia" of "antinomie" (teenstrydigheid). Die sosiale kontradiksie kan deur die werking van suiwer denke opgelos word, terwyl die antinomie konsepsioneel paradoksaal is, ondenkbaar - dit kan nie deur suiwer denke ontgeloop word nie. Dit moet gevolglik 'n narratiewe apparaat, naamlik die teks self, genereer, om die ondraaglike sluiting deur narratiewe beweging te verdryf. Ons kan hier dus 'n sisteem van antinomieë kry wat die simptomatiese uitdrukking is van 'n sosiale kontradiksie.

Die onderskeiding tussen 'n kontradiksie en 'n antinomie soos hier aangewend, bring Jameson (1981:83) by die koördinering van 'n semiotiese en 'n dialektiese metode uit. Die sukses van 'n semiotiese analise spruit uit sy modellering van ideologiese sluiting en die artikulering van binêre opposisies. 'n Dialektiese herevaluering van die bevindings van die semiotiek vind plaas wanneer hierdie hele sisteem van ideologiese sluiting as die simptomatiese projeksie van iets heel verskillends, naamlik sosiale kontradiksie, beskou word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n halssnoermoord binne 'n teks as 'n imaginêre oplossing aangebied word vir die binêre opposisie, **vryheidstryd/moord**. Hierdie binêre opposisie (waarop die semiotiese analise se artikulering sou sluit) vorm vir die dialektiese metode egter deel van 'n sisteem van antinomieë wat die simptomatiese projeksie van 'n sosiale kontradiksie uitmaak.

Die artikulasie van hierdie tipe horison kan veral gevind word in die politieke "allegorie" soos in toespelings op aktuele omstandighede in Spenser, Milton of Swift, of in simboliese verhale van klassevertegenwoordigers of "tipes" soos in die romans van Balzac.

⁴⁰ Die simboliese daad van die teks sluit dus twee funksies in: die aktiewe daad waardeur die teks die subteks herorganiseer, en die erkenning van die verbeelde status wat spruit uit die sosiale realiteit. Word een ten koste van die ander oorbeklemtoon, word louter ideologie geproduseer: die beklemtoning van eersgenoemde lei tot die ideologie van strukturalisme, en die tweede tot die ideologie van vulgêre materialisme.

Hierdie benadering van Jameson "voltooi" die metode van die konvensionele sosiologie van literatuur wat hulle beperk tot die identifikasie van klassewaardes en die blote "refleksie" deur die kunswerk van hierdie sosiale agtergrond. Betekenisvorming vind vir Jameson nie bloot deur refleksie plaas nie, maar deur die artikulering van die teks se fundamentele kontradiksie.

4.4.2 Semantiese horison van die sosiale orde: teks as ideologeem

Die semantiese horison waarbinne die kulturele objek beskou word, word hier verbreed deur die insluiting van die **sosiale orde**. Die sosiale word sigbaar, en individuele verskynsels word as sosiale feite en instellings onthul wanneer die organiserende kategorieë van analise dié van sosiale klas word. Die objek van analise word hierdeur dialekties verander. Dit word nie meer as individuele "teks" in die eng sin beskou nie, maar dit word hersaamgestel in die vorm van die groot kollektiewe en klassediskoerse waarvan die teks nie veel meer as 'n individuele "parole" of uiting is nie. Binne hierdie nuwe horison bied Jameson (1981:76) die objek van studie as **ideologeem** aan, dit is die kleinste verstaanbare eenheid van die essensieel antagonistiese kollektiewe diskoerse van sosiale klasse.

Omdat Marxisme "klasse" altyd relasioneel sien, is die inhoud van klasse-ideologie ook relasioneel. Die "waardes" van die heersende klas word altyd teenoor dié van 'n opponerende klas gedefinieer. Die heersende klas sal strategieë ondersoek om sy eie posisie te legitimeer, terwyl die opponerende kultuur die dominante waardesisteem probeer ondermyn. Jameson (1981:84) sien klassediskoers (die kategorieë waarbinne individuele tekste en kulturele verskynsels herskryf word) in navolging van Mikhail Bakhtin as essensieel "dialogies". Net soos die dialogiese vorm antagonisties is, is die dialoog van klasseworsteling 'n geveg tussen twee opponerende diskoerse binne die eenheid van 'n gedeelde kode.

In hierdie tweede horison van Jameson vind betekenisvorming weer eens deur middel van kontradiksies plaas. Waar die kontradiksie van die eerste horison eensternig is, en beperk tot die situasie van dié individuele teks en tot individuele simboliese oplossing, neem kontradiksie hier 'n dialogiese vorm aan as die onversoenbare eise en posisies van antagonistiese klasse.

Jameson (1981:85) maak van die linguistiese metafoor "parole/langue" gebruik om dié individuele teks in terme van die tweede horison te herskryf. Die teks word

benader as 'n "parole" of individuele uiting van 'n "langue" of klassediskoers. Tog behou die individuele teks sy formele struktuur as 'n simboliese daad, behalwe dat die waarde en aard van sodanige simboliese aksie betekenisvol gemodifiseer en vergroot word. Hier word die individuele teks 'n simboliese deel van 'n essensieel polemiese en ideologiese konfrontasie tussen die klasse. Om dit in hierdie terme te beskryf, bied Jameson (1981:85) 'n stel gereedskap aan.

Eerstens moet die voorkoms van isolasie of outonomie wat die gedrukte teks projekteer, ondermyn word. Die proses van kulturele universalisering moet dus in hierdie tweede semantiese horison teëgewerk word. Kulturele universalisering impliseer die onderdrukking van die opposisionele stem, asook die illusie dat daar net een regte "kultuur" is. En dis om hierdie universalisering teen te werk dat Jameson Bakhtin se dialogiese sisteem wil gebruik. Die kulturele monumente en meesterwerke is die stem van 'n heersersklas en beklee dus nie 'n relasionele plek in 'n dialogiese sisteem nie. Om die dialogiese sisteem te herstel, moet die aanvanklik opponerende stem - wat tot stilte gereduseer is, of gemarginaliseer is - kunsmatig gerekonstrueer word.

Binne hierdie dialogiese raamwerk word die sogenaamde "populêre kultuur" (volksliedere, feëverhale, die okkulte), die gemarginaliseerde stemme van swart of etniese kulture en vroue- en gayliteratuur gerekonstrueer. Die bevestiging van sodanige nie-hegemoniese kulturele stemme bly egter oneffektief as dit beperk word tot die bloot "sosiologiese perspektief" van die pluralistiese herontdekking van ander geïsoleerde sosiale groepe. Hulle moet herstel word tot die dialogiese sisteem van sosiale klasse, en om dit te doen, moet hulle herskryf word in terme van polemiese en ondermynende strategieë. Betekenisvorming vind dus deur middel van polemiese en ondermynende strategieë plaas, en nie bloot deur die aanbieding van 'n ander perspektief nie. Jameson (1981:86) gee die voorbeeld van Bloch se lees van die feëverhaal waardeur die dialogiese inhoud van hierdie vorm herstel word deur dit aan te bied as 'n sistematiese dekonstruksie en ondermyning van die hegemoniese aristokratiese vorm van die epiek.

Hierdie dialogiese klassehorison is rondom minimale "eenhede" georganiseer. Jameson (1981:87) noem dit **ideologeme**. Die ideologem is 'n amfibiese formasie wat homself op 'n tweeledige manier kan openbaar: as 'n "pseudoïdea" ('n konsepsionele- of geloofsisteem, 'n abstrakte waarde, 'n opinie of vooroordeel) en as 'n "protovertelling" ('n soort klassefantasie oor die "kollektiewe karakters" wat die

klasse in opposisie is). Dit is dus tegelykertyd ontvanklik vir 'n konsepsionele beskrywing en 'n narratiewe manifestasie; 'n filosofiese sisteem en 'n kulturele teks. Die analis se taak is eerstens om die ideologeem te identifiseer. 'n Voorbeeld van 'n ideologeem is die "ontmaskering" van etiek en die etiese binêre opposisie van goed en kwaad as een van die fundamentele vorme van ideologiese denke in die Westerse kultuur. Die ideologeem toon aan ons die verstrengeldheid van opinie en fantasie. Jameson (1981:88) bied 'n voorbeeld aan hoe daar in die geval van Balzac 'n ideologiese en politieke "waardesisteem" uit die dinamiek van 'n fantasie gegenereer word.

4.4.3 Die horison van geskiedenis as geheel: produksiemodus en opeenvolging van sosiale formasies. Die teks as ideologie van vorm

Die waardes en passies van 'n sosiale formasie word hier in 'n gerelativeerde perspektief geplaas deur die uiteindelijke horison van die geskiedenis as 'n geheel. Op sy beurt ondergaan die individuele teks en sy ideologeme 'n finale transformasie deur hul besondere posisies in die komplekse sekvens van produksiemodusse. Jameson (1981:76) stel voor dat hulle gelees word in terme van die **ideologie van vorm** wat die simboliese boodskappe is wat aan ons oorgedra word deur die saambestaan van verskeie tekensisteme wat self spore van produksiemodusse is. Die betekenisgewende eenheid is hier dus die "produksiemodus".

Jameson ondersoek die konsepte van die **sinchroniese** en die **tipologiese** as moontlike struikelblokke as betekenisvorming deur die produksiemodus plaasvind. Jameson (1981:90) ondersoek eers die vraag of die konsep "produksiemodus" 'n sinchroniese konsep is of nie. Die gevaar van 'n sinchroniese denke is dat verandering en ontwikkeling verplaas kan word na die gemarginaliseerde kategorie van die blote "diachroniese", wat bykomstig en nie-betekenisvol is. Jameson (1981:91) wys daarop dat die kultuur se integrasie in 'n sinchroniese model kulturele produksie van al sy antisistemiese kapasiteite kan leeg maak, en dat hy selfs die werke van 'n openlike opposisionele of politieke standpunt kan "ontmasker" as werktuie wat deur die sisteme self geprogrammeer is. Deur middel van sy reeks vergrote historiese horisone wil Jameson hierdie hinderlike sinchroniese raamwerke se gebruikswaarde en geskikte analitiese plek aandui.

Die teoretiese probleme van sinchroniese sisteme lê in wat in 'n Marxistiese perspektief genoem word hul "infrastrukturele herbegroning" ("infrastructural

regrounding"). Sodanige sisteme val in twee algemene groepe, wat deur Jameson (1981:92) die "harde" en die "sagte visies" van die totale sisteem genoem word. In die harde sisteem word domineringsmeganismes gebruik om die natuur objektief en subjektief te okkupeer en te organiseer. Jameson assosieer hierdie groep teorieë met name soos Weber en Foucault. Vir die "sagte visie"-groep is die eienskappe van die totale sisteem van die kontemporêre wêreldgemeenskap minder dié van politieke dominerings as dié van kulturele programmering en penetrasie. Hierdie tweede groep kan met name soos dié van Jean Baudrillard en die Amerikaanse teoretici van die "postindustriële gemeenskap" geassosieer word. Aan die een kant het ons die nagmerrie van totale beheer, en aan die ander kant die polimorfiese of skisofreniese intensiteite van 'n uiteindelijke kontrakultuur. Nie een van die twee analyses aanvaar die Marxistiese bepaaldheid van die ekonomiese nie. Die ekonomiese word 'n sekondêre en nie-bepalende plek toegeken onder die nuwe dominante politieke mag of kulturele produksie.

Die tweede struikelblok as die teks binne die produksiemodus geplaas word, is die gevaar dat die verskillende produksiemodusse klassifiserend of tipologiserend gebruik kan word - die kulturele teks word eenvoudig op 'n steriel klassifiserende manier in 'n kompartement geplaas.

Jameson (1981:95) los die probleme van die sinchroniese sisteem en die tipologiese versoeking op deur van Nicos Poulantzas se beskouing van die "sosiale formasie" gebruik te maak. Vir hom bestaan elke sosiale formasie of historiese bestaande gemeenskap in die ooreenplasing en strukturele saambestaan van verskeie produksiemodusse gelyktydig. Dit sluit in oorblyfsels en oorlewings van ouer produksiemodusse wat nou in struktureel afhanklike posisies binne die nuwe geplaas word, asook antisiperende neigings wat nog nie met die bestaande sisteem versoen is nie. Die sinchroniese beswaar is hier nie meer geldig nie, omdat die historiese saambestaan van verskeie produksiemodusse in hierdie sin nie sinchronies is nie, maar op 'n dialektiese manier "oop" is vir die geskiedenis. Ook is die versoeking om tekste volgens die toepaslike produksiemodus te klassifiseer, uit die weg geruim omdat die tekste in 'n ruimte tevoorskyn tree waar hulle deurkruis kan word deur 'n verskeidenheid impulse van teenstellende kulturele produksiemodusse gelyktydig.

Jameson (1981:95) bied nou die manier aan waarop betekenisvorming in hierdie derde horison plaasvind. Ons het alreeds gesien dat dit nie in die konsep van 'n

individuele produksiemodus kan bestaan nie, ook nie in 'n besondere sosiale klas in isolasie van ander nie. Betekenisvorming vind in die derde horison as **kulturele rewolusie** plaas,

...that moment in which the coexistence of various modes of production becomes visibly antagonistic, their contradictions moving to the very centre of political, social, and historical life (Jameson, 1981:95).

Jameson se benadering het begin met die idee dat 'n gegewe sosiale formasie uit die saambestaan van verskeie sinchroniese sisteme of produksiemodusse bestaan, elk met sy eie dinamiek of tydskema. In hierdie derde horison het hy uitgekom by 'n beskrywing van kulturele rewolusie wat uitgedruk word in die meer diachroniese taal van sistemiese transformasie. Hier word die diachroniese manifestasie gevind vir 'n voortdurende worsteling vir die voortbestaan van die sistemies dominante tussen ouer en nuwer produksiemodusse wat weerstand bied teen assimilasie.

Binne hierdie finale horison word die kulturele teks geherstruktureer as 'n veld van kragte waarin die dinamiek van tekensisteme van onderskeie produksiemodusse begryp kan word. Jameson noem hierdie dinamiek, wat die nuwe gekonstitueerde "teks" van die derde horison is, die **ideologie van vorm**. Dit is die afgebakende kontradiksie van die spesifieke boodskappe voortgebring deur die verskillende tekensisteme wat in 'n gegewe artistieke proses en in die algemene sosiale formasie saambestaan.

Jameson (1981:99) wys daarop dat "vorm" op hierdie vlak verstaan moet word as "inhoud". Die studie van die ideologie van vorm is gebaseer op 'n formalistiese analise in die enger sin, maar 'n dialektiese omkering vind plaas waarin sodanige formele prosesse as gesedimenteerde inhoud in eie reg verstaan word. Hulle dra dan ideologiese boodskappe van hul eie, onderskeie van die klaarblykbare inhoud van die werke. Ook verskil dit van die eng formele benadering deur sy betrekking met openlike politieke en teoretiese belange. Kyk byvoorbeeld na die verhouding van Marxisme tot feminisme: seksisme en die patriargale is die gesedimenteerde vorme van vervreemding wat voortgekom het uit die ouer vorme van die menslike geskiedenis. In die analise van die ideologie van vorm moet die formele volharding van sulke argaïese strukture onthul word onder die bolaag van die meer resente tipe vervreemding (soos politieke oorheersing en kommoditeitsreïfikasie). In die nietigverklaring van die patriargale deur die feminisme kry ons die transformasie

van 'n ou produksiemodus deur 'n radikale herstrukturering van die argaïese produksiemodus waarmee dit saambestaan.

In hierdie finale horison van Jameson het ons in 'n ruimte inbeweeg waarin die geskiedenis self die uiteindelijke basis sowel as die onbereikbare limiet van ons begrip in die algemeen en ons tekstuele interpretasies in die besonder, word. Vir Jameson (1981:102) is die geskiedenis die ervaring van noodsaak ("necessity"): waarom dit wat gebeur het, juis op daardie manier gebeur het; wanneer die rewolusionêre proses "onvermydelik" geword het. Geskiedenis is nie bloot 'n opsionele kode tussen ander kodes (soos taal) nie, nie 'n objek van representasie of een meesterkode tussen baie ander nie. In die vorm van "noodsaak" lê dit as basis en as afwesige oorsaak soos 'n politieke onbewuste onder alles. Noodsaak is vir Jameson in hierdie sin nie 'n tipe inhoud nie, maar eerder die onverbiddelike **vorm** van gebeure, die narratiewe politieke onbewuste wat 'n hertekstualisering van die geskiedenis is. Geskiedenis word hier nie gesien as 'n nuwe "representasie" van 'n nuwe inhoud nie, maar as die formele effekte van wat Althusser - in navolging van Spinoza - 'n "afwesige oorsaak" genoem het. Hierdie noodsaak van geskiedenis kan seermaak, begeerte weier en meedoënlose beperkings op individuele en kollektiewe praktyk plaas. Hierdie geskiedenis kan slegs deur sy effekte, en nooit direk as 'n gereïfiseerde krag bereik word nie, en die mens kan dit nooit ontsnap nie, omdat dit as politieke onbewuste onder alles lê.

4.5 KRITIESE OORSIG

Die sterkste kritiek wat daar sekerlik teen Jameson ingebring kan word, is dat hy die politieke perspektief die absolute horison van betekenisvorming maak. Sy politieke perspektief is gebaseer op die groot kollektiewe worsteling om 'n "terrein van Vryheid" van 'n "terrein van Noodsaak" los te maak. Dit is met ander woorde gebaseer op die vryheidstryd in die ortodokse Marxistiese nosie van klasseteorie. Dit is jammer dat hy 'n teks wat hy as beide heteroglot en intertekstueel kenmerk, met so 'n ortodokse Marxistiese nosie beperk.⁴¹ Die heteroglossia van die teks moet dus altyd antagonistiese verhoudings vertoon. Uitbreiding kon ook plaasgevind

⁴¹ Ook Goldmann beperk betekenisvorming op hierdie manier onnodig. Omdat hy die teks in wyer strukture plaas, gee dit aanleiding tot "uitbreiding" van die teks en aktiewe betekenisvorming deur die leser. MAAR nou vind die uitbreiding slegs in die sosiale lewe van die tyd se potensiele bewussyn of die ekonomiese realiteit (wat hy as totaliteit beskou) plaas.

het as hy die teks in ander wyer tekste geplaas het, hetsy literêr, filosofies, teologies, of enige teks wat deur die verbeelde struktuur van die teks aangedui word.

Hierdie kontradiksie word in al drie horisone gevind. In die **eerste horison** kom kontradiksies as teenstellings in die vertelling self voor - dit neem hier 'n narratiewe vorm aan van verbeelde oplossings in die teks self. In die **tweede semantiese horison** is die teks 'n ideologeem van die sosiale orde. Die sosiale orde is hier 'n dialogiese sisteem waarin die opponerende stem, wat onderdruk was, gerekonstrueer word. Om weer herstel te word tot die dialogiese sisteem van sosiale klasse, word die onderdrukte stem herskryf in terme van ondermynende strategieë. In die proses van herskrywing vind ontmaskerings van waardesisteme plaas. Hier het Jameson se teorie vir my veel meer waarde as byvoorbeeld dié van Goldmann omdat hier 'n aktiewe dekodering deur die leser kan plaasvind waardeur die vanselfsprekende en die stereotiepe in die sosiale realiteit aan die kaak gestel word. Tog is hier ook weer 'n beperking omdat die inhoud van klasse-ideologie altyd relasioneel is omdat die **politieke** onbewuste (in hierdie geval dit wat altyd deur die opponerende stem onderdruk word) voortdurend in die antagonisme van die dialogiese vorm teenwoordig is. Die teks is hier 'n ideologeem wat die dialogiese sisteem met sy onversoembare eise van antagonistiese klasse weergee. Die betekenisvorming in die tweede horison vind op hierdie manier te voorskryftelik allegories plaas: die moet herskryf word in terme van 'n **politieke** meesterkode.

In die **derde semantiese horison** vind betekenisvorming as kulturele rewolusie binne die teks plaas. Kulturele rewolusie is hier die "ideologie van vorm", die onverbiddelike vorm van die gebeure van die geskiedenis as 'n geheel. Jameson sien geskiedenis hier as 'n diachroniese saambestaan van produksiemodusse wat oorblyfsels van ouer produksiemodusse sowel as antisiperende nuwe neigings insluit. Hier sal dus 'n voortdurende worsteling gevind word vir die voortbestaan van die sistemies dominante tussen ouer en nuwer produksiemodusse wat weerstand bied teen assimilasië. Die dinamiek van die historiese saambestaan van produksiemodusse word in die kulturele rewolusie gevind wanneer die transformasie van 'n ou produksiemodus plaasvind deur die radikale herstrukturering van sy gesedimenteerde inhoud. Literêre betekenisvorming as kulturele rewolusie is hier die direkte gevolg van die politieke onbewuste as afwesige oorsaak van die onverbiddelike vorm van gebeure van die geskiedenis. Die historiese "intertekstualiteit" van die teks moet dus altyd in terme van die Marxistiese teorie

van opeenvolgende en oorvleuelende produksiemodusse herskryf word. Weer eens bied Jameson 'n té voorskriftelike allegoriserings.

Deur die teks in wyer uitkringende semantiese horisonne te plaas, bied Jameson wel 'n uitbreiding van die teks aan, wat tot aktiewe betekenisvorming aanleiding kan gee. Jameson noem dit dan ook "semantiese verryking", maar na my mening moes hy dit nie beperk het tot verhoudings van kontradiksie nie. Die teks kan ook op baie ander maniere uitgebrei word, en nie elke teks sal hom leen tot sodanige politieke perspektief nie.

Alhoewel Jameson erkenning verleen aan die "distorsies" van subjektiwiteit en figuurlikheid, bied hy nie die distorsie van "mislesings" aan nie. Betekenisvorming vind vir hom bloot as allegoriese daad plaas wat bestaan uit die herskrywing van 'n gegewe teks in terme van 'n spesifieke interpreterende meesterkode. Hy laat geen ruimte vir die kritiese daad as "mislesing" of "verheling" ("misprision") van een digter deur 'n ander, of van 'n "sterk" leser op 'n teks, soos deur Bloom (1975:3) aangebied nie. Literatuurgeskiedenis is vir Bloom (1973:5) ononderskeibaar van literêre invloed, omdat die sterk digters geskiedenis maak deur mekaar te "mislees", en sodoende nuwe skeppende ruimtes "oopmaak". Jameson bied wel 'n aktiewe betekenisvorming aan omdat die tekste op grond van wedywerende ideologiese kragte heterogeen, teenstellend en verdeeld is. En omdat ideologiese aanbieding vir hom nie bloot "false consciousness" of "insufficient conceptualization" is nie, maar eerder "an authentic way of grappling with the Real which must always transcend it" (Jameson, 1979:12), sal die "volle spraak" van die teks nooit voltooi kan word nie. Betekenisvorming bly dus "oop".

In die bespreking van Die stoetmeester sal gepoog word om deur middel van Jameson se "strong rewriting" die oppervlakte-kategorieë van die teks in die sterker taal van 'n fundamentele interpreterende kategorie te herskryf. Die formele effek van die politieke onbewuste as afwesige oorsaak sal deur die drie uitkringende semantiese horisonne nagespeur word.

4.6 DIE STOETMEESTER - ETIENNE VAN HEERDEN (1993)⁴²

4.6.1 'n Politieke allegorie

Hierdie roman kan as 'n politieke allegorie beskou word wat 'n simboliese artikulering is van kontradiksies in die Suid-Afrikaanse werklikheid van die negentigerjare. Dit is kontradiksies wat bestaan tussen die bevoorregte besittersklas van 'n koloniale geskiedenis en 'n opkomende Afrika-gemeenskap. In die allegoriese vorm word die verhaal as verbeelde oplossing vir hierdie werklike kontradiksies aangebied waardeur die kontradiksies formele oplossing vind in die estetiese.

Die verhaal gaan oor floubokke wat geoffer word sodat die groot meerderheid skape gered kan word; dit gaan oor 'n olievonds wat wonderbaarlike visioene van rykdom optower. Maar die uitspuittende olie word later 'n vuurvlam wat alles kan verteer. Sal die vuur onder beheer gehou kan word?

Op 'n wonderbaarlike manier kry die skrywer dit reg om hierdie oppervlakte-gegewe terselfdertyd die teks se **politieke onbewuste** te maak. Want onder die verhaal wat in die Oos-Kaap afspeel met Afrikaners, Engelse en Xhosas as karakters, is 'n minderheidsgroep wat geoffer moet word sodat die meerderheid gered kan word. Deur hierdie aksie het baie die wonderbaarlike vooruitsig wat vir hulle soos 'n lokkende olievonds visioene van rykdom optower, maar wat ook 'n gevaarlike vlam kan word wat alles kan vernietig.

"Rykdom..." sê MaNdlovu saggies. "Die vraag is wat ons met ons rykdom gaan maak, ons wat grootgemaak is vir tekort en droogte" [81].

Die politieke onbewuste word soos volg in die teks verwoord:

Giere wat oor jare se swaarkry onderdruk is, lê en broei in die gemeenskap; giere wat wag op die regte reënbui om soos swerms miervlieë uit 'n miershoop te borrel [51].

⁴² Verwysings na hierdie teks sal tussen hakies aangedui word.

Die vloeiende tabberds en gala-aande van die koloniale verlede word uitgebeeld teenoor diegene wat dit alles in stand gehou het:

...die werkers en die bediendes, die hulpe en kelners, die staljongens en agterryers; die versweë mensheid wat nie die geskiedenis-boeke gehaal het nie, ook nie die sosiale rekords van die stad, of die voorblaaie van die koerante nie [271].

Daar sal nou na die teks gekyk word in terme van Jameson se uitkringende dialektiese betekenisvorming deur drie semantiese horisonne.

4.6.2 Eng historiese semantiese horison

Soos hierbo gesien, bied Jameson in sy eerste semantiese horison 'n imaginêre oplossing vir bepaalde kontradiksies wat binne 'n historiese of ideologiese "subteks" bestaan. In hierdie sin word die teks as "simboliese daad" gelees wat twee funksies insluit: die aktiewe daad waardeur die teks die subteks herorganiseer en die erkenning van die verbeelde status wat spruit uit die sosiale realiteit. Die teks is hier die simptomatiese uitdrukking van 'n sosiale kontradiksie, en die artikulasie van hierdie eerste horison word, soos Jameson (1981:83) aangedui het, veral in die politieke **allegorie** gevind.

Die teks se fundamentele kontradiksie word op hierdie vlak allegories geartikuleer, alhoewel die teks nie bloot as 'n kru allegorie beskou kan word nie. 'n Parallel word opgebou tussen die verhaalgegewe en die Suid-Afrikaanse politieke lewe in die vroeë negentigerjare. Die verhaal speel af in die imaginêre Deltastad Port Cecil en die denkbeeldige streek Die Kei. Die floubokke, die olie, die jakkalsjag, die karakters verwys indirek na gebeure of groepe in die werklikheid. Die allegoriese artikulering dra by om die kontradiksies in die teks na vore te bring.

In hierdie eerste horison is die kontradiksies eenstemmig, en nie dialogies soos in die tweede horison nie. Die stem van 'n heersersklas sal dus duidelik gehoor kan word, terwyl die opponerende stem nie so duidelik hoorbaar is nie. Die opponerende stem is wel teenwoordig, maar tree nog nie in dialoog met die heersende stem nie. Daarom word die kontradiksies wel allegories aangebied, maar sonder dat hulle deel vorm van strydende groepe.

Die **floubok** - Caper Timidus - is uit 'n regressiewe geen gebore toe Seamus se vader per ongeluk 'n gebreklige boerbokram en 'n opreggeteelde sybokooi oornag in dieselfde kampie vergeet het [9]. Die floubok se unieke, ingeteelde eienskap is dat hy bewusteloos neerval as hy skrik, en sy bewussyn weer na tien minute herwin. Sy waarde lê hierin dat hy as offerbok gebruik kan word as 'n jakkals die kudde aanval, want as hy van skrik neerval, kan die skape vlug terwyl die jakkals hom opvreet [10].

Hieruit kom die allegoriese artikulering van 'n minderheid (versinnebeeld deur die Butlers en die prokureur, Siener) wat geoffer word sodat 'n meerderheid gered kan word, na vore. Dit is 'n imaginêre oplossing vir die kontradiksie **opoffering/verlossing**. Alhoewel dit 'n offer is wat die minderheid bring, is hierdie offer ook vir die minderheid 'n verlossing omdat hulle 'n skuldgevoel oor die situasie ontwikkel het. Uit gedeeltes soos die volgende word hierdie allegoriese parallel duidelik:

Maar ons is die sondebokke; die offerbokke. En ons hét so baie om voor te offer; om óp te offer...[125]

Seamus staan en kyk na die priester.

"Laat ek u wys hoe lyk verlossing."

Hy lig die geweer, haal die slot vinnig oor en skiet 'n salvo skote in die lug af.

Die priester lig sy hande asof hy wil keer. Maar hy is te laat, en hulle staan midde-in die spektakel van die kantelende kuddes.

"Mag God jou vergewe, broer..." [222].

Die imaginêre oplossing van die kontradiksie **opoffering/verlossing** blyk duidelik uit bogenoemde voorbeeld: die offer ís die verlossing.

Omdat die offerbokke die sensitiewe deel van die samelewing uitbeeld teenoor die hardnekkiges (die kudde) wat die vermoë het om steeds uit te hou, word die kontradiksie **sensitiwiteit/hardnekkigheid** ook hiermee uitgebeeld.

Die flouboktelery is ook die imaginêre oplossing vir die kontradiksie **waagmoed/sekerheid**. Sarah sê: "Julle't alle sekerheid prysgegee toe julle besluit het om ter wille van eie wins 'n flouboktelery op die been te bring" [126].

Die ontdekking van die **olie** wys op die aanbreek van 'n nuwe orde, en die kontradiksie **gebrek/hoop** word allegories as imaginêre oplossing aangebied:

Die koms van die olie het almal oormoed gegee...ons het almal opeens 'n inspuiting van adrenalien gekry. Ons dink dat ons vir grootsheid geroepe is; dat die gebrek verby is; dat ons nou die hoop, uiteindelik, met durf en energie kan vervul [75].

Ook die karakters gee uitdrukking aan kontradiksies. Cawood, Zola en Ncincilili gee imaginêre uitdrukking aan die kontradiksie **vooruitstrewendheid/selfvernietiging**. Cawood is vooruitstrewend as wildvanger en safarileier, maar terselfdertyd word sy liefde vir gewere en jag ook 'n "obsessie met die dood" genoem [318]. Hy dreig dan ook met selfmoord en het waarskynlik sy oom, Siener, vermoor. Zola, Ayanda se gewese man, is 'n vooruitstrewende sakeman (taxibestuurder), maar sy rykdom word nie altyd deur inisiatief binne die gereg opgebou nie. Ook Ncincilili se inisiatief word selfvernietigend as hy later gehang word vir sy aandeel aan 'n halssnoermoord. Die kontradiksie **vryheidstryd/moord** verkry ook imaginêre oplossing deur sy daade. Hierdie moord kan ook as deel van die vryheidstryd beskou word.

Die kontradiksie **kunstenaar/politikus** of **dromer/siener** word deur Siener en Talmbongi se karakters opgelos. Siener is die siener met die politieke insig, terwyl Talmbongi die kunstenaar, die dromer is, wat die praktyk nie raaksien nie, maar "droom met sy oë op die horison" [90]. Maar ook die kontradiksie **alomteenwoordigheid/eensaamheid** vind imaginêre oplossing in Siener se karakter. Hy is die alomteenwoordige verteller in die teks, maar terselfdertyd ook die eensame karakter.

Die sisteem van antinomieë en kontradiksies wat uit hierdie eerste horison na vore kom, is opoffering/verlossing, sensitiwiteit/hardnekkigheid, waagmoed/sekerheid, gebrek/hoop, vooruitstrewendheid/selfvernietiging, vryheidstryd/moord, kunstenaar/politikus, dromer/siener, alomteenwoordigheid/eensaamheid. Volgens Jameson is hierdie sisteem van kontradiksies en antinomieë 'n simptomatiese projeksie van 'n sosiale kontradiksie. Die nosies wat uit hierdie sisteem spreek, soos dié van gebrek, waagmoed, vryheidstryd, verlossing, hoop, dromer aan die een kant en opoffering, selfvernietiging, siener, aan die ander kant, is dan die

simptomatiese projeksie van die sosiale kontradiksie **onderdrukking/bevryding**, wat ook die politieke onbewuste van die teks is.

4.6.3 Semantiese horison van die sosiale orde

Die ideologeme (kleinste eenhede van waardesisteme) van opponerende sosiale klasse word deur Jameson se tweede semantiese horison na vore gebring. Kontradiksie in die vorm van dialogiese diskoerse word gevind tussen die heersende klas en die opponerende kultuur om dominante waardesisteme te ondermyn of te legitimeer. Die dialogiese stemme ondermyn kulturele universalisering. Betekenisvorming vind dus deur middel van ondermynende strategieë plaas.

Hierdie horison bestaan eerstens uit die kontradiksie **heersende minderheid/onderdrukte meerderheid**. Dit is 'n **ideologeem**, 'n "proto-verhaal" of klassefantasie oor die kollektiewe karakters van die opponerende klasse. Daar is verskillende dialogiese stemme in die Kei wat hierdie kontradiksie uitbrei maar ook teëwerk. Aanvanklik onderlê hierdie kontradiksie die worsteling tussen die bevoorregte en minderbevoorregte klasse wat ook 'n rasse- en politieke stryd word. Die bevoorregte magsgroepering het die heersende klas uitgemaak wat feitlik uitsluitlik uit blankes bestaan het (en deur die Butlers verteenwoordig word), terwyl die nie-blankes die opponerende klas uitgemaak het waarvan 'n groot getal arm was. (Hulle word deur die Thandani's verteenwoordig). Hierdie worsteling het ook 'n naam gekry omdat hulle in 'n verhouding van "apartheid" teenoor mekaar gestaan het, wat uit die regering se Apartheidsbeleid gespruit het. Dit was die "struggle teen Apartheid".

Hierdie ongelykheid kom in verskillende maniere in die ideologeem na vore. Die **armes** van Joza se plakkersbuurt moet lang ente loop om skepwater te kry, terwyl daar vir die **bevoorregtes** vir 'n spuitfonteinjie en tuinwater vir katedraalplein geboor word [37]. Die armes moet klippe aankarwei sodat forte van kerke vir die bevoorregtes gebou kan word [128]. Siener dink aan die vrese en angs van die armes wat verslete dokumente na hom bring [134]. Hierteenoor word die weelde van Cawood se Monomotapa Safaris gestel [167]. 'n Stryd ontstaan tussen die blankes en die Xhosas oor die **grondkwessie**. Die Xhosas meen dat die grond waarop die katedraal staan en waaruit die olie spuit, Xhosagrond is omdat hulle voormense nog daar begrawe lê. Daarom wil hulle dit terughê [189]. Daar is ook

sprake van die swartmense se oorname van die wit boere se veeplase [177]; MaNdlovu wil dat die **alternatiewe geskiedenis** van hierdie land ook neergeskryf word, en nie net die witmense se geskiedenis nie [26]; 'n stryd ontstaan ook tussen die **polisie** en aktiviste as hulle met skerp ammunisie begin skiet [26]; daar is ook sprake van 'n **Derde Mag** [193].

Maar 'n andersoortige dialogiese worsteling kom ook na vore wat die binêre opposisie onderdrukker/onderdrukte indring. Die **ideologeem** kom hier as 'n "pseudoidea" na vore. Worstelende groepe ruk gesinstrukture uitmekaar. Dialogiese diskoerse vind ook binne klasse en selfs families plaas: **Impimpis** teenoor **comrades** - jou oom is 'n impimpi en jou broer 'n comrade; die pa 'n poliesman en die seun word deur die veiligheidspolisie weggeneem [134]; 'n **taxi-oorlog** ontstaan deur hul wedywing om geld te maak: daar is verskillende groepe en elke groep is onderverdeel in splintergroepe, met rooftaxi's wat op die gevestigde roetes wil inbreek [135]. Ook onder die witmense het groepe teenoor mekaar te staan gekom. Die **regse groep** wat deur Cawood verteenwoordig word, en die **regeringsparty** waarmee Seamus 'n parallel vorm, se worsteling word uitgebeeld as Cawood vir Seamus, wat te perd is, met die helikopter uittart. Cawood reik uit na sy pa, maar word deur hom verwerp [320].

Die opposisionele stem kom telkemale in hierdie horison na vore (hetsy in opponerende klasse of binne groepe of diskoerse) waardeur kulturele universalisering ondermyn word.

4.6.4 Die horison van die geskiedenis as geheel

In hierdie derde semantiese horison word gesedimenteerde vorme onthul en die noodsaak van die geskiedenis, die onvermydelikheid van die rewolusionêre proses uitgewys. Betekenisvorming vind hier as kulturele rewolusie plaas, wat die "ideologie van vorm", die onverbiddelike vorm van gebeure van die geskiedenis as 'n geheel is. Dit is die diachroniese saambestaan van ouer sowel as nuwe produksiemodusse, en 'n worsteling om voortbestaan tussen die twee. Die **ideologie van vorm** is dan die afgebakende kontradiksie van boodskappe wat saambestaan en wat gevolglik ideologiese boodskappe van hul eie dra, onderskeie van die klaarblyklike inhoud van die werke.

In Die Stoetmeester vind die kulturele rewolusie plaas as gevolg van die saambestaan en konfrontasie van verskeie produksiemodusse gelyktydig. 'n **Prekoloniale produksiemodus**, 'n **vroegkoloniale produksiemodus**, 'n **koloniale Westerse kapitalistiese produksiemodus** en 'n **postkoloniale Afrika-produksiemodus**.

Die prekoloniale produksiemodus word deur die ou jagtersbestaan, waarvan vee en jag simbole is, verteenwoordig. Cawood is hier die versinnebeelding van 'n anachronistiese jagtersmodus. Hy is wildvanger van beroep, maar omdat hy ook safarieleier is, met skatryk Amerikaners as sy belangrikste kliënte [63], kan hierdie prekoloniale produksiemodus nie as rigiede indeling geld nie. Hy is terselfdertyd ook die verworde produk van 'n bevoorregte magsgroepering - sy omset is groot genoeg om 'n helikopter te kan huurkoop [167]. Daarvolgens vorm hy ook deel van die koloniale produksiemodus.

Die vroegkoloniale produksiemodus kan ook 'n agrariese produksiemodus genoem word. Seamus as stoetmeester en jagmeester vorm deel van hierdie modus, maar ook die armes wat lang ente moet loop om skepwater te kry en wat klippe aankarwei sodat groot kerke vir die bevoorregtes gebou kan word [128], en MaNdlovu wat glo die olie is deur die voorgeeste vir hulle gebring [216]. Ook hier kan nie rigiede indelings gemaak word nie, want Seamus vorm ook deel van die koloniale produksiemodus en die armes en MaNdlovu van die postkoloniale Afrika-produksiemodus - MaNdlovu reël vir 'n optog na die oliefontein om te gaan agiteer vir die grond wat eerste aan hulle behoort het.

Die geskiedenis van patriargale dominansie van die besittersklas van 'n koloniale verlede, en die geskiedenis van regse opstand, maar ook die werklose, besittinglose proletariaat, vorm deel van die kapitalistiese produksiemodus. Hierdie werklose, besittinglose proletariaat maak egter ook deel uit van 'n postkoloniale Afrika-produksiemodus. Hattingh (1994:6) beskryf hierdie situasie as "'n ingewikkelde web van kulturele interaksie sodat voorstellings 'n kenmerkende postkoloniale hibriditeit vertoon".

Hier word dus die ooreenplasing en strukturele saambestaan van verskeie produksiemodusse gelyktydig aangebied. Dit sluit in oorblyfsels en oorlewings van 'n ouer produksiemodus (die koloniale) wat in struktureel afhanklike posisies binne die nuwe (die postkoloniale) geplaas word, asook antisiperende neigings wat nog

nie met die bestaande sisteem versoen is nie. (Die ontwikkeling van 'n nuwe Suid-Afrikaanse kulturele identiteit.) Hierdie teks word dus deurkruis deur 'n verskeidenheid impulse van teenstellende kulturele produksiemodusse gelyktydig. Hierdie teenstellende produksiemodusse bestaan nie bloot naas mekaar nie, maar 'n **kulturele rewolusie** vind plaas wanneer die saambestaan sigbaar antagonisties begin word, wanneer die kontradiksies op die politieke, sosiale en historiese terreine begin plaasvind. 'n Stryd ontstaan tussen die Xhosas en witmense oor die grond waaruit die olie spuit, en 'n protesoptog gaan na die olieplein. Ma Ndlovu agiteer vir 'n verenigde munisipaliteit [94] en reël die optog na die oliefontein [194] om te gaan agiteer vir die grond wat eerste aan hulle behoort het - boonop glo sy die olie is deur die voorgeeste vir hulle gebring [216]. Die swartmense wil die wit boere se veeplase oorneem [177]. Die polisie en die aktiviste begin met skerp ammunisie op mekaar te skiet [26]. Impimpis bots met comrades, 'n taxi-oorlog ontstaan, regse opstand ontstaan. Cawood as lid van 'n regse groep, dreig om ander dood te skiet en vermoor sy oom, wat hy 'n "kafferboetie" noem. Dit is ironies dat Siener deur sy eie mense gedood word. Ondanks sy verset teen die heersende stelsel, word hy slagoffer daarvan. Eise word gehoor dat die alternatiewe geskiedenis van die land ook opgeskryf moet word.

Die kulturele rewolusie in hierdie teks vind binne pluraliteit plaas, en nie tussen afgebakende produksiemodusse nie, omdat die gemeenskappe verskeurd is. **Siener** is 'n "bevoorregte lid van die besittersklas" [132], maar vertoon verdeelde lojaliteite tussen die mense van Afrika as hy sy lewe aan die ander groep wy [17]. **Seamus** lei 'n koloniale leefwyse, maar hy besef terselfdertyd die "kortstondigheid van die wit man in Afrika" [301]. **MaNdlovu** word kultureel ambivalent voorgestel. Sy is bewus daarvan dat die geskiedenis en tradisies van die Xhosas behoue moet bly [26], "anders val ons almal uitmekaar" [99]. Sy besoek die sangoma gereeld "om die beentjies te laat lees" [77]; die kloutjie van die rooivalk is vir haar nog die "beste muti in die Kei" [77]; maar sy hou ook haar begrafnisboekie op datum en is Sondag in die kerk. Haar jongste seun, Mpho, wil hom in die kliniek laat besny uit vrees vir Vigs, maar MaNdlovu wil nie van hierdie tradisie afsien nie [97]. Sy beeld dus 'n groep uit wat huiwer tussen die oue en die nuwe. Ook **Ayanda** vertoon 'n ineenstrengeling van Afrika- en westerse elemente. Sy werk as dokter in 'n hospitaal, maar gryp nie in as 'n halssnoermoord gepleeg word nie [103].

Die postmodernistiese kulturele ambivalensie wat hier gevind word, bemoeilik 'n rigiede afbakening in produksiemodusse. Geen wonder dat Jameson gebruik

gemaak het van Poulantzas se beskouing van die sosiale formasie waarvolgens teenstellende produksiemodusse ineengestrem is nie.

Jameson se "ideologie van vorm" wat die afgebakende kontradiksie van spesifieke boodskappe van die botsende produksiemodusse is, kan wel uit hierdie horison afgelees word omdat dit die ideologiese boodskap is wat uit die geheel na vore kom, onderskeie van die klaarblyklike inhoud van die teks. Die "ideologie van vorm" is hier die transformasie van die ou koloniale patriargie, nie net deur die opstand en rewolusie wat teweeggebring is deur die postkoloniale Afrika-produksiemodus nie, maar deur 'n ontwikkelende eie Suid-Afrikaanse kulturele identiteit wat uit elemente van beide bestaan. Die teks bevat 'n postmodernistiese dissonansie van stemme wat nie rigied in verskillende produksiemodusse ingedeel kan word nie.

Hierdie "ideologie van vorm" toon die verloop van die geskiedenis as ervaring van noodsaak, die onverbidlike vorm van gebeure. Dit is die "politieke onbewuste" wat onder alles lê. Dit wat gebeur het, moes juis op hierdie manier gebeur; die rewolusionêre proses het onvermydelik geword. In hierdie teks moes 'n offer noodwendig gemaak word sodat die rewolusie bloedloos kon plaasvind.

Die aanvaarding van 'n nuwe orde, 'n nuwe Suid-Afrikaanse kulturele identiteit, word in hierdie teks as die noodwendige verloop van die geskiedenis aangebied. In die eerste semantiese horison is 'n imaginêre oplossing vir die kontradiksie **opoffering/verlossing** aangebied. In hierdie horison word dit as die noodwendige verloop van die geskiedenis uitgebeeld. "Al die tekens was daar dat ons tot afrekening gedwing sou word en dat ons 'n offer sou moes bring vir die vergrype van die verlede" [316].

Deur Apartheid vind inteling plaas, en "uit watter sessiewe geen wat by wyse van inteelt dominant geword het, spruit die selfvernietiging?" [59]. Apartheid lei dus noodwendig tot selfvernietiging, "'n godgegewe vrees so diep ingeteel dat niemand dit weer vry sal teel nie..." [125]. Die realiteit van hierdie selfmoord word met die loop van die tyd al hoe intenser [93]. En dit nie sonder rede nie, want "dis immers geneties voorbeskik" [219]. Die teks bied aan ons hier die noodwendige verloop van die Apartheidsituasie aan.

Die olie (Nuwe Orde) is "die galbraak van die aarde" [318]. Dit kon nie anders nie, dit moes uitkom. Die oerlae van die aarde is geroer en dit het die olie na bo gestoot

[322]. Die verandering moes noodwendig plaasvind, "ons is reeds deel van die verlede" [263]. Ons verlede word nou dag ná dag herskryf. Die geskiedenis is nou in die greep van die onverwagte hede, die onvoorspelbare toekoms [269]. Wat nou nog diep in die murg lê, is **skuld** [309]. Maar niks kan mens se skuld verminder nie [314], skuld is onverhandelbaar [301]. Al wat kan werk, is **versoening**. "Ons moet, soos 'n kind wat leer loop, die onseker bewegings van versoening uittoets" [301].

MaNdlovu en Seamus het besef dat hulle sal moet "gesprek voer" [303] wat lei tot 'n vergadering wat deur die koerantplakkate aangekondig word: **VERSOENING IN DIE KEI?** en **PEACE MEETING TODAY** [314]. Ook die versoening is 'n noodwendigheid:

Ayanda antwoord nie, maar neem Sarah se hand.
"Ons moet vorentoe," sê sy. "Daar is vir ons niks anders nie"
[325].

Hier word die imaginêre versoening van 'n werklike kontradiksie aangebied met die twee vroue (elk verteenwoordigend van die kontradiksie onderdrukking/bevryding) saam in die water. Uit hierdie water (lewe, vrugbaarheid) kan vernuwing en versoening "gebore" word .

4.6.5 Slot

Jameson se drie semantiese horisonne kan wel gebruik word om die politieke teks mee uit te brei. Omdat hy die politieke perspektief vooropstel, sal dit nie op alle tekste van toepassing gemaak kan word nie, en werk dit inperkend op 'n pluralistiese betekenisvorming. Uit die bespreking van die teks hierbo word dit duidelik dat die sogenaamde "derde wêreld" nie as 'n enkele gesamentlike ervaring van kolonialisme afgemaak kan word nie. Die "derde wêreld" en die "eerste wêreld" is deel van Jameson (1991:84-86) se binêre beskrywende terminologie.⁴³ Sulke afbakenings kan nie so maklik gemaak word nie.

⁴³ Jameson is geneig om aan alle "derde wêreld" kulturele produksies 'n algemene vorm (meestal 'n allegoriese vorm) toe te skryf, "... (which) distinguishes them radically from analogous forms in the first world" (Jameson, 1991:86).

4.7 GEVOLGTREKKING

Jameson benader die betekenisvorming van die teks vanuit 'n dialektiese uitgangspunt. Die teks is 'n partikel in die groter geheel van die sosiale en staan in 'n dialektiese verhouding daarmee. Die teks is dus nie 'n verseëelde eenheid nie, maar afhanklik van eksterne invloede en politieke strukture, waarby die interpretasietradisies (meesterkode) van die leser ook ingesluit is.

Ander benaderings word dus binne Jameson se dialektiese benadering gehistorieseer (Jameson, 1981:17), waardeur die politieke perspektief as absolute horison van alle lees en alle interpretasie vasgelê word: die groot kollektiewe verhaal van die ontworsteling van Vryheid uit Noodsaak, wat soos 'n politieke onbewuste onder alles lê.

Hierdie politieke onbewuste word dan as afwesige oorsaak in Jameson se drie wyer wordende semantiese horisone nagespeur. Op hierdie manier vind literêre betekenisvorming plaas.

Jameson probeer op verskillende maniere universalisering in sy teorie teëwerk. Hy probeer byvoorbeeld kulturele universalisering teëwerk deur in sy tweede semantiese horison van Bakhtin se dialogiese sisteem gebruik te maak. Die monologiese stem van 'n kulturele meesterwerk of monument (wat vir hom dié van die heersersklas is) word binne die dialogiese situasie opgehef as dit in terme van polemiese en ondermynende strategieë herskryf word. Ook wil hy verby die "semiologiese sluiting" van 'n semiotiese analise beweeg as hy hulle hele sisteem van ideologiese sluiting en die artikulering van binêre opposisies as 'n simptomatiese projeksie van sosiale kontradiksie beskou.

Ongelukkig doen Jameson homself die onguns aan om hierdie dialogiese stem en die "ontsluiting" van die semiotiese analise weer binne sy meesterkode van "die absolute horison van alle interpretasie" te sluit. Hy bied dus 'n emansipasie aan wat op sy eie weer getotaliseer is. En hier word die groot verskil tussen 'n Marxistiese en 'n dekonstruktiewe betekenisvorming gevind. Dekonstruksie is 'n vorm van emansipasie, maar sônder totalisering. Degenaar (1989:9) beskryf dit as die toelating van 'n pluraliteit van "teloi" in plaas van 'n "telos" wat alle aksies bepaal. Boonop kan die baie vorme van oorheersing nie almal onder die klassestryd

ingedeel word nie en dit kan ook nie aanvaar word dat hierdie vorme tot niet sal gaan as 'n klaslose gemeenskap gevorm word nie.

Die fout wat Jameson na my mening dus maak, is nie om die absolute horison van betekenisvorming aan 'n rewolusionêre proses te koppel nie, maar om dit aan die spesifieke rewolusionêre proses van die binêre opposisies van die Marxistiese politieke teorie, soos heersende klas/proletariaat en kapitaal/loonarbeid te koppel. Die siklus van die rewolusionêre proses, met ander woorde die omkering van magsverhoudings, is 'n universele proses wat op baie terreine gevind kan word. Dwarsdeur die geskiedenis kan dit gevind word in die orde-verbreking-van-orde-siklus, soos in die inleidende hoofstuk van hierdie studie bespreek is. Selfs dekonstruksie bied getransformeerde hiërargieë in ons denke aan, gooi magsverhoudings in diskoerse omver en sentraliseer die gemarginaliseerde stemme van die uitgeslote. Jameson het die pluralistiese aard van hierdie rewolusionêre betekenisvorming egter getotaliseer deur dit net aan 'n politieke horison toe te skryf. Die intertekstualiteit van die literêre diskoerse sluit nie net die historiese en politieke in nie, maar is deurstrengel met alle diskoerse.

Hierdie uitkringende dialektiese betekenisvorming is gevolglik nie so uitkringend as wat dit aanvanklik voorkom nie, omdat die wydste uitkringende horison nie op enige teks "uitbreidend" sal kan inwerk nie. Die stoetmeester leen hom tot hierdie soort betekenisvorming omdat dit 'n politieke onderwerp het, maar mens kry tog die indruk dat die politieke en sosiale op die betekenisvorming afgeforseer word deur dit in die drie uitkringende horisone te plaas. Foucault se benadering dat mag alreeds werksaam is in diskoerse, is 'n meer verfynde benadering waardeur die rol van die historiese en politieke ook in die betekenisvorming geakkommodeer word. Lentricchia (1980:351) sê:

Literary discourse in the wake of Foucault no longer needs to be forced into contact with political and social discourses, as if these realms were outside of literature...

Waar die "volle spraak" van literêre betekenisvorming vir die Marxis in die politieke lê, vind die psigoanalisis dit in die "volle spraak" van die oordragsituasie, waarby die onbewuste ook ingesluit word. In die volgende hoofstuk word daar gekyk hoe Lacan Freud se teorie in terme van taal herformuleer en hoe betekenisvorming in die oordragsituasie plaasvind.

HOOFSTUK 5

BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE: DIE PAD VAN BEGEERTE

Betekenisvorming vind in die volle spraak van die oordragsituasie plaas as die leser die historiese diskoers van die teks lees. Die verwantskap tussen teks en leser is 'n dialektiek van begeerte: hul begeertes is op mekaar gerig. Van beide kante af word die onbewuste in die oordragsituasie gelees. In hierdie proses beweeg die leser en die teks van een betekenaar na 'n ander soos hulle probeer om die teks se onervulde begeerte te peil. Dis die begeerte se beweging wat probeer om die leemte te vul. Hierdie beweging sal egter nooit finale betekenis of 'n ruspunt bereik nie omdat betekenis altyd in die veld van die "ander" lê.

Betekenisvorming vind dus plaas as die pad van begeerte nagevolg word om die onbewuste te "laat praat". Dit eis 'n aktiewe deelname deur die leser omdat 'n terrein hier gedek word waarvan hy nie normaalweg "bewus" is nie, en dit kan vernuwende insigte tot gevolg hê omdat die teks se begeerte as sy eie begeerte raakgelees kan word. Die uitbreiding van die teks vind hier in die terrein van die onbewuste plaas.

JACQUES LACAN⁴⁴

5.1 INLEIDING

Lacan bied 'n psigoanalitiese benadering aan waarin hy Freud se benadering in terme van strukturalistiese en poststrukturalistiese teorieë herinterpreteer. Sy uitgangspunt is om Freud se teorieë te verhelder en uit te bou en van die distorsie van onakkurate vertalings en oorvereenvoudigde dogmatiserings te suiwer.⁴⁵ Sy herformulering van Freud se teorieë word veral gekenmerk deur die rol wat taal daarin speel. Dit is dan ook die rol van taal wat sy teoretiese werk van dié van die objek-verhoudings-teoretici en ego-psigoloë onderskei. Dit is dus taal wat vir hom betekenis aan die psigoanalitiese konsepte gee:

⁴⁴Jacques Lacan (1901-1981) was 'n opgeleide psigiater en publiseer in 1932 'n verhandeling oor paranoia. Hy was sosiaal en intellektueel betrokke by die poëtiese en artistiese kringe van die Surrealiste, wie se impak in sy werk gereflekteer is. In die dertigerjare het 'n Freudiaanse benadering 'n groot rol begin speel in sy psigiatriese onderrig by die hospitaal Sainte-Anne. Lacan was dus beide onderrigende en praktiserende psigoanalist. Amper dertig jaar lank het hy tweemaandelikse openbare seminare in Parys aangebied. Alhoewel dit vir die opleiding van psigoanaliste bedoel was, is dit ook entoesiasties bygewoon deur skrywers, kunstenaars, wetenskaplikes, filosowe, en intellektueles van alle dissiplines. Dit word 'n stimulerende fokuspunt vir die hele spektrum van Franse intelligentsia van die vroeë vyftiger- tot die sewentigerjare. In 1964 stig hy sy eie skool, die "Ecole freudienne de Paris", wat self 'n invloedryke inrigting word. Lacan se belangrikste werke is:

1966. Écrits. Paris : Editions du Seuil. Gedeeltelik in Engels vertaal as Écrits: A Selection. 1977. Vertaler: Alan Sheridan. New York : W.W. Norton & Co.

1968. "Introduction de Scilicet" in Scilicet (Lacaniaanse tydskrif, offisiële orgaan van sy skool) no. 1. Paris: Seuil.

1973. Le Séminaire, livre XI: Les Quatre Concepts fondamentaux de la psychanalyse. Paris : Seuil. Vertaal in Engels as: The four fundamental concepts of psychoanalysis. 1978. Vertaler: Alain Sheridan, en geredigeer deur Jacques-Alain Miller. New York : Norton.

1975. Le Séminaire, livre I: Les Écrits techniques de Freud. Paris : Seuil.

1975. Le Séminaire, livre XX: Encore. Paris : Seuil.

1978. Le Séminaire, livre II: Le Moi dans la théorie de Freud et dans la technique psychanalytique. Paris : Seuil.

1981. Le Séminaire, livre III: Les Psychoses. Paris : Seuil.

⁴⁵ Ironies genoeg het Kristeva weer kritiek teen Lacan se "kastreering" van die Freudiaanse ontdekking. Omdat begeerte 'n heraktivering op die simboliese vlak is van 'n negatiwiteit wat in die liggaam plaasvind (vergelyk Kristeva, 1984:130-132), word die betekenisgewende proses (die dialektiek tussen die semiotiese en die simboliese) in Lacan se weergawe verplaas deur 'n leemte. Die subjek se bestaan draai dus om 'n leemte, en die rol van die drange word verontagsaam.

It is our task to demonstrate that these concepts take on their full meaning only when orientated in a field of language, only when ordered in a relation to the function of speech (Lacan, 1977a:39).

Freud se belangrikste ontdekking is die **onbewuste**. Lacan herformuleer Freud se teorie oor die onbewuste, en ontdek - as gevolg van die rol wat die onbewuste speel - 'n nuwe leesrol in die analitiese situasie.

5.2 BETEKENISVORMING DEUR 'N NUWE MANIER VAN LEES

Wat Lacan se psigoanalitiese benadering van soveel belang vir die literêre teorie maak, is dat hy 'n nuwe manier van lees aanbied. En daardeur kan afgelei word waar literêre betekenisvorming vir Lacan plaasvind: in 'n nuwe manier van lees waarin die onbewuste 'n belangrike rol speel.

In die psigoanalitiese praktyk tussen analis en analisand is die analis besig met 'n interpreterende aktiwiteit, en Lacan sien hierdie aktiwiteit as 'n leesaktiwiteit, maar 'n lees wat "verby" dit gaan wat die analisand sê. Die analitiese betekenis word dan 'n verplasing van die analisand se diskoers, 'n lees van die punte in die analisand se diskoers waar hy met homself verskil. Felman (1987:21) haal die volgende twee aanhalings aan uit Lacan se twintigste seminaar aan:

It is obvious that in analytic discourse, what is at stake is nothing other than what can be read; what can be read beyond what the subject has been incited to say (Lacan, 1975:XX:29).

What is at stake in analytic discourse is always this - to what is uttered as a signifier (by the patient), you [analysts] give another reading than what it means (Lacan, 1975:XX:37).

Felman (1987:21) wys daarop dat dit wat Lacan se lees radikaal maak, daarin lê dat die leesaktiwiteit nie slegs die rol van die analis is nie, maar ook van die analisand: interpretasie vind aan beide kante van die analitiese situasie plaas. En dit geskied in die terrein van die **onbewuste**. Die onbewuste is nie slegs dit wat gelees moet word nie, maar dit is ook "dit wat lees". Om hierdie ongewone bewering van haar te staaf, haal Felman (1987:22) aan uit Lacan (1975:38) se Séminaire XX:

In analytic discourse, you presume the subject of the unconscious to be capable of reading. This is what this whole affair of the unconscious amounts to. Not only do you presume him to be capable of reading, but you presume him to be capable of learning how to read.

Met hierdie "onbewuste as leser" bedoel Felman natuurlik nie dat die onbewuste leser 'n "leser" in die gewone sin van die woord is nie. Dit wys op die rol van die analis se onbewuste in die analitiese situasie wat tot gevolg het dat hy ook analisand kan wees. Dit vorm deel van die "volle spraak situasie" wat verderaan bespreek sal word.

Felman (1987:23) wys op Lacan se insig dat Freud se ontdekking van die onbewuste 'n gevolg is van sy léés van die histeriese diskoers van sy pasiënte. Felman bied 'n aanhaling uit 'n referaat waarin Lacan (1975) die volgende verslag van die onbewuste gee:

[Freud's] first interest was in hysteria... He spent a lot of time listening, and while he was listening, there resulted something paradoxical, a **reading**. It was while listening to hysterics that he **read** that there was an unconscious. That is, something he could only construct, and in which he himself was implicated; he was implicated in it in the sense that, to his great astonishment, he noticed that he could not avoid participating in what the hysteric was telling him, and that he felt affected by it.

Lacan (1977b:33) stel dit ook in 'n lesing wat hy in 1964 aangebied het:

I would now like to make clear, astonishing as the formula may seem to you, that its status of being, which is so elusive, so unsubstantial, is given to the unconscious by the procedure of its discoverer.

Wat in Freud se ontdekking van die onbewuste vir Lacan belangrik is, is die feit dat hy die onbewuste kon lees; dat Freud 'n **nuwe manier van lees** ontdek het. Wat Felman hier wil beklemtoon, is dat dit nie die ontdekking van die onbewuste as sodanig is wat vir Lacan van soveel belang is nie, maar wel die feit dat 'n nuwe manier van lees hier ontdek is. Wat die lees rewolusionêr maak, is die feit dat dit essensieel dialogies is; dit is gebaseer op 'n verdeling: Freud se eie onbewuste lees die diskoers van die histerikus. Alhoewel Freud ook self betrokke voel by die onderwerp, lees hy nie sy eie ooreenstemming in die histerikus nie, maar sy eie

verskil met homself: die lees gaan deur die Ander, en in die Ander; dit lees nie identiteit nie, maar verskil en self-verskil⁴⁶ (Felman, 1987:23).

Lacan (1977a:45) beskou die spraak van die analisand as "leë spraak" ("empty' speech, where the subject seems to be talking in vain") as dit nie deur die "simboliese interpretasie" van die analis aangevul word nie, waar die realisering van **volle spraak** vir Lacan (1977a:46) begin. En dit is in hierdie volle-spraak-situasie waar literêre betekenisvorming plaasvind. Volle spraak is die spraak van psigoanalise, wat die transindividuele realiteit van die subjek, naamlik die onbewuste, insluit.

The unconscious is that part of the concrete discourse, in so far as it is transindividual, that is not at the disposal of the subject in re-establishing the continuity of his conscious discourse (Lacan, 1977a:49).

Dit is dan die taak van die analis om hierdie onbewuste te herontdek:

The unconscious is that chapter of my history that is marked by a blank or occupied by a falsehood: it is the censored chapter. But the truth can be rediscovered; usually it has already been written down elsewhere (Lacan, 1977a:50).

Uit die aanhaling hierbo is dit ook duidelik dat die onbewuste nie "ontdek" word nie, maar "gerekonstrueer" word. Dit is daarom nie 'n gegewe wat waargeneem word nie, 'n selfstandigheid daarbuite wat uiteindelik onder die mikroskoop beland het nie, maar 'n teoretiese konstruksie. Psigoanalitiese dialoog verskil dus van enige ander dialoog in die opsig dat dit 'n driehoeksverhouding het: die derde term wat bykom, is die "diskoers van die Ander" (die onbewuste). Lacan (1977b:131) sê hiervan "It is this discourse, which, through the mouth of the analyst, calls for the reopening of the shutter." Dit is nie 'n gesprek tussen twee werktuie nie, maar tussen drie terme: die analisand, analis en die Ander. Hierdie nuwe manier van lees in die psigoanalitiese situasie maak die oordragsituasie veral geskik vir betekenisvorming soos dit in die literêre situasie plaasvind. In literêre terme kan die

⁴⁶ Ook Kristeva (1991:192) is bewus daarvan dat die onbewuste 'n "verskil" in die self uitwys as dit deur die ander gaan: "On the basis of an erotic, death-bearing unconscious, the uncanny strangeness... sets the difference within us in its most bewildering shape and presents it as the ultimate condition of our being with others."

teks die analisand, die leser die analis en die Ander die onbewuste wees. Die analis, as subjek van oordrag, wat die sluiters van die onbewuste van die teks moet oopmaak, is nie bloot net die leser nie, want in die oordragsituasies wat voortdurend tussen analisand en analis bestaan, kan die subjek van oordrag eintlik die teks wees:


...the analyst's words will still be heard as coming from the Other of the transference, the emergence of the subject from the transference is thus postponed *ad infinitum* (Lacan, 1977a:231).

Die onbewuste is dus voortdurend besig om te praat in die oordragsituasie. Die oorspronklikheid van Freud se teorie lê vir Lacan dus nie soseer in die ontdekking van die onbewuste nie, maar in Freud se ontdekking dat die onbewuste "praat", dat die onbewuste 'n betekenisgewende struktuur het, dat dit gestruktureer is soos 'n taal. Hierdie omskrywing van Lacan dat die onbewuste soos 'n taal gestruktureer is, maak die oordragverskynsel ook in literêre betekenisvorming van belang. Die ooreenkoms wat Lacan tussen die onbewuste en strukture in literêre taalgebruik raaklees, lei daartoe dat hy die Freudiaanse konsepte van **verdigting** en **verskuiwing** in terme van die Jakobsoniaanse onderskeid tussen **metafoor** en **metonimia** herformuleer.⁴⁷ Hierdie herformulering veroorsaak dat die analitiese oordragsituasie ook van toepassing gemaak kan word op die literêre oordragsituasie. In literêre betekenisvorming praat die onbewuste in die "volle spraak" van die oordragsituasie.

⁴⁷ Die onbewuste is vir Lacan gestruktureer soos 'n taal omdat dit deur metafoor en metonimie werk: in drome kan gesien word hoe die onlogiese werking van die onbewuste na vore kom as 'n hele stel beelde in 'n enkele bewering "verdig" word, of as die betekenis van 'n objek na 'n ander "verplaas" word. Hierdie verdigting en verplasing stem ooreen met dit wat Roman Jakobson as die twee primêre werkinge van menslike taal geïdentifiseer het, naamlik "metafoor" en "metonimie". Taal word ook, soos in die poststrukturealistiese benadering, gevorm uit "betekenaars" en nie as "tekens", wat stabiele betekenis impliseer nie. Die onbewuste is 'n voortdurende beweging en aktiwiteit van betekenaars, waarvan die betekendes ontoeganklik is omdat hulle "onderdruk" is. Dis waarom Lacan van die onbewuste as die "gly van die betekende onder die betekenaar" praat.

5.3 BETEKENISVORMING DEUR DIE VOLLE SPRAAK VAN DIE OORDRAGSITUASIE

Die volgende diagrammatiese voorstelling sal gebruik word om Lacaniaanse literêre betekenisvorming te verduidelik:



Die volle spraak van die oordragsituasie tussen leser en teks waarbinne die onbewuste die belangrike plek inneem, word hier aangetoon. Leser en teks word na beide kante toe geaffekteer deur die Ander.

Literêre betekenisvorming lê vir Lacan in die driehoeksverhouding tussen leser, teks en onbewuste (die diskoers van die Ander). Dit vind in die oordragsituasie plaas tussen die leser en die teks, met die lees van die onbewuste in daardie oordragsituasie. Betekenisvorming vind hier van beide kante van die analitiese situasie af plaas. Die leser sal dus na die "Ander" luister wat beide in die teks en in homself is. Die leser as analis word hier ook analisand sodat hy kan "hoor" wat aangaan. Die leser se eie onbewuste lees die "histeriese diskoers" van die teks. Die leser sal nie bloot sy eie ooreenstemming met die teks lees nie, maar sy eie verskil met homself, omdat die lees deur die Ander gaan.

Die rol wat die onbewuste in Lacan se denke speel, het 'n nuwe manier van betekenisvorming tot gevolg. Geen objek of persoon kan nou meer ten volle "teenwoordig" wees in die analitiese situasie waarby die onbewuste 'n belangrike rol speel nie. Die menslike lewe kan nie meer, soos in die Cartesiaanse tradisie,

gesien word as 'n verenigde outonome subjek, ten volle teenwoordig aan sy eie bewussyn, wat betekenis deur sy eie denke kan vorm nie. In die psigoanalitiese situasie kan daar nie by 'n finale betekenisgewing gestop word nie, want die onbewuste is pre-ontologies. Dit is "neither being, nor non-being, but the unrealized"⁴⁸ (Lacan 1977b:29). Dit beteken dat sodra 'n "betekenis" in taal gevorm word, die gemis daarvan terselfdertyd in die werklikheid erken word. Die onbewuste "soeke" van die subjek na betekenis het die aanhoudende uitstel van die een betekenaar na die volgende tot gevolg. Die subjek is dus onderwerp aan die simboliese orde wat sy identiteit bepaal. Dit is nodig om Lacan se simboliese orde te verduidelik voordat gekyk word hoe betekenisvorming in die oordragsituasie plaasvind.

5.3.1 Die simboliese orde

Die taalorde of **simboliese orde** van taal en kultuur is 'n orde wat voor die vorming van die subjek reeds bestaan. Hierdie sosiale orde is die stel verhoudings wat menslike wisselwerking reël. Dit is die voorafgegewe struktuur van sosiale en seksuele rolle en verhoudings waaruit familie en gemeenskap bestaan. Lacan noem dit die "Wet". Dit is die kulturele wet en nie die natuurwet wat die diereryk beheer nie. Hierdie Wet sluit onder andere in: sterflikheid, die skeiding van die generasies en dat mens slegs tot een geslag kan behoort. (Hierdie wet wat menslike verhoudings reël, is dieselfde wet wat menslike taal reël.)

In die speelstadium het die kind aanvanklik 'n diadiese verhouding met die moeder. Die kind se harmonie met die moeder word verbreek as die vader die toneel betree. Die teenwoordigheid van die vader word nou 'n implisiete "nee" tot totale identifikasie met die moeder. Die kind word daarvan bewus dat die moeder se begeerte op die vader gerig is, en nie meer uitsluitlik op homself nie. Die vader se teenwoordigheid het dus die effek van 'n verdelende teenwoordigheid. Lacan gebruik dan die "Fallus" as simbool van hierdie effek van verdelende teenwoordigheid. Die Fallus is hier die verteenwoordigende werktuig van verdeling, en nie die manlike seksorgaan nie. "It is even less the organ, penis or clitoris, that it symbolizes" (Lacan, 1977a:285). Lacan verwys ook na die Wet van die

⁴⁸ Lacan se onbewuste vertoon ooreenkoms met Derrida se "spoor". Omdat "spoor" vir Derrida die plek van die metafisiese "teenwoordigheid" oorneem, het dit nie 'n entiteit nie. "The trace itself does not exist" (Derrida, 1976:167).

Naam-van-die-Vader, 'n sinspeling op die identiese uitspraak in Frans van "non" en "nom".

Omdat die moeder as eenheidvormende fokus vir die suigeling gedien het, is skeiding van haar so traumaties dat Lacan (1977a:282) dit metafories "kastrasie" genoem het. Met kastrasie bedoel hy dus die psigiese impak van verlies en verskil en nie biologiese ontmanning nie. Die diadiese struktuur tussen kind en moeder is nou verbreek, en die kind word in 'n triadiese verhouding ingetrek. Die vader is nie slegs die derde lid van die Oedipale driehoek nie, hy is ook die simbool en verteenwoordiger van die sosiale orde as sodanig, en die agtienmaande-oue kind word in die wêreld van verskille en in die waarde van die ruilhandel ingelei. Hieruit volg die verbintenis tussen wet, taal, gemeenskap en kommunikasie.

Die kind bekleed nou 'n plek in hierdie sosiale netwerk, en om hom met betrekking tot sy vader en moeder te situeer, begin hy "ek" sê. As gevolg van die leemte wat hy ervaar (die skeiding tussen hom en sy moeder), begin hy ook sê: "ek wil hê". Daar het dus by hom 'n begeerte ontstaan om die leemte op te vul. Hy ervaar vir die eerste keer sy eie leemte ("manque à être"). Die woord "manque" is suggestief meerduidelik. In Frans beteken dit: leemte, gebrek of behoefte. Lacan (1977a:xi) self beveel aan dat "manque à être" vertaal moet word met "wil-wees". Vir William van Belie (1981:146) is die begeerte per definisie onvervulbaar omdat dit 'n begeerte is om die leemte op te vul - maar die opvulling sal sy opheffing as subjek beteken, want dan word die twee-eenheid weer gevorm.

Hierdie begeerte om die leemte op te vul, word onderdruk wanneer die kind die verbod van die Vader begin ervaar. Die onderdrukte begeerte word die onbewuste genoem, maar: hierdie onbewuste is slegs toeganklik deur bemiddeling, en die bemiddelaar is die wet van die betekenaar, naamlik taal.

Dit is hier waar die konvergering plaasvind: tussen die taal en simboliese orde wat reeds bestaan, en die subjek wat op hierdie ontwikkelingsstadium sy plek in taal en in die simboliese orde kan inneem. Dit is dus nie die mens wat taal skep nie, maar die taalorde wat die subjek skep. Die mens word subjek deur sy intrede in en onderwerping aan die taalorde. Die subjek wat uit hierdie proses te voorskyn kom, is 'n gesplete subjek ("sujet refente"). Hy is verdeel tussen die bewuste lewe van die ego en die onbewuste, of dan, onderdrukte begeerte.

Hierdie subjek kan nooit die Reële bereik nie, want die subjek bestaan slegs in taal en die Reële lê buite die simboliese orde. Die subjek word in die verskille tussen betekenaars gevorm en kan nooit 'n finale ruspunt of finale betekenis bereik nie, want betekenis lê altyd in die veld van die "Ander". Hierdie eindelose beweging van een betekenaar na 'n ander is die soeke van begeerte - begeerte wat ontspring uit 'n skreeuende leemte. Die objek wat vroeër in die plek van die leemte was, kan nou slegs in die onbewuste gevind word. Omdat die elementêre betekenaars van die onbewuste nie deur 'n logiese konneksie bymekaar gehou word nie, is dit onmoontlik vir die subjek om sy begeerte te formuleer, behalwe in 'n meer uitgebreide linguistiese vorm, soos die fantasie. Hierdie formasies van die onbewuste - wat ook genoem kan word die waarheid van die onbewuste diskoers wat in die betekenaar vervreemd is - word onthul deur tongglipse, drome, ensovoorts. Hierdie onbewuste is, soos die bewuste, 'n verhaal, en wel dié deel van die verhaal wat in die bewuste verhaal ontbreek. Antoine Mooij (1979:133) sê:

Het onbewuste is, als het bewuste, tekst en is niet de diepere betekenis van deze tekst, maar is te interpoleren in de lakunes die de manifeste tekst laat.

Dit is dan hierdie deel van die verhaal wat in die bewuste verhaal ontbreek, wat ook by die oordragsituasie tussen teks en leser ingesluit word, sodat die "leë spraak" van die teks tot "volle spraak" aangevul kan word. Die leser sal die "onbewuste" van die teks probeer vasstel deur byvoorbeeld die "leemte" in die teks raak te lees; deur die teks se "onvervulde begeerte" te probeer peil; of deur die teks se begeerte in sy eie begeerte raak te lees; die plek van die "Ander" in die teks en leser sal 'n rol speel in die onbewuste betekenisvorming; die teks en leser sal onderling vrae vra; die Oidipus-kompleks kan as betekenaar of as struktuur in die teks vasgestel word.⁴⁹

In die volgende gedeelte sal verduidelik word hoe hierdie proses plaasvind.

⁴⁹ Gräbe (1992:395) wys op die verskil tussen klassieke Freudiaanse kritiek en Lacaniaanse psigoanalise: "Waar die klassieke Freudiaanse kritiek hoofsaaklik gemoed was met die blootlegging van die neurotiese psige van óf die skrywer (Poe se fiksasie op sy moeder) óf die karakter (Hamlet se Oidipuskompleks), verskuif die aksent onder die invloed van 'n Lacaniaanse psigoanalise na die werking van die teks en veral ook na die uitwerking van die teks op die leser, wat optree as analis maar wat terselfdertyd die invloede van die teks ondergaan."

5.3.2 Hoe betekenisvorming in die oordragsituasie plaasvind

Die teks en die leser bestaan nie onafhanklik nie, maar kan as spieëlbeelde van mekaar beskou word. Hambidge (1989:130) wys daarop dat daar in die ouer psigoanalitiese kritiek 'n duidelike onderskeid tussen leser en teks gemaak is, maar dit word nou anders aangebied. Sy haal E. Wright aan wat sê dat die teks nie meer as analisand en die leser as analis beskou kan word nie. Beide teks en leser is dus onderskeidelik leser en geleeste wat elk 'n onbewuste het, en mekaar "lees".

Die verhouding tussen teks en leser kan nie onversteurd wees nie, want die harmonie word deur die onbewuste versteur. Die onbewuste is teenwoordig as gevolg van 'n leemte wat tydens die simboliese fase gevorm is toe die vader, in die vorm van "sosiale taboe", op die toneel verskyn het, en begeerte ondergronds gedryf het, soos hierbo gesien is. Hierdie sosiale wette en taboes van die vader is terselfdertyd die sosiale wette en taboes wat die struktuur van taal kenmerk. Dit is 'n sosiale gebod dat begeerte moet wag en dat enige formulerings deur die beperkende woord plaasvind. Die onbewuste se plek is nou buite die bereik van die bewuste vlak van taal, en op taalvlak word vanaf die een betekenaar na die ander beweeg in 'n poging om die "afwesighede" te probeer ondervang.

Soos die teken slegs betekenis kan verkry in die **afwesigheid** van die objek en as dit van ander tekens **verskil**, vind die leser-teks-oordragverhouding slegs plaas in die "leë" wêreld van taal, in die eindelose proses van verskil en afwesigheid, in die metonimiese ketting van betekenaars. Betekenis sal nie ten volle bepaal kan word nie, en leser en teks sal slegs van een betekenaar na 'n ander beweeg, in 'n oneindige ketting van betekenisvorming.⁵⁰ Die metaforiese wêreld van die spieël het nou plek gemaak vir die "metonimiese" wêreld van taal. Hierdie beweging van een betekenaar na 'n ander is die **begeerte** se beweging soos hy probeer om die **leemte** te vul.

Betekenisvorming lê dus in die "volle spraak" van psigoanalise waarby die transindividuele realiteit van die teks (Lacan, 1977a:49), dit is die onbewuste, ingesluit is. Die "leë spraak" van die teks is aangevul deur die simboliese interpretasie van die leser. Die onbewuste is dus voortdurend besig om te praat in

⁵⁰ Ook Derrida (1988:119) bied 'n oneindige ketting van betekenisvorming aan. In sy teorie word 'n spel van vervangings van een betekenaar deur 'n ander aangebied omdat daar nie erkenning gegee word aan die sentrum wat voorheen die spel van vervangings begrond het nie.

die oordragsituasie. En hy praat omdat daar iewers 'n leemte is. Die leser sal in die oordragsituasie die leemtes probeer raaklees deur die betekenaars in die teks op te spoor wat nie deur die betekendes voltooi kan word nie. Die leser kan die begeerte van die teks probeer peil deur die onverenigbaarheid tussen die behoefte en eis van die teks raak te sien. Dit sal 'n onvervulbare begeerte wees omdat die leemte, weens die onbewuste wat voortdurend teenwoordig is, nooit opgevol kan word nie.

Die teks sal nooit 'n finale betekenis of 'n finale "ruspunt" bereik nie, omdat betekenis altyd in die veld van die "Ander" lê. Dit lei na 'n eindelose beweging van een betekenaar na 'n ander. Dit sal so wees omdat die begeerte nooit "vervul" kan word nie, omdat die leemte altyd skreeuend sal bly.

Literêre betekenisvorming in die Lacaniaanse idioom is dus gesentreer om 'n "leemte". Die literêre teks is inhoudelik dikwels rondom 'n leemte gesentreer. Lacaniaanse betekenisvorming is egter nie bloot op die inhoudelike gerig nie, maar op die lees van die teks se onvervulde begeerte soos dit in die oordragsituasie tussen teks en leser geskep word. Dit kan so gebeur omdat beide die teks en die leser se onbewustes hier betrek word. Kyk na die rol wat begeerte speel:

...man's desire finds its meaning in the desire of the other,
not so much because the other holds the key to the object
desired, as because the first object of desire is to be
recognized by the other (Lacan, 1977a:58).

En dis hier waar Lacaniaanse literêre betekenisvorming van moderne Resepsie-estetika verskil: in beide gevalle het die leser 'n betekenis-konstituerende funksie, maar in Lacaniaanse betekenisvorming word die onbewuste van die teks in die oordragsituasie gelees. Gräbe (1992:396) wys daarop dat oordrag 'n noodsaaklike voorvereiste vir interpretasie is, juis omdat die leser beïnvloed word deur die teks.⁵¹ Net soos dit vir die analis onmoontlik is om onaangeraak te bly

⁵¹ Iser (1978:167) beskryf hierdie oordragverhouding op 'n ander manier: In die teks-leser-kommunikasie kan die teks nie "terug antwoord" nie, en daarom moet daar sekere eienskappe in die teks ingebou word wat die kommunikasie aan die gang kan hou. Iser beskryf hierdie aspek van die kommunikasie deur die konsep van "oop plekke". Omdat die verholde gedeeltes in 'n teks (die oop plekke) tussen die onthulde gedeeltes geplaas is, sit dit 'n kommunikasieproses aan die gang: die verholde gedeeltes spoor die leser tot aksie aan om die openinge met projeksies in te vul. Die implikasies in die verholde gedeeltes verleen gewig aan die betekenis van die onthulde gedeeltes. Soos die verholde gedeeltes betekenis verkry in die leser se verbeelding, brei die onthulde uit om groter betekenis aan

deur die openbaring van die onbewuste begeertes van die pasiënt, is dit vir die leser van die (literêre) teks onmoontlik om nie beïnvloed te word deur die werking van die teks nie.

5.4 KRITIESE OORSIG

Die mens het nie 'n keuse nie - omdat hy moet werk om 'n bestaan te maak, moet hy inpas by die beskawing. En om in te pas, moet hy aanpassings maak deur sekere dinge wat hy graag wil doen, te onderdruk. Freud noem dit die "genotsbeginsel" wat deur die "realiteitsbeginsel" onderdruk word. Freud (1961:95) beskou menslike geluk en beskawing as onversoenbaar. Sy beskouing is dat die menslike instinkte - seks en aggressie - nie bevredig kan word as die beskawing, met al sy voordele, wil oorleef nie. As 'n beskawing gehandhaaf wil word, moet hierdie begeertes ingeperk word, en versoen word met die eise van die groep. Dit veroorsaak onderdrukking van sy konstitueel gegewe erotiese en aggressiewe begeertes, en 'n verplasing van die begeertes wat nie gesublimeer kan word nie, na die onbewuste. Die paradoks waarop Freud se werk berus, is dat die mens is wat hy is deur 'n onderdrukking van die elemente wat ons samestelling uitmaak.

Lacan herskryf hierdie proses in terme van taal. Waar die Freudiaanse subjek die ondraaglike las van die beskawing op sy skouers dra, dra die Lacaniaanse subjek die las van **taal** op sy skouers. Die begeerte moet wag, want enige eis moet eers "in die inperkende en beperkende woord" geformuleer word (Gräbe, 1992:392). Waar die Freudiaanse subjek betekenis verkry vanuit seksuele **verskil, uitsluiting** (hy kan nie sy ouers se minnaar wees nie) en **afwesigheid** (van sy moeder se liggaam), leer die Lacaniaanse subjek dat betekenis lê in 'n teken se **verskil** van ander tekens, en in die **afwesigheid** van die objek wat be-teken word. In die simboliese orde word die sosiale taboe dus in taal ingeskryf: soos die kind nie direkte toegang tot die realiteit (as volle besit van sy moeder se liggaam) het nie, het die subjek slegs toegang tot die leë wêreld van taal, tot 'n eindelose proses van verskil en afwesigheid in die beweging van een betekenaar na 'n ander. Hierdie beweging noem Lacan die beweging van "begeerte" wat ontspring uit 'n "leernte". Die subjek kan slegs tevrede wees met vervangende objekte.

te neem as wat aanvanklik gereken is. Die onthulde word op sy beurt dus verander as die verholde aan die lig gebring word (Iser, 1978:169).

In hierdie proses waar Freud se teorie in terme van taal herskryf word, word daar gebruik gemaak van die rol van die huisgesin in die gemeenskap, en van taal, wat by uitstek 'n sosiale aktiwiteit is. Taal, in Lacan se idioom, omsluit in der waarheid die hele situasie van die sosiale en die innerlike, want taal is beide in ons en ook dit waaruit ons gevorm is. Op hierdie manier trek hy 'n verband tussen die onbewuste en die menslike gemeenskap. Die onbewuste is dus nie iets "binne" ons nie, maar 'n effek van ons verhoudings met mekaar. Dit kan as 'n netwerk beskou word wat ons omring en ook deur ons beweeg, maar wat nooit vasgepen kan word nie. Dit is met ander woorde, soos taal self: rondom ons, maar ook terselfdertyd dit waarvan ons gemaak is. Daarom noem Lacan die onbewuste, sowel as taal, soms die "Ander": dit wat ons as subjekte in bestaan laat kom het, maar tog altyd buite ons bereik bly. En begeerte kan slegs ontstaan omdat die veld van die "Ander" - die linguistiese, seksuele en sosiale verhoudings - dit genereer. Alhoewel hy nie die effek wat die voortdurende veranderings op die sosiale vlak op die onbewuste kan hê, bewustelik uitwerk nie, is Lacan se teorie binne die taal as sosiale realiteit gestruktureer.

Lacan se teorie dra swaar aan die manlike elemente. In die sterk klem wat Lacan op die simboliese lê, verontagsaam hy die rol van die moederlike liggaam - wat by die suigeling in der waarheid dié belangrike rol speel. Omdat betekenisvorming deur 'n leemte plaasvind wat op die simboliese vlak fungeer, vind dit binne die outoriteit van die manlike diskoers plaas: dit is fallosentries gefundeer waarbinne die vroulike as 'n onvoltooide man beskou word. Al moet hierdie fallus nie letterlik opgeneem word nie, maar "simbolies", is die bevoorregte posisie wat daaraan met betrekking tot betekenisgewing gegee word, tog buite verhouding met die vroulike. Betekenisgewing word rondom die fallus georganiseer: die "Wet-van-die-vader" impliseer dat die man heers in die "Naam-van-die-vader" (Lacan, 1977a:66-68). In die simboliese word seksualiteit as betekenis gekonstrueer, en dit dra swaar aan fallosentrisme.

Hierdie kritiek ten spyte, dra die betekenisvorming, waarby die rol van die onbewuste ingesluit is, in 'n belangrike mate by tot die uitbreiding van die teks. Deur die insluiting van die rol van die onbewuste word die veld van betekenisvorming inderwaarheid uitgebrei en 'n nuwe manier waarmee die literêre teks benader kan word, word aangebied. In die bespreking wat volg van Belemmering, vind die betekenisvorming in die oordragsituasie tussen teks en leser plaas as die onbewuste, as gevolg van die leemtes in die teks, begin "praat".

5.5 BELEMMERING - LETTIE VILJOEN (1990)⁵²

5.5.1 Inleidend

Hierdie teks se betekenisvorming word in samewerking met die leser gevorm as die leser probeer om die teks se onervulde begeerte te lees. Leser en teks se begeertes is op mekaar gerig en so word die onbewuste van die teks in die oordragsituasie gerekonstrueer. Die onbewuste is voortdurend besig om in hierdie oordragsituasie te praat omdat daar iewers 'n leemte is.

Hannah gaan as paleontoloog na die Weskaap waar sy by haar oom en tante gaan bly terwyl sy navorsing doen. Sy neig voortdurend om terug te leef na haar familie, haar oorlede vader en broer wat opgehou praat het, wat sy agtergelaat het met haar verhuising na die Weskaap. Louise Viljoen (1992:6) bring hierdie terugleef ook in verband met Hannah se paleontologiese belangstelling in prehistoriese tydperke en haar terugdelf in die volks- en familiegeskiedenis. Ek sien hierdie terugleef ook as 'n betekenaar van die rol van die onbewuste, en selfs die kollektiewe onbewuste, wat in jou verlede gevorm word. Omdat hier meer as een leemte in die teks is, is die onbewuste voortdurend besig om op 'n verhulde manier saam te praat.

5.5.2 Die onervulde begeerte van die teks

5.5.2.1 *Die leemte tussen daadloosheid en daadkragtigheid*

Die teks se onervulde begeerte word in die leemtes tussen verskillende opposisies in die teks gevind. Die belangrikste is die opposisie **daadkragtigheid / daadloosheid**. "Hoe is dit dan moontlik", vra Malan (1991:88), "'n boek oor opstand, magsverhoudings, oorlog, geweld, verowering, grensverskuiwings... waarin daar wesenlik niks **gebeur** nie?" Dit is juis in hierdie onmoontlike moontlikheid (en hier is Malan se blindheid my insig) waar die belemmeringe van die teks lê. Want dit is presies dít wat 'n belangrike leemte in die teks is: dat daar nooit by die daad uitgekom word nie. 'n Leemte word gevorm tussen die mans op die berg se daadloosheid en die historiese daadkragtigheid waarvan oral in die teks vertel word.

⁵² Verwysings na hierdie teks sal tussen hakies aangedui word.

Hierdie twee opposisies word nooit in die teks met mekaar versoen nie. Hulle kan nie by mekaar uitkom nie, omdat 'n leemte belemmerend tussen die twee lê.

Die **daadloosheid** word uitgebeeld deur 'n groep mans wat hulleself in die berge inrig om voorbereidings te tref vir een of ander militêre optrede. Hulle bestudeer kaarte, bespied die gebied en wag vir instruksies van hul afwesige leier, Geelgert. Hul strategiebeplanning en bestudering van die kaarte word telkemale 'n konkrete uitbeelding van die ontwykende betekende. Dit vind soos volg plaas:

"Hoe kan ons dit as vanselfsprekend aanvaar-" begin Kallas.

"Daar is nie 'n deurlopende roete hier nie," val Polla hom in die rede.

"Maar daar behoort te wees," sê Kallas. Hy wieg heen en weer en sprei sy hande oop soos waaiers. "Dit hang daarvan af hoe dit benader word. 'n Benadering in stukkies en brokkies gaan ons nêrens -"

"Hoekom die grense hier gooi?!" val Polla hom weer in die rede.

"Wie sê die grense word hier gegooi?" vra Kallas.

"Lyk my daar is geen doel daarin om dit só te benader nie," sê Ben [51].

Hulle doen en late word min of meer in die volgende gedeelte opgesom:

Hulle praat oor maneuvres, oor verrassings, oor taktieke; hulle verskil oor die kardinale punte op die roete. Hulle praat oor verdelings, oor splete, oor wat hulle kan antisipeer. Spaans sê dan is daar geen punt meer om by uit te kom nie en Baart vra of dit sal help as hulle weet hoe lank hulle nog hier gaan bly sit. So sit hulle ure aaneen kop aan kop, en soms dui hulle 'n spesifieke plek op die kaarte aan. Maar tot 'n behoorlike vergelyk kan hulle nooit meer kom nie [153].

Hulle kom dus nie by betekenis uit nie, net soos toe Taloes een nag in die dorp gaan slaap het, maar niks aan hulle vertel nie. Die vraag wat hulle vra oor wat hy daar aangetref het, bly onuitgesproke in die lug hang [154].

Ook die inhoud van Polla se dagboek bly 'n leemte:

Deneysen vind homself dikwels in die versoeking om Polla se dagboek op te tel en te lees. Wat sou daarin onthul word as dit 'n dagboek is, of selfs as dit nie 'n dagboek is nie? So het baie in al die maande onuitgespreek gebly [220].

Maar hy lees dit nie en later werp Polla dit in die vuur [241]. Nou sal niemand ooit weet wat daarin gestaan het nie.

Ook **Geelgert** belemmer betekenisvorming omdat hulle voortdurend vir hom wag. Dwarsdeur die teks is daar aanduidings dat hulle op sy instruksies wag om te kan optree. Alhoewel hy oor daadkragtige eienskappe beskik, ("Hy het 'n geweldige preokkupasie met mag!" sê Taloes. "Hy roep onderwerpingsgedrag op" [133]), kom daardie eienskappe nooit na vore nie. In hul plek is net 'n leemte. En voordat hy hulle kon gebruik, verdrink hy [248].

Die opblaas van die berg [242] kan as die oopmaak van verskillende betekenismoontlikhede raakgelees word: baie betekenaars skiet in verskillende rigtings uit. Dit kan gelees word as die oplossing van die daadloosheid, as 'n ontkenning van al die gewerskaf met die kaarte, waarvan daar uiteindelik net laag op laag gesamentlike ekskrement oorbly; of dit kan juis as enigste daadkragtige ding wat plaasvind, geen betekenis hê nie, omdat Polla agterna nooit gevind is nie.

Teenoor hierdie daadloosheid lees die leser die **daadkragtigheid** van die geskiedenis as beklemtoning van die leemte in die teks. Grepe uit die geskiedenis van die Ossewa Brandwag [20] word aangebied, oor generaal De la Rey [54], die laaste dae van Konstantinopel [64], De Wet [106, 124, 227, 232], Magersfontein [140], Majuba [162], en die skiet van Harris [175].

In die oordragsituasie affekteer hierdie opposisie die leser om ook ander opposisies in die teks raak te lees, want die twee pole van hierdie opposisie verwys na die pole van ander opposisies in die teks soos **manlik/vroulik, mag/magteloosheid, doener/dromer, praktyk/teorie, bewuste/onbewuste**. Ook tussen hierdie opposisies is daar 'n leemte wat verhoed dat die een by die ander kan uitkom, terwyl die pool van die een opposisie die betekenaar is vir die pool van die volgende opposisie - 'n proses wat voortgaan sonder dat daar by finale betekenisvorming uitgekom word. Daadkragtigheid is byvoorbeeld die betekenaar van manlikheid, wat die betekenaar is van mag, wat die betekenaar is van Geelgert as doener, ensovoorts. Omdat hierdie betekenaars nie deur die betekendes voltooi word nie, word die leemte in die teks daardeur raakgelees. Die leser en die teks beweeg dus van een betekenaar na 'n ander, wat begeerte se beweging is soos dit probeer om die leemte te vul.

5.5.2.2 *Die leemte tussen die manlike en die vroulike*

Die daadkragtigheid is die betekenaar vir die manlike pool in die opposisie **vroulik/manlik**, terwyl die daadloosheid die betekenaar is van die vroulike pool. In hierdie opposisie word die leemte tussen verskillende hoofstukke (of narratiewe lyne) in die teks gevind. Tussen die hoofstukke waarin Hannah se verhaal aan die orde gestel word (die vroulike), en die verhaal van die mans op die berg (die manlike), is daar 'n leemte. Die twee verhale kom nooit by mekaar uit nie of hulle vorm nie gesamentlik betekenis nie. Op 'n stadium vermoed die leser dat die vrou en kind vir wie Taloes gaan kuier het, Grieta en haar kind is, maar later word hierdie verwagting gefrustreer as dit duidelik word dat die vrou se naam Rosie Carelse is [168].

Die teks begeer wel dat hierdie leemte gevul word en die leser peil dan ook hierdie onvervulde begeerte van die teks as sy die onverenigbaarheid tussen die behoefte en eis van die teks raaksien: tussen hierdie twee verhaallyne is daar voortdurend betekenaars vanuit die een verhaallyn wat na betekenaars in die ander verhaallyn uitreik, maar sonder dat betekenis gevorm kan word. Die leemte kan dus nie oorbrug word nie. In Hannah se verhaal vertel Oom hoe die Boere hulle gewere begrawe het [22]. Dit vorm 'n parallel vir die pakkies wat die mans volgens Geelgert se instruksies moes begrawe [31, 63, 141]; die voorstelling van Hannah se broer wat 300 pond dooie gewig kan optel [103], vorm 'n parallel met Karel se uitsonderlike krag as hy die rots oplig [243]; Oom se vertelling van Majuba toe die dooie Skotte in die bome bly hang het [163], stem ooreen met Allie se droom waar hy onderstebo hang as die wêreld eindig [217], en ook met Kallas se hangende gestalte waar hy homself aan die dakbalk probeer ophang het [233]; Hannah se opmerking dat berge opgeblaas kan word [144] het 'n parallel in die manne se verhaal as Polla die berg opblaas [242].

Die betekenisloosheid van die manlik-vroulike-opposisie met 'n leemte kom na vore in Hannah se waarskuwing teenoor Mirandah wat opgewonde is oor die mot wat uit die kokon uitgekom het en vir haar baie sywurms gaan gee: "Die eiers kan nie bevrug word as daar nie 'n mannetjie is nie" [160]. Die man-vrou-verhouding, en veral die belemmering daarvan, is 'n baie basiese oerverhouding wat dan ook deur Taloes so ervaar word:

"Iets ouds het die afgelope tyd by my opgekom," sê Taloes.
"Iets in 'n baie primitiewe vorm. Dit hou verband met iets wat
'n vrou my kan gee of ontnem..."

"Ek wonder of ek in staat is om dit te vul," sê Taloes. "Of
daardie leemte ooit gevul sal word. Of liever, of ek in staat
is tot die vul van daardie leemte. En ek kan nie vasstel waar
die belemmering presies lê nie" [74].

Ook in Hannah se soeke na geluk bly die leemte onvervuld. Hannah gaan met 'n
bepaalde verwagting na die Weskaap, sy "kom ook haar geluk hier soek" [10]. Daar
ontstaan wel 'n verhouding tussen haar en Hendrik, maar dit werk nie uit nie, want
dit word 'n "onopgeloste, onoplosbare verbintenis" [172] wat nie meer vir een van
hulle "voldoende geluk en tevredenheid" bring nie [190]. Sy raak verknog aan Oom
en Tante se kleinkind, Mirandah, maar dié groei weg van haar af. Kinderloosheid
is by Hannah 'n leemte. Hierdie onvervuldheid is 'n betekenaar wat in die manne
se verhaal na dieselfde betekenaar verwys:

Taloes sê hy wonder hoe grondig aan homself hierdie gevoel
van leegheid - lewenslank - is. 'n Gevoel van onvervuldheid
[182].

Hierdie belemmering van die manlik-vroulike-verhouding affekteer die leser weer
eens in die oordragsituasie om die belemmering na die hele familieverhouding uit
te brei. Daarom die talle verwysings in albei verhaallyne na verhoudings met die ma
en die pa en die sterk emosies wat daarmee gepaard gaan. As daar enige leemte
in hierdie verhoudings bestaan, lei dit tot "betekenisloosheid". Mirandah beskryf die
kind-ouer-verhouding as "'n Kind sonder sy ouers is soos 'n by sonder 'n nes!"
[173]. Die leemtes lei veral tot skuldgevoelens wat ook voortdurend dwarsdeur die
teks aan die bod kom. Grieta het byvoorbeeld 'n skuldgevoel omdat sy die kind in
die steek gelaat het [208]; Tante het skuldgevoelens oor foute wat sy weer met
haar kinders gemaak het [225]. Hierdie skuldgevoelens word so herhaaldelik
aangebied omdat dit leemtes uit die verlede is wat bepalend vir die hede is en
omdat dit "iewers diep in die psige verseël raak" [149]. En die leemte tussen gister
en nou is juis die "vergeet", soos wat Hannah vergeet het van die bome en die
boord by oom Dirkie-hulle [69]. (Dit reik weer uit na 'n betekenaar in die manne se
verhaallyn as Taloes bang is hy vergeet iets [87].) Dit word deur die bewuste
vergeet, maar weens die sterk emosionele krag in familieverhoudings, in die
onbewuste verseël.

5.5.3 Betekenaars van die onbewuste

Die daadloosheid van die manne op die berg is ook 'n betekenaar van die **onbewuste**. Omdat daar 'n leemte is, is die onbewuste voortdurend besig om te praat. Die onbewuste praat deur baie woorde in die teks, deur talle betekenaars wat deur die leser raakgelees word.

Voortdurend word melding gemaak van **pakke** en **pakkies** wat oor en weer oorhandig word [18, 69, 91], wat as betekenaars van die onbewuste diens doen. Die inhoud van hierdie pakkies word nie bekendgemaak nie, maar uit sommige pakke kom wel **kaarte** tevoorskyn [18]. (Weer eens vind die "kaarte" hul parallel in Hannah se verhaallyn as Mirandah vir haar kaarte vra om die lewe van die mot en die sywurm aan te teken [161].) Dis juis hierdie kaarte wat die mans van die "daad" af weghou want die interpretasies en bespiegelings rondom die kaarte word 'n soort strategiese "spel"; dit word die beweging van die betekenaar wat nooit by betekenis uitkom nie. Ook die talle **drome** en die **briewe aan haar dowe broer** [94, 128, 157, 240] is betekenaars van die onbewuste omdat hulle nooit by "betekenis" uitkom nie.

Pou en Polla kan onderskeidelik as vergestaltings van die bewuste en die onbewuste gelees word. Pou is die bewuste, want hy "belê sy aansienlike energie in die ganse sigbare wêreld; alles na buite gerig". Polla vergestalt die onbewuste:

Polla skryf gereeld in 'n boek. Deneysen neem aan dit is 'n dagboek. Voorts kan hy geweldig droom. Hy kan so intensief sit. Deneysen wonder waarheen sy kop met hom loop. Dit lyk soos 'n kop wat as iets hom vát, hy daarmee lóóp - in labirinte, ondergrondse netwerke, oer-doolhowe, dieper of vlakker. Heelwat van sy aansienlike psigiese energie... word onderaards gekanaliseer [50].

Hierdie "onderaards" is 'n betekenaar wat na die laaste hoofstuk verwys wat op sy beurt weer na die eerste hoofstuk verwys. Beide hierdie hoofstukke vind in die terrein van die onbewuste plaas - omdat daar iewers 'n leemte is. En in hierdie stadium van oordrag het leser en teks se begeertes by die volle spraak van die oordragsituasie begin uitkom. Die leemte word nie meer ervaar as "daadloosheid" nie, maar as die **onmag van die rol van mag** in hierdie hele daadlose situasie.

"Alles, vermoed ek," sê Chrissie, "het te make met fantasieë van almag of van algehele, álgehele magteloosheid."..

"Die onmag van kastrasie of die almag van die aanspraak op die falliese, die falliese bevoorregting...Of fantasieë...van maternale versorging of deprivasie. Dít," sê Chrissie, "is die grond waarop die transaksies, die daaglikse onderhandelings van mag uitgespeel word." [191]

En dít, hierdie aanhaling, wys op die onmag van die teks, en dit affekteer die leser om die onmag in die terrein van die manlike en vroulike, as dit wat sy alreeds as leemte in die teks raakgelees het, te plaas. Hier word die leser (analís) deur die teks (analísand) geaffekteer om haar insigte te verwyd: die leemte lê nie bloot tussen die manlike en vroulike nie, maar in die **onmag** van die manlike en vroulike.

5.5.4 Die onmag van die teks

Waarmee die mans op die berg eintlik besig was, was nie bloot die transaksies waarvolgens die daaglikse onderhandelings van mag uitgespeel word nie, maar hulle was besig met die grond, die basis daarvan. En dit is die fantasieë van die **manlike almag of onmag**, en in die vroulike verhaal word die fantasieë van **moederlike versorging of ontneming** gevind. Daarom die voortdurende spekulatiewe gesprekke oor al hierdie dinge. Die leser lees die leemtes in hierdie opposisie, in die manlik-vroulik-opposisie, as die belangrikste belemmeringe in hierdie teks. Die leemte in die manlike almag is juis die onmag en die leemte in die moederlike versorging word juis in die ontnemings gevind. Eintlik is die almag en die versorging bloot fantasieë, want die leemtes daarin maak van hulle nie bewuste werklikhede nie, maar onbewuste begeertes. Dit is in albei gevalle **begeerte tot mag**. Deur hierdie "begeerte tot mag" van die manlike en die vroulike lees die leser die teks se begeerte in sy eie begeerte raak. Hierdie begeerte tot mag is 'n onervulde begeerte in die teks wat nooit tot voltooiing kom nie, maar slegs in die beweging van die betekenaar gelees word. 'n Belangrike betekenaar is **Generaal C**.

Ek dink nie die gedeeltes waarin Generaal C figureer, [48, 86, 109, 138, 195] is 'n derde verhaallyn nie. Dit lyk meer na die uitbeelding van die onbewuste. Generaal C is 'n betekenaar van die onbewuste wat uitwys na ander betekenaars. Telkemale word verwys na sy swaar been wat in die konteks van die teks uitwys na sy

beswarende verlede wat hy voortdurend met hom moet saamdra, want mens kan daar nie van loskom nie. Van Hannah word elders gesê "Haar beswarende verlede dra sy intiem met haar saam" [168]. Maar die vraag wat die leser onderling aan die teks vra, is, wie is Generaal C nou eintlik? Dit lyk of hy figureer as die vergestaltung van mag, want as betekenaar verwys hy na 'n paar ander betekenaars wat almal aan mag gekoppel word. Hy kan moontlik generaal Collie wees wat die Engelse by die Slag van Amajuba aangevoer het [164]; hy verwys ook na generaal Christiaan de Wet; hy verwys selfs na die Afrikaanse Buffel met sy "groot kop" en sy kakebeen wat so geweldig swaar word, "asof dit 'n verlenging van die yslike nekstruktuur word" [49]. Hierdie betekenaars belemmer betekenisvorming want almag sowel as onmag word hierdeur uitgebeeld. Die Afrikaanse buffel (wat konnotasies inhou van die Afrikaanse manlike chauvinis, maar ook militêre konnotasies as voertuig) versinnebeeld gewelddadige mag, net soos die gegewe op die laaste kaart waarna Generaal C kyk: die skaamtelose onthullings van die hangendes (wat, soos ons gesien het, op dooies dui). Ook word die Afrikaanse buffel uitgebeeld as die "edelste dier in Afrika" [252]. Generaal Collie versinnebeeld op sy beurt weer onmag, of gekastreerde mag omdat hy doodgeskiet is terwyl hy die wit vlag opgehou het. Generaal C kan nie finale betekenis aanneem nie, want sy betekenaars dui op teenoorgestelde dinge. Die leser lees die onmag van kastrasië sowel as die falliese bevoorregting in hierdie onbewuste van die teks. Die leemte lê in die onmag van die teks om die manlike chauvinis as mag uit te beeld.

Geelgert word as magsfiguur gesien wat die onderwerpingsdrang oproep. Tog kry die teks nie reg om hom as magsfiguur uit te beeld nie, want behalwe dat hy 'n "daadkragtige doener" is, is hy ook 'n "ontwykende dromer".

Maar die teks vertoon ook 'n onmag om die **vrou** as vervulde moeder en vrou uit te beeld. Die moederlike versorging wat Hannah probeer uitleef sowel as die vervulling wat sy by die teenoorgestelde geslag soek, word gefrustreer soos hierbo gesien is. Maternale deprivasie word oral in die teks uitgebeeld in die skuldgevoelens wat die moeders oor die opvoeding van hul kinders het, soos Grieta en Tante. Vroulike mag word ook verbreek omdat kinders groot word en hul moeders in die proses verwerp.

Hierdie **onmag van die rol van mag** word finaal besweer in die laaste en eerste hoofstukke van die teks wat as onbewuste uitgebeeld word. In die laaste hoofstuk vind 'n "onderaardse" gesprek tussen Hannah en haar broer plaas. Hierdie

onderaardse plek is die plek waar die verskillende lae van die geskiedenis neergelê word, met ander woorde, die plek van die onbewuste. In hierdie koue vorm fossiele. Daarom is haar twee oupas daar, hul pa, neef Chrisjan. Hier is ook sprake van die Afrikaanse buffel. Almal manlike lede uit die geskiedenis en familiegeskiedenis: die kollektiewe onbewuste van die chauvinistiese geskiedenis. Maar hulle lag. Hulle lag omdat hulle fossiele is. Fossiele uit die verlede. Die manlike chauvinis geld vandag nie meer nie. Die teks kon dit nie meer regkry om hulle as magsfigure uit te wys nie. Daarom lag die verteller ook saam, hy lag oor die leemte in hierdie teks, oor die onmag van die rol van mag, oor die onmag van die Lacaniaanse Fallus. Die teks lag hulpeloos saam oor sy eie onmag.

Maar hierdie lag kan ook bevrydend ervaar word. Dit bevry die Lacaniaanse fossiel van sy starheid, en maak dit oop vir verskil, andersheid. Dit bevry die vrou van fallosentrisme: daarom vind die man en vrou in die teks mekaar nie op die tradisionele manier nie, maar aan die einde van die teks - wat na die begin terugverwys - groet man en vrou mekaar. Die ysige koue in die slothoofstuk verwys na haar "ysige wange" in die aanvangshoofstuk. Dit verbind die twee hoofstukke sodat die aanvangshoofstuk ook as uitbeelding van die onbewuste beskou kan word. Hier groet man en vrou mekaar. Heel aan die begin bied die onbewuste van die teks dus al die leemte tussen die manlike en vroulike aan, wat, soos gesien is, deur die twee verhaallyne vergestalt word. Omdat die teks in die onbewuste begin en eindig, is dit 'n aanduiding dat die betekenisvorming van die teks "verby" dit sal gaan wat die teks sê, dat die onbewuste ook self sal begin "lees".

Hier is dus nie net sprake van 'n enkele leemte nie, maar verskeie leemtes, en van tallose betekenaars wat na ander betekenaars verwys sonder om by 'n finale betekenis uit te kom. Daar is nog talle betekenaars en leemtes wat uitgewys kan word, maar omdat die betekenisvorming van die teks plaasvind deur die lees van die onbewuste van die teks deur die onbewuste van die leser, sal die leemtes wat in die leser se diskoers is, deel vorm van die betekenisvorming, en daarom moet dit daar wees...

5.5.5 Slot

In die oordragsituasie tussen teks en leser word die belangrikste leemte in die teks eerstens in die opposisie **daadkragtigheid/daadloosheid** raakgelees. In die oordragsituasie affekteer die teks die leser om ook ander opposisies in die teks

raak te lees omdat die pole van hierdie opposisie as betekenaars optree vir die pole van ander opposisies. Op hierdie manier word die leser binne die oordragproses geaffekteer om die leemte van die teks veral in die **manlik-vroulike**-opposisie raak te lees. Die leser lees die teks se onvervulde begeerte raak as die teks die leemte tussen die twee verhaallyne nie kan oorbrug nie, maar daar net voortdurend deur betekenaars na mekaar uitgereik word. Weer word die leser in die oordragverhouding geaffekteer as hierdie belemmering van die manlik-vroulik-verhouding die leser lei om belemmerings ook in die ouer-kind-verhoudings raak te lees. Maar haar grootste insig kom wanneer die teks aan haar oordra dat die groot leemte nie bloot tussen die manlike en vroulike gevind word nie, maar in die **onmag** van die manlike en vroulike: in moederlike ontneming en manlike onmag.

5.6 GEVOLGTREKKING

Dit klink na 'n vreemde bewering om te maak, maar Lacaniaanse psigoanalitiese betekenisvorming vertoon inderwaarheid 'n groot ooreenkoms met die dekonstruktiewe betekenisvorming van Derrida. Lacan se betekenisvorming volg die pad van die betekenaar omdat daar 'n leemte is. Derrida se betekenisvorming volg ook die pad van die betekenaar omdat daar 'n leë sentrum is. Albei se betekenisvormings vind binne taal plaas en albei word gekritiseer omdat hulle nie die rol van die sosiale direk in hul teorieë aanspreek nie. In albei gevalle word die sosiale wel op 'n indirekte manier betrek. By Lacan is die simboliese orde waarin die subjek gevorm word 'n voorafgegewe struktuur van sosiale en seksuele rolle en verhoudings waaruit die gemeenskap bestaan. Die sosiale is op hierdie manier reeds ingeskryf in die taalorde waarbinne hierdie betekenisvorming plaasvind. Die binêre opposisies wat deur dekonstruksie gedekonstrueer word, (manlik/vroulik, binne/buite, sentraal/marginaal) is ook nooit blote linguistiese onderskeidings nie, want die magsverhoudings is alreeds daar ingeskryf.

Vandag is die aanspraak dat teoretiese benaderings ook 'n rol moet speel in die sosiale, of in sosiale verandering of weerstand tot verandering, hoog. Daarom die groot klem wat daar deesdae gelê word op die geskiedenis en die kultuurteorie. Dit beteken egter nie dat die sosiale of politieke op betekenisvorming afgeforseer moet word, soos ons gesien het met Jameson se benadering die geval was nie. Hy het literêre betekenisvorming onderdanig gemaak aan die groot kollektiewe politieke verhaal van die ontworsteling van Vryheid uit Noodsaak. 'n Meer verfynde benadering is nodig waar die kunste in gedrang kom - 'n benadering waarvolgens

die politieke en sosiale ook by die teorie geakkommodeer kan word om deel van die betekenisvoring uit te maak, sonder dat daar 'n vooraf meesterkode, soos die politieke horison, gegee word, waarvolgens die betekenisvorming van die teks vooraf bepaal word. Dekonstruksie en psigoanalise bied wel so 'n akkommoderende benadering aan, maar net nie in 'n kru voor-die-hand-liggende aanbod nie. Daarom kan Bracher (1993) 'n psigoanalitiese kulturele kritiek aanbied wat op Lacan se nosie van "begeerte" gebaseer is.

If culture plays a role in social change, or in resistance to change, it does so largely by means of desire.... It is thus desire rather than knowledge that must become the focal point of cultural criticism if we are to understand how cultural phenomena move people (Bracher, 1993:19).

Volgens Bracher word begeerte se kulturele aspek gevind in Lacan se uitspraak dat begeerte die begeerte van die Ander is. Bracher (1993:20) identifiseer twaalf basiese vorme van begeerte waarvan veral die tweede, "passiewe narcissistiese begeerte", wat op identifikasie gebaseer is, van sosiale belang is. Bracher se benadering is 'n voorbeeld van hoe psigoanalitiese betekenisvorming wel akkommoderend kan optree wat betref die kulturele of sosiale.

Lacan se betekenisvorming in die oordragsituasie, soos hierbo aangebied, strek dus wyer as bloot die enkele leser en enkele teks wat teenwoordig is. Die hele oordragsituasie akkommodeer die "Ander" in verskillende vorme, en omdat die leser ook **geaffekteer** word in die oordragsituasie, staan hierdie benadering selfs nie buite 'n kultuurteoretiese benadering nie, want hierdie benadering is veral bewus daarvan dat kritiek, om sosiaal betekenisvol te wees, op die **effekte** van die kulturele artefak op die subjek moet fokus (Brantlinger, 1990:ix; Eagleton, 1983:205-206; Johnson, 1987:72; Montrose, 1989:23; Poovey, 1990:617).

Die feit dat leemtes ook saam praat in hierdie oordragsproses, werk stimulerend op die leser se skeppende verbeelding in, en die saambeweeg van betekenaar na betekenaar, lei tot nuwe insigte by die leser as sy in die oordragsituasie geaffekteer word. Omdat betekenis altyd in die veld van die "Ander" lê, en lesers in die oordragproses verskillend geaffekteer sal word, kan betekenisvorming hier relativisties plaasvind.

Ook in Kristeva se teorie word die leser deur die effekte binne die oordragproses geaffekteer. By haar speel die ontwrigtende effekte van die semiotiese veral 'n belangrike rol, soos in die volgende hoofstuk gesien sal word.

HOOFSTUK 6

BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE: DIE SEMIOTIESE DISPOSISIE

Betekenisvorming vind in die oordragsituasie plaas, wat aanleiding gee tot meervoudige diskoerse en alternatiewe betekenisse. Die simboliese sowel as die semiotiese speel hier 'n rol. Die simboliese maak kommunikasie moontlik terwyl die semiotiese die ontwrigtende proses aan die gang sit waardeur die drange 'n betekenisvolle rol in die betekenisgewende proses kry. Die betekenis van die simboliese word hier oneindig gemaak as begeerte die diskoers hernu, en die kranksinnigheid van begeerte na vore kom.

Die leser lees die paragrammatiese, ortokomplementêre struktuur van die teks waarin die semiotiese proses van die onbewuste bestaan en omdat die ontwrigtende prosesse van die semiotiese in die oordragsproses begin intree, begin die leser dit self ervaar. Betekenisvorming vind dan in die delirium van die oordragsproses plaas.

Omdat die betekenisvorming grotendeels in die drange van die leser gevorm word, het ons hier met 'n onbeperkte subjektivisme en relativisme te doen. Tog kan hierdie beklemtoning van die semiotiese tot 'n aktiewe vernuwende betekenisvorming aanleiding gee, wat as 'n "ervaring" beskryf kan word. Die teks word uitgebrei "tot in die deliriese toe".

6.1 INLEIDING

Kristeva se werk is krities ingestel teenoor die patriargale sisteem wat op Aristoteliaanse logika gebaseer is. Daarom het sy kritiek op die formalisme, en word semiotiek in haar denke geherdefinieer. Sy het kritiek daarop dat taal volgens die formalistiese benadering afgeskei is van die sosio-historiese konteks, en van 'n subjek wat bloot net daarvan gebruik maak (Carusi, 1992:468). Kristeva kritiseer ook die feit dat semio-strukturalistiese analyses nie die sprekende subjek kan verklaar nie. Dit dui vir haar op 'n onvermoë om betekenisgewende sisteme in hul materialiteit te verklaar. Sy beskou taal en die subjek nie as skeibare entiteite nie,

⁵³ Kristeva is in 1944 in Bulgarye gebore. In 1966 verhuis sy op 25-jarige leeftyd met 'n doktrale navorsingsbeurs na Parys. Haar eerste twee boeke verskyn reeds in 1969 en 1970, en sy voltooi haar doktrale proefskrif, La Révolution du langage poétique, in 1974, waarna sy 'n leerstoel in linguistiek aan die Universiteit van Parys VII bekom. Sy is 'n lid van die Tel Quel-groep, en doseer ook aan die Universiteit van Columbia. Sy skryf:

1969. Séméiotiké, Recherches pour une sémanalyse. Paris : Seuil.
1970. Le Texte du roman. The Hague : Mouton.
1974. Des chinoises. Paris : Editions Des Femmes. Vertaal as 1986. About Chinese Women. New York & London : Marion Boyars, paperback edition.
1974. La Révolution du langage poétique. L'avant-garde à la fin du XIXe siècle. Lautréamont et Mallarmé. Paris : Seuil. Eerste deel in Engels vertaal as: 1984. Revolution in poetic language. New York : Columbia University Press.
1975. La Traversée des signes. (versamelwerk) Paris : Seuil.
1977. Polylogue. Paris : Seuil. Agt van die twintig essays in Engels vertaal in: 1984 (repr.) Desire in language. A semiotic approach to literature and art. Oxford : Basil Blackwell.
1979. Folle vérité. (versamelwerk). Paris : Seuil.
1980. Pouvoirs de l'horreur. Essai sur l'abjection. Paris : Seuil. In Engels vertaal as: 1982. Powers of horror: an essay on abjection. New York : Columbia University Press.
1981. Le langage cet inconnu. Paris : Seuil.
1983. Histoires d'amour. Paris : Denoel. Vertaal as: 1987. Tales of love. New York : Columbia Un. Press.
1985. Au commencement était l'amour. Psychanalyse et foi. Paris : Hachette. In Engels vertaal as: 1987. In the beginning was love: Psychoanalysis and faith. New York : Columbia University Press.
1987. Soleil noir, dépression et mélancolie. Paris : Gallimard. In Engels vertaal as: 1989. Black Sun: depression and melancholia. New York: Columbia University Press.
1990. Lettre ouverte à Harlem Désir. Editions Rivages. Vertaal as: 1993. Nations without nationalism. New York : Columbia University Press.
1991. Étrangers à nous-mêmes. Vertaal as: Strangers to ourselves. New York : Columbia University Press.

en hulle kan ook nie betekenisvol bestudeer word sonder om die sosio-historiese in ag te neem nie (Carusi, 1992:468). Daarvoor bied sy 'n translinguistiese betekenisgewende praktyk (semanalise) aan waarby die interafhanklikheid van taal, die subjek en die maatskappy ingesluit is. Die liggaam, dinge daarbuite en taal is momente van betekenisgewing binne hierdie praktyk.


Kristeva kritiseer die formalistiese benadering tot poëtiese taal. Vir die formalis is poëtiese taal 'n onreëlmatige gebruik van kommunikatiewe taal. Sy bied poëtiese taal op 'n ander manier aan. Haar semiotiese en psigoanalitiese benadering lei haar tot die formulering van 'n nuwe kritiese diskoers om 'n ander logika en realiteit wat sy raaksien, te reflekteer. Ook die onwaarneembare en die onmeetbare, die meer intuïtiewe diskoersmodusse, kry 'n plek in haar denke. Sy skryf die "liggaam" in taal in deur die rol van die drange ook in aanmerking te neem. Haar kritiek teen dekonstruksie berus dan ook op die feit dat hierdie onmeetbare en intuïtiewe faktore buite die ruimte van die betekenaar lê, wat die terrein van "différance" is, en dat die werklikheid van die drange van die "verbeelde" nie deur dekonstruksie in aanmerking geneem word nie.⁵⁴ Vir Kristeva word die geordende en rationallye aanvaarde voortdurend bedreig deur die "heterogene" en die "irrasionele".

Kristeva het die kwessie van literêre betekenisvorming, soos ek dit hier wil aanbied, nie uitgewerk nie. Tog kan betekenisvorming, soos dit binne haar teorie sou plaasvind, vanuit die betekenisgewende praktyk van haar semanalise afgelees word. Dit kan so gedoen word omdat die subjek (wat hier terselfdertyd die betekenis is) as betekenisgewende praktyk van poëtiese taal nooit werklik in haar teorie "as subjek" gevestig word nie, omdat dit eerder 'n proses is as 'n entiteit. Dit kan ooreenstem met die literêre betekenisvormingsproses. Dit word in hierdie studie aangebied as 'n oordragsituasie tussen teks en leser. Dit is nie 'n reglynige oordrag nie, maar dit vind binne die betekenisgewende praktyk van haar "semanalise" plaas.

⁵⁴ Carusi (1992:469) wys op die verskil tussen semanalise en dekonstruksie: in semanalise word 'n sprekende subjek in die oneindige proses van betekening ("différance") geïmpliseer asook die implikasies van die feit dat die subjek binne 'n sosio-historiese konteks staan.

6.2 DIE BETEKENISGEWENDE PRAKTYK VAN SEMANALISE

Betekenisvorming vind vir Kristeva plaas deur die heterogeniteit, poëtiese logika, die drange in die onbewuste en oorskryding van die rasonale (wat alles die betekenisgewende praktyk van haar semanalise uitmaak). Om die implikasies hiervan te verstaan, is dit nodig om hierdie begrippe te verduidelik. In die volgende tabel word hierdie begrippe, wat verderaan verduidelik word, diagrammaties aangebied:



Kristeva se "semanalise" is 'n betekenisgewende praktyk of proses wat die semiotiese sowel as die simboliese insluit. Dit is 'n proses waarin die simboliese telkens deur die semiotiese oorskry word, met die gevolg dat die studie van betekenis vir Kristeva nie meer as statiese tekensisteem bestudeer kan word nie. Die **simboliese en semiotiese** beskryf die psigiese werkinge wat min of meer ooreenstem met die **fenoteks en genoteks** op tekstvlak en met die **zero-1- en zero-2-logikas** op die vlak van die poëtiese taal. Die reglynige zero-1-logika van die simboliese word in Kristeva se betekenisgewende praktyk deur 'n poëtiese, of zero-2-logika verryk.

6.2.1 Poëtiese logika (Zero-2)

Kristeva spreek haar reeds vroeg in haar Séméiotiké uit teen die beperkende formalistiese logika wat deur die wetenskap gebruik word. Dit is nie 'n geskikte logika om poëtiese taal mee te benader nie omdat taal se materialiteit (produktiwit-

eit) en die ware aard van die teks nie in aanmerking geneem word nie. Hierdie wetenskaplike logika word deur Kristeva 'n zero-1-logika genoem. Die formalistiese beginsels van hierdie logika word deur Lechte (1990:94) opgesom as:

- a. 'n aksiomatiese metode ('n bestaande stel bewese aksiome is die uitgangspunt vir die ontwikkeling van nuwe aksiome);
- b. 'n wet van identiteit ($a \equiv a$) wat geld omdat bestaan vry is van kontradiksie;
- c. 'n wet van die uitgesluite middel ($a = b$ of $a \neq b$) omdat daar nie 'n derde manier is nie;
- d. beslisbaarheid oor elke matematiese of logiese probleem.

Die zero-1-diskoers is dus 'n monologiese diskoers wat nie andersheid, ontkenning ("negation"), opposisie, kontradiksie kan akkommodeer nie. Dit is diskoerse wat op definisie en op die uitsluiting van valsheid berus. Sodanige diskoerse is bivalent (óf die een, óf die ander), homogeen, en onderwerp aan die wet van die "Een", wat in beginsel 'n perfekte eenheid of identiteit is wat verskil uitsluit.

Kristeva bied 'n zero-2-logika aan wat bogenoemde formalistiese beginsels oorskry. Omdat die 1 van zero-1 oortree word, verval die vaste aksioom as uitgangspunt. Die wet van identiteit en beslisbaarheid verval daarmee saam omdat poëtiese taal juis kontradiksie beliggaam: lewe en dood, goed en kwaad bestaan saam in die teks. Die wet van die uitgesluite derde word vervang deur 'n ortokomplementêre struktuur. Dit beteken dat twee komplemente terselfdertyd bevestig en ontken kan word, byvoorbeeld lig wat beide golf en partikel kan wees, en terselfdertyd nie een van die twee nie. Kristeva noem dit 'n "nie-sintetiese hereniging van sy twee of meer komplemente" (Kristeva, soos aangehaal in Zepp, 1982:82).

Volgens Kristeva (1986:41) is die 1 in die zero-1-logika die linguistiese, psigiese of sosiale "verbod" (God, die Wet, Definisie). Die poëtiese diskoers is die enigste linguistiese praktyk wat hierdie verbod kan ontglip. Daardeur word die etiese kwaliteite wat inherent aan die zero-1-sisteem is - die wette, definisie, monologisme - oorskry om by zero-2 uit te kom. Die 1 word letterlik "oortree" om by die poëtiese dubbel uit te kom.

Poëtiese taal is vir Kristeva (1986:40) "dubbel" of **paragrammaties**:⁵⁵ dit is tegelyk 'n spesifieke logika en sy implisiete ontkenning. Paragrammatiese skrywe is 'n

⁵⁵ Derrida (1981:209) se "hymen" sluit hier by Kristeva se denkwysse aan. Dit is terselfdertyd 'n opheffing en samevoeging van teenoorgesteldes.

beweging tussen die werklike en die nie-werklike; spraak en nie-spraak, ensovoorts (Lechte, 1990:109-110). Tussen hierdie terme is daar 'n "nie-sintetiese hereniging". Die paragram word gevind in nie-uitsluitende opposisies soos natuur-gemeenskap, wet-rewolusie, individu-groep, ensovoorts. Kristeva (1986:43) se paragram sluit aan by Bakhtin se "ambivalente woord", omdat die logika en sy implisiete ontkenning albei ingesluit word. Taal word as ambivalent ervaar wanneer die skrywer 'n ander se woord gebruik en 'n nuwe betekenis daaraan gee terwyl dit die betekenis wat dit gehad het, ook behou. Hierdie ambivalensie van poëtiese logika veroorsaak dat ons in plaas van 'n vaste objek of identiteit, 'n tussenspel van verskeie komplemente kry, wat deur Kristeva, na aanleiding van Bakhtin, 'n dialogisme genoem word.

Die karnavaleske struktuur wat Bakhtin teenoor 'n monologiese struktuur stel, maak ook Kristeva se onderskeiding tussen zero-1- en zero-2-logikas duidelik. Realistiese beskrywings van byvoorbeeld karakter behoort aan die zero-1-interval, en is monologies. Die karnavaleske diskoers bereik zero-2-logika omdat dit wette van die linguistiese kode en van sosiale moraliteit oortree (Kristeva, 1986:41). Dialogiese diskoers sluit vir Kristeva (1986:47) die karnavaleske, die Menippeaanse sowel as die polifoniese roman in. Dit is vir haar 'n zero-2-diskoers, want

In its structures writing reads another writing, reads itself and constructs itself through a process of destructive genesis.

Volgens Kristeva (1986:56) word identiteit, substansie, oorsaaklikheid en definisie (zero-1) deur dialogisme en Menippeaanse ambivalensie oortree sodat analogie, verhouding, opposisie hul plek inneem.

Kristeva (1986:41) vind dit nodig om 'n literêre semiotiek op die basis van 'n poëtiese logika te ontwikkel wat die zero-2-interval kan akkommodeer, "a continuity where 0 denotes and 1 is implicitly transgressed". Die semiotiek wat sy ontwikkel, noem sy **semanalise**. Kristeva (1986:28) se projek van semanalise oriënteer semiotiek weg van die studie van betekenis as statiese tekensisteem na die analise van betekenis as 'n "betekenisgewende proses".

Literêre betekenisvorming sal vir Kristeva dan deur die betekenisgewende praktyk van die simboliese en semiotiese plaasvind. Dit vind plaas, soos verderaan

verduidelik sal word, in die oordragproses tussen die skrywende en lesende subjekte waarbinne Kristeva se betekenisgewende praktyk figureer.

6.2.2 Die simboliese en semiotiese

Binne die betekenisgewende proses is daar twee modaliteite wat taal konstitueer, naamlik die "semiotiese" en die "simboliese" (Kristeva, 1986:92).

Die **simboliese** kommunikeer "betekenis" (soos die strukturalisme en generatiewe grammatika dit bestudeer) deur 'n transendentale subjek-ego (Kristeva, 1988:239). Die simboliese is teties en sintakties. Die **tetiese** is hier belangrik omdat dit die konstituering van die simboliese met sy vertikale stratifikasie (referent, betekende, betekenaar) toelaat (Kristeva, 1986:113). Die simboliese is 'n terrein van betekenisgewing waarin 'n proposisie of 'n oordeel 'n rol speel. Dit is met ander woorde, 'n terrein van posisies, wat deur Husserliaanse fenomenologie as "doxa", "posisie" of "tese" aangedui is. Hierdie posisionaliteit vorm 'n breuk in die betekenisgewende proses waardeur die **identifikasie** van subjek en objek as voorvereiste van proposisionaliteit gevestig is (Kristeva, 1986:98). Die subjek skei van sy eie beeld en van sy objekte. (Soos byvoorbeeld die kind in die speelfase wat van sy eie beeld moet skei om dit afsonderlik waar te neem.) Hierdie breuk, wat betekenisgewing produseer, word deur Kristeva 'n **tetiese fase** genoem. Alle uitdrukkings, hetsy van 'n woord of sin, is teties.

"By **symbolic**, I mean precisely the functioning of the sign and predications", sê Kristeva (1988:239). Elders (Kristeva, 1986:28) noem sy dit 'n **fenoteks** ("phenotext"): die betekenisgewende sisteem soos dit homself aan die fenomenologiese intuïsie aanbied, beskryfbaar in terme van struktuur of volgens ander modelle.

Die **semiotiese** bly heterogeen aan betekenis. Die "heterogeniteit" wat daar in poëtiese en ook in gewone taal bestaan (Kristeva, 1980:133), maak 'n belangrike deel van Kristeva se benadering uit. Dit is 'n disposisie wat nie dié van betekenis of betekenisgewing is nie, maar van "no sign, no predication, no signified object and therefore no operating consciousness of a transcendental ego". Kristeva (1980:133) noem hierdie disposisie "semioties" ("le sémiotique"). Dit behoort aan die musikale en ritmiese effekte van taal. Dit is die primêre organisasie (in Freudiaanse terme) van drange deur ritmes, intonasies en primêre prosesse (Kristeva, 1988:239).

Geneties word die semiotiese in die eerste "echolalias" van die suigeling gevind. Dit funksioneer in die volwasse diskoers as supplementêr tot die teken en predikaat. Kristeva (1986:28) noem die semiotiese ook 'n **genoteks**: die artikulering van die drange wat deur die sosiale kode begrens is, maar nog nie na die taalsisteem herlei is nie. Die semiotiese vergelyk met Lacan se "imaginêre fase" omdat dit verbind is aan pre-Oedipale primêre prosesse en gelyktydig tweeledig (lewe/dood; ekspulsie/introeksie) en heterogeen is (Kristeva, 1986:12). Die semiotiese is dus voor-simbolies; voor die verdeling tussen betekenaar en betekende.

Kristeva se semiotiese vergelyk ook met dit wat Plato die **chora** (Grieks vir "baarmoeder") genoem het: 'n staat van taal buite die woord, wat vir hom 'n moederlike konnotasie het. Dit is 'n bewaarplek ("receptacle"), 'n plek voor die ruimte wat alreeds benoem is (Kristeva, 1988:239). Die chora is dus 'n presimboliese toestand en die pre-simboliese ervaringswêreld van die kind word met hierdie term aangedui. Die chora is die lokus van die drange se aktiwiteit wat die semiotiese onderlê. Kristeva (1986:93) definieer dit soos volg:

...a non-expressive totality formed by the drives and their stases in a motility that is as full of movement as it is regulated.

Dit is die plek vóór die subjek gevorm word, maar waar hy terselfdertyd gevorm word. "...the semiotic **chora** is no more than the place where the subject is both generated and negated" (Kristeva, 1984:28). Uit hierdie redenasie blyk dit dat die semiotiese chora die psigiese begroning van die paragram se logika is. Die semiotiese chora se prosesse word in poëtiese taal "vertoon".

Die semiotiese kan nie werklik beskryf word nie, want sodra daarvoor gepraat word, word dit met 'n sisteem verbind, en word houvas daarop verloor. Dit kan slegs in die betekenisgewende praktyke waargeneem word wat die heterogeniteit daarin vrylaat: poëtiese taal, musiek, dans, skilder, die ervaring van dwelmmiddels (Kristeva, 1986:30).

Alhoewel Kristeva groot waardering het vir Lacan se bydrae tot die psigoanalise, veral wat betref die Lacaniaanse benadering tot die Werklike, die Verbeelde en die Simboliese, het sy nie, soos Lacan, voorkeur gegee aan die logika van die

betekenaar nie. Vir Lacan is die onbewuste gestruktureer soos 'n taal, terwyl die onbewuste vir Kristeva (1989:204-205) heterogeen aan taal is.⁵⁶

For the unconscious is not structured like a language but like all the imprints of the Other, including and most particularly so those that are most archaic, "semiotic", it is constituted by preverbal self-sensualities that the narcissistic or amorous experience restores to me.

Haar klem lê dus nie op die Simboliese nie; sy brei eerder die beperkinge van die betekenisgewende ook na die semiotiese toe uit, deur byvoorbeeld die rol wat sy aan die chora gee. Die rol van die simboliese word by Kristeva gerelativeer deur die gesamentlike werking van die twee modaliteite. Binne die betekenisgewende proses van taal is die simboliese en semiotiese onskeibaar. Taal hang dus af van die gesamentlike werking van sintaksis en parataksis, van die gekombineerde effek van ritmiese en tetiese uiting, met ander woorde, die gesamentlike funksionering van die simboliese en semiotiese disposisies. Kristeva wys op die belang van die semiotiese sonder om die simboliese te ontken. (Hierdeur word die moeder se plek as "chora" in ag geneem sowel as die plek van die vader as die beliggaming van die simboliese Naam-van-die-vader.) Lechte (1990:130) merk op dat daar sonder die simboliese orde, identiteit en bewussyn, geen kuns kan wees nie omdat daar dan geen taal as kommunikasie kan wees nie.

6.2.3 Die subjek-in-proses

Die simboliese disposisie van taal verleen identiteit aan die sprekende subjek deur dit as die voortreflike bewerker van betekenis te sien. Die betekenisgewende aksie binne die simboliese disposisie skep en ondersteun dus die sprekende subjek. "...the subject is henceforth the operatingthetic consciousness positing correlatively the transcendental Being and ego" (Kristeva, 1980:130). Hierdie transendentale subjek word deur die semiotiese disposisie verplaas met 'n "subjek-in-proses". Rationele, wetenskaplike diskoers is voorheen as primêr simbolies beskou, en

⁵⁶ Kristeva (1984:130) se kritiek teen Lacan is dan juis hierop gebaseer dat Lacan sy subjek ten koste van die "werklike", die drange, konstitueer. Begeerte is vir hom 'n heraktivering op die simboliese vlak van 'n negatiwiteit wat eintlik in die liggaam plaasvind. "Desire will be seen as an always already accomplished subjugation of the subject to lack: it will serve to demonstrate only the development of the signifier, never the heterogeneous process that questions the psychosomatic orders." (Kristeva, 1984:131).

volgens Kristeva (1980:135) is die onbeslisbare aard van natuurlike taal (wat deur die semiotiese disposisie na vore gebring word), deur die rasionele diskoers weggesteek. Kristeva herstel weer hierdie semiose deur die sprekende subjek deur 'n subjek-in-proses⁵⁷ te vervang. Hierdeur sit Kristeva 'n ontwrigtende proses aan die gang waardeur die samehang of identiteit van een of 'n meervoudigheid van strukture vervang word met "the crisis or the **unsettling process** of meaning and subject" (Kristeva, 1980:125).

6.2.4 Die betekenisgewende proses

Deur die semiotiese disposisie na vore te bring, sit Kristeva die "betekenisgewende proses" ("la signifiante") aan die gang wat deur strukturele linguistiek geïgnoreer is. Die simboliese en semiotiese vorm die betekenisgewende proses en die dialektiek tussen die twee bepaal die tipe diskoers wat betrokke is, hetsy verhalend, poëties, teoreties, ensovoorts (Kristeva, 1980:134). Nie-verbale betekenisgewende sisteme (soos byvoorbeeld musiek) word feitlik uitsluitlik op die basis van die semiotiese gekonstrueer (Kristeva, 1986:93), omdat die betekenisgewende aksie binne die simboliese disposisie hier 'n kleiner rol speel. Omdat die subjek altyd 'n rol speel in die betekenisgewende proses (en die subjek is semioties en simbolies), kan geen betekenisgewende sisteem uitsluitlik simbolies of semioties wees nie.

Ook literêre betekenisvorming vind simbolies en semioties plaas. Die betekenisgewende proses word gevorm deur die relatiewe gewig wat daar op een van die twee modaliteite geplaas word. Ons het met ander woorde met 'n semiotiese of 'n

⁵⁷ Ook Barthes beskou die teks as 'n **betekenisgewende praktyk** met 'n **subjek-in-proses**. Die teks as betekenisgewende praktyk is die ontmoetingsplek tussen subjek en taal. Die betekenisgewende praktyk is 'n gedifferensieerde betekenisgewende sisteem (Barthes, 1987:36) wat volgens die materiaal van die betekenaar, die plurale subjek, die Ander en die sosiale konteks geproduseer word. Die teks is dus nie meer 'n representasie of 'n ekspressie van iets anders nie, maar dit is 'n proses waarbinne die skrywende en lesende subjekte met die betekenaar speel. (Dit word 'n "jouissance".) Die teks word dus 'n "produktiwiteit" (Barthes, 1987:36) waarin die leser met die betekenaar begin speel. Deur middel van konnotasie worstel die subjek in 'n proses van "signifiante" (Barthes, 1987:38) met betekenis en raak daarin verlore.

Signifiante is 'n proses waarin die subjek van die teks (wat die logika ontsnap van die ego-cogito en ander logikas, soos dié van die betekenaar en van kontradiksie), met betekenis worstel en daarin verlore raak. As die subjek taal nie meer van buite waarneem nie, maar dit betree, ervaar hy hoe taal op hom werk en hom dekonstrueer. "Signifiante" is die eindeloosheid van die moontlike werkinge van 'n gegewe taalveld. Die subjek word in die teks geplaas, waarin dit dan "verlore" gaan. Signifiante kan dus nie gereduseer word tot kommunikasie, representasie of ekspressie nie.

simboliese disposisie te doen. Waar betekenis voorheen as 'n "produk" gesien is wat 'n statiese vorm gehad het, wil Kristeva (1986:29) aan ons 'n "proses" as 'n ontwrigtende manoeuvre bied waardeur die voorheen statiese vorme oopvouende aktiwiteite word. Die betekenisgewende proses word deur die subjek gevorm op die moment van oorskryding van die simboliese wet, wat terselfdertyd die oorskryding is van die eenheid van die transendentale ego. Die semiotiese disposisie word dan geïdentifiseer - die subjek se kapasiteit vir hernuwing uit die orde waarin hy vasgevang is, 'n kapasiteit wat vir die subjek 'n kapasiteit tot genieting ("enjoyment") is. Die genoteks se teenwoordigheid kom dus hier na vore en dit word genoem 'n semiotiese disposisie. Hierdie betekenisgewende proses word deur Kristeva (1986:29) 'n "signifying practice" genoem,

...where practice is taken as meaning the acceptance of a symbolic law together with the transgression of that law for the purpose of renovating it.

Kristeva se "betekenisgewende praktyk" is dus 'n terrein wat "verby" denke en kennis gaan. Wat Kristeva se denke anders maak as vorige benaderings, is dat hierdie "anderkant" van denke en die simboliese nie iets is wat die denke self vooropstel nie; die semiotiese is dus nie bloot die negatiewe kant van die denke self nie, dit is nie die kenbare negatief nie. Dit is dus nie die Kantiaanse negering wat deur 'n beoordeelende subjek uitgevoer word nie. Die soort negering wat Kristeva aanbied, noem sy "negatiwiteit" ("negativity" of "rejection").

6.2.4.1 *Negatiwiteit/Verwerping ("Negativity"/"Rejection")*⁵⁸

Kristeva se "negatiwiteit" is 'n soort Hegeliaanse negatiwiteit wat binne die Hegeliaanse Rede ("Vernunft") werk en nie binne die Begrip ("Verstand") nie (Kristeva, 1984:117).

We must emphasize that our notion of **negativity** should not be confused with **negation** in judgement or with the "negative quantities" that Kant introduced in philosophy as a "polarity" or "opposition" (Kristeva, 1984:117).

⁵⁸ Soms word die vertaling "abjection" hier gebruik. Dit druk die "walglikheid" van die verwerping uit soos dit in haar Powers of horror (1982) bespreek word.

In die bewussynsdenke kan negatiewe denke nie bestaan nie, want denke is alreeds die ononderskeibaarheid van positief en negatief. Die negatiewe is hier dan bloot een van die bewussynsdenke se moontlike komponente (Kristeva, 1984:120). Die enigste plek waar ontkenning ("negation") ingeskryf kan word, is in die onbewuste. Kristeva (1984:121) noem hierdie ontkenning in die onbewuste, "negativity" of "rejection". Dis 'n beweging wat Freud aangebied het as beide trans-logies en logika-produserend. Om hierdie "negatiwiteit" te verstaan wat in 'n stadium voor die konstituering van die simboliese bestaan,

...we must **leave the verbal function** and move toward what produces it, so as to understand the process of rejection which pulsates through the drives in a body that is caught within the network of nature and society (Kristeva, 1984:122)

Kristeva (1984:123) verduidelik dat sekere "konkrete werkinge" die statiese terme/simbole van taal voorafgaan. Dit is op die vlak van hierdie konkrete werkinge dat Freud, in die suigeling se "fort-da", die verwerpingsdrang ("drive of rejection") waarneem. Freud het hierdie aksies van die kind as 'n poging gesien om te probeer kompenseer vir die afwesigheid van die moeder. Lacan, weer, sien dit as die skepping van betekenis, die kind se intrede in die simboliese orde as hy die paradigmatis-verwante terme sintagmatis (metonimies) in die spel verbind. Vir Lacan word die drang uitgeskakel as die subjek ondergeskik gemaak word aan die simboliese orde wat sy identiteit en begeertes bepaal. Dit is die effek van "aphanisis" (Lacan, 1977b:218) waarvolgens die drange as verdwyning ("aphanisis") manifesteer as die subjek iewers as betekenis verskyn. Vir Lacan funksioneer negatiwiteit dus deur metonimie wat die begin van simbolisering is, terwyl Kristeva (1984:170) die aksie van negatiwiteit reeds vóór die simboliese, nog in die liggaamlike, waarneem: die negatiwiteit in die fort-da-spel is reeds kineties, dit lê in die liggaamlike daad van die gooi en terugvind van die tolletjie. Dit projekteer biologiese materiële verwerping op 'n verwerping wat 'n betekenisgewende ruimte konstitueer. Verwerping gaan die simboliese dus vooraf, waarvan "analiteit" ook 'n voorbeeld is. In Kristeva (1984:151) se verslag van analiteit is materiële negatiwiteit op "oormaat" gebaseer: as daar te veel oorskot is, moet sommige uitgewerp word. Negatiwiteit vind vir Kristeva dus in die liggaam plaas en is gebaseer op leemte én oormaat.

Hierdie verwerping is 'n belangrike tema in Kristeva se beskouing van die onbewuste en vir die verbinding tussen die drange en simbole, die semiotiese en

simboliese. Alles begin vir Kristeva by die moederlike liggaam. Die **moederlike liggaam**, met haar **identifikasies** ("Einfühling"), **verwerpings** en **verdubbelings**, word 'n model vir die onbewuste en vir die verbinding tussen drang en simbool. Eerstens identifiseer die suigeling met die "model" of "patroon" van die moederlike bors (Kristeva, 1987:25). Hierdie identifikasie is biologies, semioties. Die semiotiese identifikasie met die moeder se bors, wat eintlik 'n verdubbeling is, word die eerste in 'n reeks verdubbelings wat 'n logika van objek-identifikasies in alle objek-verhoudings aan die gang sit. Dit is streng gesproke nie 'n identifikasie met 'n objek nie, maar met dit wat sigself as "model" aanbied (Kristeva, 1987:25). Op hierdie manier word ook die "spraak van die ander" geïnkorporeer, en so word die suigeling 'n subjek (Kristeva, 1987:26). Maar voordat die suigeling 'n subjek kan word, moet hy uit hierdie identifikasie met die bors wegbreek deur sy moeder te verwerp ("abject"). Hy moet dus wegbeweeg van identifikasie met die moeder se bors na 'n identifikasie met sy eie geboorte en op hierdie stadium nog die moederlike seksualiteit, wat dan later oorgaan na 'n identifikasie met 'n verwerpte en bedreigde moeder. Die verwerpte is walglik, soos "a piece of filth, waste, or dung" (Kristeva, 1982:2), en hierdie verwerping van die moeder word by die kind 'n worsteling om van haar liggaam geskei te raak (Kristeva, 1982:13). Vir Kristeva is dit die liefdevolle vader wat die kind help om verwerping te oorkom (in kontras met Lacan se streng outoritêre vader). Dit is dan die kind se identifikasie met die verbeelde vader wat hom van sy moeder se liggaam laat skei.⁵⁹

Uit voorgaande is dit duidelik dat die heterogene semiotiese funksie 'n voorttoestand is van die beoordelende bewussyn en sy logika. Dit is dus preverbaal. Kristeva se benadering tot negatiwiteit toon dat die energieladings van die drange ook déél vorm van die betekenisgewende proses. Die aktiwiteit van die drange in die liggaam is teenwoordig in die simboliese, maar dit word deur die simboliese verwerp. Die

⁵⁹ Vir die behandeling van haar pasiënte is dit nodig dat Kristeva 'n teorie uitwerk vir al die stadiums waardeur die subjek beweeg sodat 'n identifikasie met "heelheid" deur psigoanalitiese oordrag bereik kan word. In haar vroeë skrywes konsentreer sy op die **onderdrukte moederlike liggaam** en die kind se nuwe verhouding met die moederlike bors; later konsentreer sy op die **weggewerpte moederlike liggaam** en die kind se verhouding tot sy geboorte en die moederlike seksualiteit; in haar latere werke konsentreer sy op die **verbeelde, liefdevolle vader** waarby die kind se verhouding met sy konsepsie en die moederskoot ingesluit word, en waardeur die kind in die Simboliese kan inbeweeg. Vir my doel van "literêre betekenisvorming" word nie op al hierdie stadiums ingegaan nie, maar wel op die belangrike rol van semiotiese betekenisvorming waardeur die simboliese alreeds in die materiaal van die liggaam, die moederlike liggaam, ingeskryf is.

drange is vir Kristeva dus bio-fisiologiese prosesse wat alreeds onontkombaar deel is van die betekenisgewende prosesse (Kristeva, 1986:28).

Die heterogeniteit van taal van Kristeva se semanalise staan dus teenoor die homogeniteit van die konvensionele linguistiese model. Ook word die stereotipe bewussynsubjek deur Kristeva vervang deur 'n subjek-in-proses. Betekenisgewende praktyk is vir Kristeva (1986:29) 'n oorskrydende praktyk ("The moment of transgression is the key moment in practice.")

Culler (1975:250-252) kritiseer hierdie, wat hy noem, "onbeperkte vryheid" in haar teorie. Sonder beperkende reëls, meen hy, kan daar geen betekenis hoegenaamd wees nie. Zepp (1982:95) skryf hierdie uitgangspunt van Culler daaraan toe dat hy self 'n aanhanger is van die Aristoteliaanse logika, die zero-1-sisteem wat deur Kristeva oorskry word. Zepp meen dat Kristeva se diskoers juis 'n sosiale, linguistiese en psigiese rewolusie teen dié "Wet" is. Omdat haar teks 'n produktiwiteit is, 'n web van verhoudings, 'n dialogisme én 'n ambivalensie, is dit onmoontlik om dit "vas te vang".

My mening is ook dat Kristeva nie 'n beperking op haar betekenisvorming plaas nie. Dit kán nie gedoen word as die onbewuste drange so 'n groot rol in haar betekenisvorming speel nie. Selfs in die oordragsituasie, wat as die terrein van literêre betekenisvorming beskou kan word, word 'n onophoudelike skeppende krag geproduseer.

6.3 SKRYWER, LESER EN TEKS: BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE

Interpretasie hou vir Kristeva die implikasie in dat konneksies gemaak word wat die veld van subjektiwiteit oopmaak sodat die subjek as produseerder van interpretasie na vore tree. Die subjek is vir Kristeva nie bloot die rasonale kommunikatiewe spreker nie, maar ook nie slegs die onderdrukte onbewuste van 'n gesplete subjek nie (Carusi, 1992:469). Haar konsepsie van die subjek gaan dus hand aan hand met die paragram as poëtiese taal wat sowel die wet as die vernietiging of oortreding daarvan bevat. Die groot rol wat poëtiese taal in Kristeva se teorie inneem, maak die toepassing van die oordragsituasie in die analitiese proses op die literêre betekenisvormingsproses geldig. Die oordragsituasie waarsonder analise nie kan plaasvind nie, is vir Kristeva belangrik.

Die oordragsituasie is vir Kristeva (1986:306) 'n konfrontasieveld tussen die objek en die subjek van interpretasie. Vir die doel van literêre betekenisvorming word die objek as die teks beskou en die subjek as die leser. Tog word die objek en subjek nie as twee vaste entiteite in 'n zero-1-opset aangebied nie, soos verderaan duidelik sal word. Hierdie konfrontasie tussen die objek en subjek van interpretasie kan aanleiding gee tot een van twee situasies. Eerstens, as die objek swig onder die interpreterende intensies van die interpreteerder, kry ons die hele omvang van dominerende - van suggestie tot propaganda tot rewolusie. Tweedens kan die objek die onbekende kant van die interpreteerder se teorie na vore bring en so aanleiding gee tot die konstituerende van 'n nuwe teorie.⁶⁰ Diskoers word in hierdie geval hernu, dit kan oor begin: dit vorm 'n nuwe objek en 'n nuwe interpretasie in hierdie omgekeerde oordrag.

Kristeva se interpreteerder breek uit die sluiting van die "teenwoordige betekenis" uit. Hy "interpreteer" dus nie meer in die tradisionele sin van die woord nie, omdat daar nie meer 'n objek is om te interpreteer nie; "there is, instead, the setting-off of semantic, logical, phantasmatic and indeterminable sequences" (Kristeva, 1986:306). Interpretasie word 'n fiksie, 'n ongesentreerde diskoers, 'n subjektiewe "polytopia" (waarvolgens dit nie moontlik is om die interpretasie as reg of verkæerd te tipeer nie). Die klem wat Kristeva op die semiotiese lê, kom ook hier na vore as sy aanbeveel dat die wys interpreteerder ook ruimte moet laat vir "delirium", sodat 'n onophoudelike skeppende krag geproduseer kan word.

Delirium is 'n diskoers wat waarskynlik van 'n veronderstelde realiteit afwyk (Kristeva, 1986:307), omdat die kennende subjek ook 'n "begerende" subjek is, en die paaie van begeerte en kennis deurmekaar loop. Vir Kristeva is persepsionele begrip van die oorspronklike objek slegs 'n teoretiese (maar ongetwyfeld onontbeerlike) hipotese, omdat die subjek ook 'n gesplete subjek (met 'n bewuste en 'n onbewuste) en 'n subjek van begeerte is. Dit wat Freud "persepsie-kennis" genoem het, bevat altyd alreeds 'n leemte, omdat dit in wese alreeds die nie-betekenisgewende, die nie-simboliserende huisves. Hierdie "minus-faktor" waardeur die subjek

⁶⁰ Ook by Iser vind vernuwing by die leser plaas as sy bekende oriëntasie nie ooreenstem met die saamgestelde betekenis van die teks nie, en hy homself moet heroriënteer. Sodoende ervaar die leser 'n onbekende realiteit onder toetsende wat nie deur sy eie disposisie bepaal is nie. Dit is die waarde van omgekeerde oordrag.

hom selfs in persepsie-kennis as die subjek van die begeerte van die Ander aandui, is dit wat aanleiding gee tot die hervormings en verplasings wat delirium kenmerk.

Volgens Kristeva (1986:308) word die diskoers van begeerte 'n diskoers van delirium as dit sy objek uitsluit (wat, soos hierbo genoem, alreeds gekenmerk is deur die "minus-faktor") en sigself vestig as die lokus van "jouissance". In die diskoers van begeerte bestaan daar met ander woorde geen ander, geen objek wat in sy onverminderbare andersheid oorleef nie. Hierteenoor identifiseer die sprekende subjek homself met die plek van andersheid, hy meng met die Ander, en ervaar "jouissance" in en deur die plek van andersheid.

Soos die deliriese subjek bou die psigoanalise, deur middel van interpretasie, 'n konstruksie wat slegs waar is as dit ander assosiasies aan die kant van die pasiënt aan die gang sit, en so die grense van die ontleedbare uitbrei. Alhoewel die analitiese interpretasie met die verlede werk, speel die effekte in die teenwoordige dus 'n belangrike rol. Ons kry hier 'n verbinding van die ongelyksoortige of teenstrydige terme van 'n pasiënt se diskoers, waardeur die oorsake en gevolge van begeerte hervestig word.

Analitiese interpretasie stem dus in die opsig met delirium ooreen dat dit begeerte 'n rol gee in diskoers. Wat dan hier gebeur, is dat voor-die-hand-liggende, onmiddellike, realistiese betekenis van diskoers verwyder word sodat die betekenisloosheid/kranksinnigheid van begeerte na vore kom.

I interpret, the analyst seems to say, because Meaning exists. But my interpretation is infinite because Meaning is made infinite by desire. I am not therefore a dead subject, a wise interpreter, happy and self-annihilated in a uniform totality. I am subject to Meaning, a non-Total Meaning, which escapes me (Kristeva, 1986:312).

Analitiese interpretasie lei die analise na 'n fundamentele probleem wat alle teorie en praktyk van interpretasie onderlê: die heterogene in betekenis, die beperking en onvoltooidheid van betekenis. Sy beskou psigoanalise as die enigste moderne interpreterende teorie wat die **heterogene** in betekenis in aanmerking neem. Dit maak die heterogene ook so interafhanklik met taal en denke dat dit inderwaarheid as taal se eintlike staat, as sy dryfkrag beskou kan word.

6.4 SAMEVATTEND: BETEKENISVORMING IN 'N OORSKRYDENDE, HETEROGENE PRAKTYK

Die oordragsituasie wat Kristeva aanbied tussen subjek en objek, en wat in die literêre situasie as leser en teks aangebied word, is gebaseer op die semiotiese liggaam, met drange en al. Literêre betekenisvorming vind in hierdie oordragsituasie plaas wat dan aanleiding gee tot meervoudige diskoerse en alternatiewe betekenis-se. Betekenisvorming kan nie ingeperk word nie, en die moontlikheid bestaan dat dit kan oorgaan in 'n onbeperkte relativisme en subjektivisme, soos verderaan verduidelik sal word.

Betekenisvorming vind, soos ons gesien het, binne die betekenisgewende praktyk van semanalise plaas. Sy bied die semiotiese sowel as die simboliese, as nodig vir betekenisvorming, aan. Volgens Kristeva (1980:134) bepaal die tipe diskoers wat betrokke is, hetsy verhalend, poëties, teoreties, die relatiewe gewig wat daar op een van die twee modaliteite geplaas word. Hiervolgens kom dit voor asof Kristeva nie 'n onbeperkte betekenisvorming aanbied nie, want die simboliese sal as inperking kan dien. Maar dit is nie wat werklik in Kristeva se teorie gebeur nie. Die betekenisgewende aksie binne die simboliese disposisie skep en ondersteun wel die sprekende subjek, want dit maak taal en kommunikasie moontlik. Maar dan tree die **ontwrigtende proses** in werking as die semiotiese disposisie na vore tree en die transendentale subjek met 'n subjek-in-proses verplaas. Dit gebeur omdat die ware begin van betekenisvorming, naamlik "negatiwiteit", vir Kristeva alreeds voor die Simboliese in die liggaam plaasvind. Daardeur verkry die drange 'n betekenisvolle rol in die betekenisgewende proses: die semiotiese disposisie sit die ontwrigtende proses aan die gang waardeur die transendentale subjek met 'n subjek-in-proses vervang word. Samehang en identiteit word hier vervang deur die ontwrigtende proses van 'n subjek wat nie meer bloot 'n tetiese bewussyn is nie, maar waarin begeerte en drange ook 'n rol speel.

In die oordragproses tussen leser en teks is die leser dus nie meer 'n transendentale subjek nie. Dit is nie 'n reglynige oordragsituasie tussen subjek en objek nie, want die semiotiese disposisie wat uit die objek te voorskyn tree, kan die onbekende vir die subjek na vore bring, en die hele diskoers hernu. Omdat ruimte gelaat word vir die "subjek van begeerte", dus vir "delirium", kan hervormings en verplasings plaasvind. Kristeva neem dus die gespletenheid van die subjekte - behalwe die bewuste, is daar ook 'n onbewuste - en die feit dat die subjek 'n subjek

van begeerte is, in aanmerking. Begeerte speel dus 'n rol in die diskoers as die leser, as "analisis", die grense van die ontleedbare uitbrei deur die semiotiese in die diskoers toe te laat. Daardeur kan die kranksinnigheid van begeerte en gevolglik ook die oneindigheid van betekenis, na vore kom.

In haar benadering tot betekenisvorming maak Kristeva dus gebruik van drange wat deur die simboliese verwerp is, maar wat eintlik biofisiologiese prosesse is (dit is prosesse in die lewendige liggaam) wat onontkombaar deel is van die betekenisgewende prosesse. Kristeva maak die veld van subjektiwiteit oop waarbinne betekenisvorming in 'n "vrye" oordragsituasie kan plaasvind omdat die drange uit die semiotiese deel kan vorm van die oorskryding van die simboliese, en interpretasie 'n ongesentreerde diskoers kan word. Dit word dus 'n betekenisvorming met 'n onophoudelike skeppende krag. Die moontlikheid bestaan hier dat die betekenisvorming onbeperk subjektivisties en relativisties kan word. Alhoewel sy die semiotiese én die simboliese aanbied, huisves persepsionele begrip alreeds die nie-simboliese, wat die deliriese in die betekenisvorming toelaat. Dit kan tot gevolg hê dat die kranksinnigheid van begeerte oorneem en die leser onderwerp word aan nie-totale betekenis, wat hom kan ontsnap.

As haar teorie op literêre betekenisvorming toegepas word, lê die voordeel van die beklemtoning van die semiotiese daarin dat dit tot 'n aktiewe, vernuwende betekenisvorming aanleiding gee. Haar subjek-in-proses is 'n "aktiewe leser" - nie 'n transendentale aktiewe leser nie, maar die aktiewe lees word gegenereer vanuit die semiotiese. Betekenisvorming vind hier wel subjektivisties en relativisties plaas, en, soos hierbo genoem, bestaan die moontlikheid dat delirium kan oorneem, en dat dit tot 'n onbeperkte subjektivisme en relativisme kan lei. Máár in die literêre situasie sal dit nooit 'n oneindige subjektivisme of relativisme kan word nie, omdat die leser se kompetensie eindigend is. Mens sou dus kon sê dat haar teorie wel onbeperk subjektivisties en relativisties kan wees, maar dit word deur die leser se kompetensie ingeperk.

In die teks wat hieronder bespreek word, kan gesien word hoe betekenisvorming in die oordragproses plaasvind waardeur die ontwrigtende prosesse van die semiotiese na vore kom.

6.5 HERFSVERHALE - FRANSI PHILLIPS (1992)⁶¹

6.5.1 Inleidend

In die betekenisvorming van hierdie teks speel die semiotiese 'n groot rol. Betekenisvorming vind simbolies sowel as semioties plaas, maar die semiotiese neem geleidelik oor as delirium ander assosiasies aan die gang sit en die grense van die ontleedbare uitgebrei word deur die rol van begeerte. Betekenis word dus oneindig gemaak deur begeerte.

Die onderwerp van die boek word in die teks self aangedui. Dit gaan oor "dit wat verlore gaan",

Oor herinneringe wat verlore raak in die vergetelheid, oor verspeelde kanse en verrydelde ideale, oor oomblikke wat ongemerk by ons verbygaan, oor die verganklikheid en die nietigheid van die lewe [21].

6.5.2 Die simboliese

Die **simboliese** word aangebied deur bogenoemde direkte segging en die uitbeelding, die aantoon daarvan op talle maniere dwarsdeur die teks. Die simboliese is 'n disposisie van betekenis en betekenisgewing - hier word "betekenis" gekommunikeer. Daar word direk in die teks aan ons gesê en getoon hoe dinge verlore gaan. Soos herfsblare wat afwaai en wegwaai, gooi die moeder (as hoofpersonasie in die teks) van haar opgegaarde goed weg [6]; soos blare wat afval kom stukke van 'n gesprek van die vorige dag na haar toe terug [7]. Voortdurend is daar 'n uitbeelding van **dinge wat vergeet word**: Marié kan nie onthou dat sy die film To forget Venice gesien het nie, wat juis handel oor die tyd wat verbygaan - op een plek is daar 'n nabyskoot van 'n fluweelroos se blaar wat besig is om uit te rafel [8]; die vrou laat die skelet van 'n blaar wat sy in die kloof opgetel het op die hotelkamer se bedkassie agterbly [11].

Verlore kanse word uitgebeeld: die geleentheid wat sy gehad het om na 'n fluituitvoering te gaan kyk, het verbygegaan [16]; as die tuinier van die begrafnis hoor, is dit al verby [25]; Greta het 'n miskraam gehad [29]; haar ma se vriendin ry by haar verby en waai vir haar, maar sy herken haar eers wanneer sy alreeds verby

⁶¹ Verwysings na hierdie teks sal tussen hakies aangedui word.

is en waai te laat terug [54]. Maar ook verlore kanse waarvan mens nie geweet het nie, word uitgebeeld: sy wou vir haar kind se maatjie 'n stokperd koop, maar kon nie een in die hande kry nie, en dan dink sy dat die kind se maatjie dit nooit sal mis nie [12]. Sy besin ook oor die verskil wat sulke verlore kanse aan jou lewe maak: as sy die film gesien het, sal dit 'n verskil maak, maar as sy dit nie gesien het nie, sal dit ook 'n verskil maak dat sy dit nie gesien het nie [5]. Ook die maandstonde is kanse, kinders wat verlore gaan [44, 66]. Oomblikke wat ongemerk verbygaan, is verlore kanse: "Die saffraan in die seekosvoorgereg het ongemerk verbygegaan" [50]; so ook dinge wat nie opgemerk word nie of wat net vaagweg raakgesien word [35, 36, 42]; sy gee 'n uitbeelding van mense wat nie by mekaar uitkom nie omdat die een die ander elke keer skakel as hy nie daar is nie [21]; sy is bewus van **die dood**: die tuinier se suster se kind is dood [23];

Deur die venster sien sy dat die blare van die riete aan die punt van die erf besig is om dood te gaan. 'n Ent agter die riete steek daar 'n dooie denneboom uit [53];

sy lees 'n artikel oor die uitwissing van lewe op die aarde [37]; amper niks bly oor na 'n ongeluk nie, net 'n paar stukkies glas [41].

Al hierdie uitbeeldings van die verganklikheid en die verbygaan van dinge vorm die simboliese (die tetiese, die fenoteks) van die teks, die beskryfbare, betekenisgewende sisteem soos dit homself aan die fenomenologiese intuïsie aanbied. Dit kan as die simboliese beskou word omdat dit die vertikale gratifikasie van referent, betekenaar en betekende toelaat. Soos reeds verduidelik is, noem Kristeva (1986:113) dit ook die "tetiese", wat die breuk van betekenisgewing is, die terrein van posisies wat ingeneem word as die subjek van sy objek skei en betekenaars en betekenis aangedui word. Daarom kan ons die simboliese as "dinge wat vergeet word" en as "verlore kanse" herken.

Maar die ware betekenisvorming van die teks vind plaas as die ontwrigtende proses van die **semiotiese** deur die leser in werking tree, en dit gebeur omdat die teks 'n ortokomplementêre struktuur het.

6.5.3 Ortokomplementêre struktuur

Soos hiervoor verduidelik is, word die twee komplemente in die **ortokomplementêre struktuur** gelyktydig bevestig en ontken. Die twee komplemente in die teks is eerstens **die bevestiging van identifikasie en behoudendheid in die moeder-kind-eenheid** en tweedens **die sfeer van verwerpings en verbygang**. Dwarsdeur die teks word beide die komplemente herhaaldelik aangebied. Hierbo is reeds aangetoon hoe die tweede komplement, die **sfeer van verwerpings en verbygang** deur die teks aangebied is. Die blare val af en waai weg, die plante verwelk, die gras verdor, die man se tante sterf, die ruiker verwelk, die swart kind van die tuinier se suster sterf, die ouma het gesterf, die voëls trek weg en die verteller lees hoe diersoorte uitsterf. Potensiële kinders vloei maandeliks weg. Alle dinge wat weggaan kan ook mettertyd vergeet word, groot dinge, maar ook die alledaagse dinge soos telefoongesprekke, gewone gesprekke, afsprake, waarnemings, plekke, drome, selfs ongelukke soos die ongeluk in die straat waarvan daar die volgende dag geen teken meer oor is nie.

Die eerste komplement, **die moeder-kind-identifikasie**, word uitgebeeld in die voortdurende bewus-wees van die moeder van haar kind. As sy byvoorbeeld agterkom dat haar kind nie in die vertrek is nie, gaan sy haar dadelik by die swembad soek en vind haar in die badkamer en neem haar terug na die eetkamer [36].

Die twee komplemente word ook gelyktydig aangebied:

Sy loop by die agterdeur uit en gaan staan saam met haar man en kind in die halfdonker en kyk hoe die dooie blare en takke in die vuur vergaan [69].

In die tuin tel sy haar kind op en dra haar tussen die klitsgras en dorings deur verby die ou ploeë en planters wat toegegroei onder dorings voor die vervalle stoor staan [73].

Die vrou wat herfsverhale skryf tel haar kind op om haar teen die koue te beskerm noudat die son besig is om onder te gaan [74].

Die eerste komplement, die **moeder-kind-eenheid** word hier aangebied as sy saam met haar man en kind staan, en haar kind optel, terwyl die tweede komplement, die

sfeer van verwerpings en verbygang uitgebeeld word deur die dooie blare en takke wat in die vuur vergaan, die klitsgras en dorings, ou ploee en planters voor die vervalde stoor, en die son wat ondergaan.

Uit hierdie aanhalings word dit duidelik dat die twee komplemente se saambestaan bevestig word, maar ook word die een deur die bestaan van die ander ontken. Omdat alles verbygaan, kan die eerste komplement nie standhoudend wees nie, maar juis deur die bestaan van die eerste komplement kan lewe voortgaan en die verganklike standhoudend maak. Die teks vertoon hier dus 'n ortokomplementêre struktuur waarbinne die twee komplemente terselfdertyd bevestig en ontken word. Die teks is paragrammaties in sy saambestaan van logika en die ontkenning van logika.

Die teks vertoon op 'n ander manier ook 'n ortokomplementêre struktuur. Binne die simboliese is 'n ortokomplementêre struktuur raak te lees. Hierbo is gesien dat die simboliese aangebied word as die uitbeelding van dinge wat vergeet word en verlore kanse. Du Plooy (1992:117) wys daarop dat hierdie verhale nie eintlik oor vergeet gaan nie, maar oor onthou. Hierdie vergete dinge word onthou omdat die verhale dit vasvang. Omdat daar twee keer na die teks self verwys word as "die bundel herfsverhale oor dit wat verlore gaan" word dit duidelik dat die verhale juis hierdie dinge probeer vashou, probeer onthou. Alhoewel vergeet nie onthou kan wees nie, is die vergeet tog eintlik die onthou want dit word deur 'n semiotiese sisteem (hier word nie na Kristeva se "semiotiese" verwys nie) vasgevang. Du Plooy (1992:117) verwys in hierdie verband na 'n artikel deur Eco oor herinneringstegnieke waarin hy tot die konklusie kom dat enige herinneringstegniek basies 'n semiotiese sisteem is, waarin tekens ("signifiants") gebruik word om na betekendes ("signifiés") te verwys. En dit bring ons terug by Kristeva se **simboliese** waar die tetiese die konstituering van die simboliese met sy vertikale stratifikasie (referent, betekende, betekenaar) toelaat. Die skryf van verhale is dus 'n tegniek van herinnering, die "vergeet" is ook die "onthou". Maar die paragram lê in hierdie geval binne die simboliese, omdat dit binne 'n herinneringstegniek lê wat teties van 'n teken na 'n betekende verwys. Die "vergeet" verwys na die "onthou" - hulle kan nie identies wees nie, maar hulle is op 'n vreemde manier ook identies. En hier is ons binne die simboliese besig met die ontwrigtende, paragrammatiese, ortokomplementêre proses van die semiotiese. Binne die betekenisgewende proses is die simboliese en die semiotiese inderwaarheid onskeibaar. Deur die semiotiese

disposisie na vore te bring, word Kristeva se "betekenisgewende proses" aan die gang gesit wat deur die strukturele linguistiek geïgnoreer is.

6.5.4 Die semiotiese

Die leser kan die teks nie meer bloot simbolies ervaar nie, want die ontwrigtende prosesse van die semiotiese (die ortokomplementêre en paragrammatiese) het begin intree. Daarom lees die leser nie net nie, maar dans ook self. Hierdie struktuur saam met die alledaagse oppervlakte-dinge waaroor sy skryf, láát die leser dans, want dit kan enige leser se drange aan die gang sit en laat saamdans. Die leser ervaar die teks soos die balletdanser Nureyev sy dans ervaar:

"Om na uitvoerings te moet kyk sonder om self te dans, laat my voel soos 'n vlinder wat met spelde aan 'n stuk karton vasgesteek is" [34].

Hy lees die teks nie net simbolies nie, maar ervaar dit ook semioties. (Die baie verwysings in die teks na musiek en die kunste wil ook die semiotiese ervaring na vore bring omdat sodanige nie-verbale betekenisgewende sisteme feitlik uitsluitlik op die basis van die semiotiese gekonstrueer word.) Die betekenisvorming lê juis in dit wat sy nie geskryf het nie. "In werklikheid handel die boek net soveel oor dit wat ek nie geskryf het nie...." [51]. Dit gebeur omdat die semiotiese ervaring van die leser oorneem. Omdat die simboliese die leser bewus maak van die verganklikheid van alles, is hy/sy bang vir onvervulde moontlikhede in hom/haarself.

Die leser weet diep in sy onbewuste dat iets altyd verlore sal gaan omdat die mens beperk is en omdat tyd bestaan, en tyd gaan verby en die mens kan nie meer as een ding op 'n slag doen nie. Die semiotiese proses begin oorneem as die leser in elke lees van die klein dingetjies wat verlore gaan probeer bewus wees van hierdie verlore gaan sodat dit nie vir hom verlore kan raak nie. Hy probeer homself al hoe meer verbly in die klein raaksien van die eenvoudige dinge, hy sien al hoe meer dinge raak wat nie geskryf word nie. Hy raak self verstrengel in die paragrammatiese struktuur in sy bewuswording van die verlore gaan sodat dit nie verlore gaan nie. As subjek word die leser deel van die betekenisgewende proses wat op die moment van die oorskryding van die simboliese wet gevorm word, daar waar die aanvaarding en die oorskryding van die wet gelyktydig plaasvind.

In die herhaalde verwysings deur die skryfster na haarself as "die vrou wat herfsverhale skryf" begin die semiotiese leser die verewiging van alles wat verlore gaan in die woorde vind, maar veral in dit wat nie geskryf word nie....Hy begin die nostalgie bereik van iemand wat 'n manier vind om saam te leef met sy eie verydelde ideale, soos die mense naby Volterra wat nie meer moeite doen om te verhoed dat hul huise na benede stort nie [7]. Of die leser kan in opstand kom teen hierdie verydelings. Feit is, die effek van die teks neem die semiotiese drange oor en die ontwrigtende proses van die semiotiese begin die simboliese oorskadu. Omdat die onbewuste drange begin oorneem, word die verwerpings wat in die simboliese uitgebeeld word, vir die leser deel van die objek-identifikasies wat verdubbelings is van die verwerping van die moeder sodat identifikasie met "heelheid" deur die oordrag bereik kan word. Al die verwerpings, die verlore kanse, die herfsblare wat afwaai, word vir die leser verdubbelings van die verwerping van die moederlike liggaam waardeur hy kan identifiseer met 'n verwerpte moeder en sodoende van haar liggaam geskei kan raak sodat hy 'n subjek kan word. Maar die simboliese is reeds in die materiaal van die liggaam, die moederlike liggaam ingeskryf binne die ortokomplementêre struktuur waardeur bevestiging van identifikasie, behoudendheid in die moeder-kind-eenheid, maar ook ontkenning deur verwerpings dwarsdeur die teks gelyktydig plaasvind.

6.5.5 Slot

Binne hierdie oordragproses word, behalwe die gewone logiese afleidings, ook ander assosiasies aan die gang gesit wat die grense van die ontleedbare uitbrei. Op hierdie manier kan die leser voortgaan om assosiasies aan die gang te sit. Elke ander leser sal ook ander assosiasies in die oordragproses aan die gang sit, omdat ook die heterogene in betekenis deur Kristeva in aanmerking geneem word, en omdat sy ook aan begeerte 'n rol gee in diskoers. En omdat betekenis oneindig gemaak is deur die leser se begeerte, kan interpretasie oneindig wees, want die leser is "subject to Meaning, a non-Total Meaning, which escapes me" (Kristeva, 1986:312).

6.6 GEVOLGTREKKING

Die betekenisvorming binne Kristeva se teorie is 'n aktiewe, skeppende soort betekenisvorming wat aanleiding gee tot 'n soort uitbreiding van die teks waarby nie maklik sonder die hulp van hierdie teorie uitgekom kan word nie.

Die subjek as "betekenisgewende proses" ervaar die ontwrigtende kragte van die semiotiese in die oordragproses. Hier gee die ambivalensie in Kristeva se poëtiese logika aanleiding tot 'n spel tussen komplemente wat alles deel vorm van die betekenisgewende proses. Dit gebeur omdat die energieladings van die drange ook deel vorm van hierdie proses: die verwerping van die moederlike liggaam deur die suigeling as hy 'n subjek word, kom later tevoorskyn in identifikasies met verskillende modelle van verwerping, soos deur Herfsverhale gedemonstreer.

Die betekenisgewende proses vind tussen die simboliese en semiotiese plaas en kan byvoorbeeld die vorm aanneem van 'n paragram of 'n ortokomplementêre struktuur. Omdat die semiotiese voorsimbolies is, voor die verdeling tussen betekenaar en betekende, sal dit, in die vrylating van sy heterogeniteit, 'n ontwrigtende invloed hê op die vaste betekenisvorming in die simboliese. Die grense van die ontleedbare word dus uitgebrei en dit gee aanleiding tot nuwe of andersoortige betekenisvorming. Kristeva se betekenisvorming word dikwels met dié van Barthes vergelyk. Hy bied 'n "obtuse meaning" aan, wat hy met haar "signifiante" vergelyk (Barthes, 1983:319).⁶² Die veld van waaruit hy werk, is egter nie die voor-simboliese, soos Kristeva se "semiotiese" nie. Hy werk vanuit 'n talige, semantiese semiotiek. Die vrye spel van betekenis kry hy by "obtuse meaning", terwyl Kristeva dit in die ongestruktureerde, presimboliese semiotiese vind. Wat Kristeva se denke dus innoverend maak, is dat haar subjek se skeppende vryheid vanuit die presimboliese fase gegenereer word. Die ontwrigtende effek van die semiotiese chora kan dus in die betekenisvorming waargeneem word, soos in die ortokomplementêre struktuur van Herfsverhale.

Kristeva se onderwerping van die subjek aan nie-Totale betekenis, gee vrye teuels aan die leser se skeppende verbeelding. Die semiotiese genereer 'n andersoortige denkwys wat hierdie skeppende verbeelding stimuleer. Dit kan 'n vrye relativisme

⁶² Barthes (1983:317-320) bied drie betekenisvlakke aan, 'n **semiotiese** of informasievlak, 'n (meer ontwikkelde semiotiese) **simboliese** vlak, en 'n derde vlak wat hy "**obtuse meaning**" noem, waar die veld van betekenis totaal-er-al oop gemaak word (Barthes, 1983:320). Hy noem hierdie drie vlakke ook vlakke van kommunikasie, signifikaasie en "signifiante".

...the obtuse meaning appears to extend outside culture, knowledge, information; analytically, it has something derisory about it: opening out into the infinity of language, it can come through as limited in the eyes of analytic reason; it belongs to the family of pun, buffoonery, useless expenditure. Indifferent to moral or aesthetic categories (the trivial, the futile, the false, the pastiche), it is on the side of the carnival.

en subjektivisme tot gevolg hê. Hier is net een inperking, naamlik dié van die leser se kompetensie. In my bespreking van Herfsverhale sal daar by 'n punt uitgekóm word waar verdere paragramme byvoorbeeld nie gelees kan word nie.

Die vrye, oop betekenisvorming wat uit hierdie benadering spruit, is 'n vrylating van literêre kragte, wat by uitstek 'n geskikte manier is om die literêre teks mee te benader. Omdat baie tekste, veral die meer oop teks, ortokomplementêre strukture vertoon, en selfs tot 'n groot mate oorhel na 'n zero-2-logika, kan dit tot interessante betekenisvormings aanleiding gee.

Soos wat met Derrida en Lacan die geval was, het ook Kristeva deurgeloop onder die kritiek dat haar teorie nie akkommoderend genoeg is ten opsigte van die sosiale nie. Volgens Leitch (1992:52) is dit 'n leemte in Kristeva se teorie dat die inskrywing van politiek nooit in die teks gewaarborg word nie. Sy verheerlik slegs die vloei van begeerte en liggaamlike ritmes in "rewolusionêre" literatuur en kuns.

Ek kan nie met Leitch se siening saamstem nie, want Kristeva se werk vertoon op verskillende maniere 'n subtiële verhouding met die politieke. Die materialistiese grondslag van haar teorie lê in die feit dat die interafhanklikheid van taal, subjek en maatskappy saam bedink word. Daarom noem sy dit ook 'n "translinguistiese betekenisgewende praktyk". Die feit dat die subjek gedesentreer word en die betekenis verskuif word deur die werking van die semiotiese dispoisies wys ook op 'n rewolusionêre praktyk waarvolgens die simboliese wette wat bestaan, terselfdertyd oortree word. Daar kan dus in haar teorie veral krities gekyk word na die tradisionele, die voor-die-hand-liggende, die "vernatuurliking" van enigiets, ook in die sosiale en politieke opset. Haar teorie kan dus voldoen aan die vereistes wat Kearney (1988:390) stel vir 'n kritiese hermeneutiek waardeur die rol van waardes en belange in betekenisvorming aan die kaak gestel word:

What is needed therefore is a critical hermeneutics capable of identifying the interests which motivate the interpretation of images in a given context.

Carusi (1992:471) wys op politieke verbondenheid in Marxistiese en Maoïstiese terme in haar teorieë en ook op die bruikbaarheid van haar nosie van die veragtelike vir teorieë van rassisme.

In een van haar jongste boeke, Strangers to ourselves (1991), spreek Kristeva die kwessie aan van hoe ons as vreemdelinge met "verskil" kan saamleef. Maar hierdie vreemdeling is nie die ander kant van die subjek wat in die groep staan nie (dit is dus nie Fish se subjek as deel van sy interpreterende gemeenskap nie), maar hy is "the one who does not belong to the group, who is not 'one of them', the other" (Kristeva, 1991:95). Sy meen dat vreemdheid binne ons is, en daarom bied sy aan die einde van die boek 'n politiek aan wat volgens haar deur psigoanalise geïmpliseer word:

...it would involve a cosmopolitanism of a new sort that, cutting across governments, economies, and markets, might work for a mankind whose solidarity is founded on the consciousness of its unconscious - desiring, destructive, fearful, empty, impossible.

Dit is nie 'n politiek wat sy in haar volgende boeke verder sal kan uitwerk nie, want sy het dit alreeds gedoen: deur psigoanalise kan ons die vreemdeling in/as onself ervaar.

Betekenisvorming waarin verskil, veranderlikheid, vreemdheid, die ander, 'n rol speel, vind dus wel in Kristeva se betekenisgewende praktyk plaas waar die semiotiese dispoisie die belangrike rol speel. Haar teorie, soos ook dié van Lacan en die dekonstruktiviste, akkommodeer die sosiale dus op 'n indirekte wyse. 'n Teorie oor literêre betekenisvorming waarin die rol van die sosiale en kulturele spesifiek uitgewys word, kan dus voortspruitend uit hul benaderings uitgewerk word, soos wat Bracher (1993) dan ook ten opsigte van Lacan gedoen het.

In die skisoanalitiese benadering wat Deleuze en Guattari beredeneer, word die rol van die sosiale en politieke meer direk geakkommodeer. Dit is egter nie 'n banale politieke benadering wat as meesterkode wil optree nie, soos in die volgende hoofstuk gesien kan word.

HOOFSTUK 7

SKISOANALITIESE BETEKENISVORMING

Betekenisvorming vind plaas as die leser die tussenspel navors wat tussen begeertemasjiene (die molekulêre) en die onderdrukking van begeerte (die molêre) plaasvind.

'n Aktiewe betekenisvorming word hier aangebied omdat die teks uit beide molêre en molekulêre vlakke bestaan, en die molêre vlak word voortdurend deur die molekulêre vlak gedeterritorialiseer en moontlik weer geherterritorialisier, of gedekodeer en geherkodeer. Ons kry dus 'n tussenspel tussen begeertemasjiene en die onderdrukking van begeerte wat binne 'n voortdurende wordingsproses plaasvind waarin die ewige terugkeer gevind word. Onderliggend hieraan is die begeerte se wil-tot-mag. Die begeerte word nie aan 'n leemte gekoppel nie, maar word geskep as die molekulêre vlak gevorm word. Dit is dus konstruktief en daarom kan dekodering plaasvind as weggebreek word van die molêre.

Alhoewel die molekulêre voortdurend deur die molêre ingeperk word, is dit 'n proses wat ewig so kan voortgaan, en daarom kan dit 'n oneindige betekenisvorming word. Omdat die leser 'n begeertemasjien is met 'n wil-tot-mag, kan dit 'n aktiewe betekenisgewende proses word, en omdat die leser ook deelneem aan die dekoderingsproses, kan dit vernuwende effekte op die leser hê.

GILLIS DELEUZE EN FELIX GUATTARI ⁶³

7.1 INLEIDING

Deleuze en Guattari se benadering is nie gesentreer rondom eenheidvormende betekenis nie, maar dit is 'n agesentreerde benadering wat die vorm van 'n **risoom** aanneem. Dit beteken dat hulle ingestel is op nie-hiërargiese meervoudighede wat lukrake netwerke vorm waarbinne elemente vrylik met mekaar kan verbind, soos in 'n ondergrondse wortelstelsel. Die risoom bestaan uit molêre sowel as molekulêre vlakke wat nie werklik los van mekaar te dink is nie.

Ter wille van duidelikheid sal 'n kort verduideliking van die vreemde terminologie waarvan Deleuze en Guattari gebruik maak, hier aangebied word. Verderaan sal dit meer uitvoerig bespreek word.

Die **molêre** is 'n soort liggaam wat die veld as 'n eenheid probeer organiseer, wat die molekules in molekulêre gehele probeer organiseer. Dit probeer dus beheer toepas, en het wel 'n vorm. Die molêre word ook 'n **socius** of **sosiale masjien** of "**plane of organisation**" genoem, wat die vrye vloei van begeerte binne die

⁶³ GILLIS DELEUZE is professor in filosofie aan die Universiteit van Parys te Vincennes. Engelse vertalings van sy werke sluit in:

- 1971. Sacher-Masoch, an interpretation. London : Faber & Faber.
- 1973. Proust and signs. London : Allen Hale.
- 1983. Nietzsche and philosophy. London : Athlone Press.
- 1986. Cinema 1: the movement-image. London : The Athlone Press.
- 1988. Bergsonism. New York : Zone Books.
- 1988. Foucault. London : The Athlone Press.
- 1989. Cinema 2: the time-image. London : The Athlone Press.
- 1990. The logic of sense. London : The Athlone Press.

FELIX GUATTARI is 'n praktiserende psigoanalisis en 'n lewenslange politieke aktivis. Sedert die middel 50-ger jare is hy werksaam by La Borde, 'n eksperimentele psigiatriese kliniek. Hy is 'n aktiewe deelnemer aan die "European Network for Alternatives to Psychiatry". Sy vertaalde werke sluit in:

- 1984. Molecular revolution: psychiatry and politics. New York : Penguin Books..

Saam skryf hulle:

- 1977. Anti-Oedipus. New York : Viking Press.
- 1986. Kafka: toward a minor literature. Minneapolis : University of Minnesota Press.
- 1988. A thousand plateaus: capitalism and schizophrenia. London : The Athlone press.

molekulêre vlak in 'n sosiale kode vaslê. Koderings en territorialiserings vind dus in hierdie vlak plaas.

Kodering dui daarop dat hier van sekere kodes gebruik gemaak word om die molêre vlak te organiseer en te totaliseer. Begeerte word hier in 'n sosiale kode vasgelê. **Territorialisering** dui op die vaste konteks, die bestaande strukture, die afgebakende gebied wat deur die organisasie van die strata in die molêre gevorm word.

Die **molekulêre vlak** word ook genoem **liggaam sonder organe [LsO]** of **plane of consistency**. Hierdie vlak kom tot stand wanneer daar weggebreek word uit die organiserende vlak van die molêre. Enige poging tot totalisering, enige herleiding tot 'n enkele of verteenwoordigende orde of kode, word verwerp. Betekenis word hier nie binne 'n enkele verteenwoordigende orde gevorm nie, maar dit bestaan in die samehang van 'n proses, en daarom word dit genoem "plane of consistency". Die georganiseerde stratifikasie word gedekodeer en gedeterritorialiseer.

Dekodering beteken dat die vasgelegde koderings verwerp word. Die kode word in 'n ontsnaproete verander. **Deterritorialisering** behels die losmaak van bestaande strukture; die wegbreek uit 'n vaste konteks.

"Begeerte" is vir Deleuze en Guattari 'n vryvloeiende energie wat dekoderings en deterritaliserings in die sosiale veld kan teweegbring. Die vryheid van begeerte wat nie slegs aan 'n gesinsituasie ('n oidipale situasie) gekoppel word nie, maar ook vrylik in 'n sosiale veld kan rondvloei, bestaan in die vorm van 'n skisofreniese soort vryheid. Daarom herdoop hulle psigoanalise tot skisoanalise.

Deleuze en Guattari hang 'n skisoanalitiese en nie 'n psigoanalitiese betekenisvorming aan nie. In hul skisoanalitiese benadering speel begeerte 'n kardinale rol. Hul groot verskil met psigoanalise lê juis in hul benadering tot begeerte. In die volgende gedeelte sal gekyk word na Deleuze en Guattari se kritiek op psigoanalitiese betekenisvorming. In hul benadering tot "begeerte" beweeg hul weg van die psigoanalitiese benadering en akkommodeer sekere Nietzscheaanse begrippe waardeur hulle begeerte sien as deel van die sosiale terrein, as 'n kosmos waar 'n "wil-tot-mag" werksaam is en 'n ewigdurende terugkeer gevind word.

7.2 KRITIEK TEEN PSIGOANALITIESE BETEKENISVORMING

Deleuze en Guattari se groot beswaar teen psigoanalise se hantering van die Oedipus-kompleks is dat psigoanalise menslike begeerte tot die kerngesin beperk en nie die rol van begeerte in die groter sosiale terrein in ag neem nie.

It is obvious that when traditional psychoanalysis explains that the instructor is the father...it reduces all of desire to a familial determination that no longer has anything to do with the social field actually invested by the libido (Deleuze en Guattari, 1985:62).

Hierdie kritiek waninterpreteer natuurlik die Lacaniaanse herformulering van psigoanalise omdat Lacaniaanse betekenisvorming nie uiteindelik by die gesin lê nie, maar by taal. Dit gaan dus nie om 'n "persoon", die vader, nie, maar om die "naam-van-die-vader" wat 'n semiotiese funksie is. Deleuze en Guattari se kritiek is meer aanvaarbaar as hulle die psigoanalitiese beginsel waarvolgens die Wét as die oorsaak vir die ontstaan van begeerte beskou word, ontken. Volgens hierdie beginsel kan die mens sy drange nie uitleef nie, want dan sal hy nie by die "beskawing" inpas nie, en om in te pas, moet sy genot en begeertes onderdruk word, en die onbewuste word gevorm. (Hierdie kwessie van begeerte en onderdrukking van begeerte word op 'n ander manier deur Deleuze en Guattari hanteer, soos verderaan gesien sal word.) Dit is vir Deleuze en Parnet (1987:100) 'n fout om begeerte aan die Norm van genot of die Wet van die leemte te koppel:

It is the same error which relates desire to the Law of the lack and to the Norm of pleasure. It is when you keep relating desire to pleasure, that you also notice that something fundamental is missing.

Deleuze en Guattari (1985:26) verwerp hierdie nosie van begeerte ("Desire does not lack anything; it does not lack its object") en verplaas dit met 'n beskouing waarin begeerte as 'n primêre krag gesien word. Begeerte is vir hulle 'n vryvloeiende energie binne die natuurlike en sosiale veld wat deur Freud "libido" en deur Nietzsche "wil tot mag" genoem is.

Omdat psigoanalise vir Deleuze en Guattari elke sosiale aspek van begeerte na die familiële kompleks reduceer, keer hulle hul na Nietzsche se teorie van begeerte en

wil daarin die bewuste en onbewuste kragte direk aan die sosiale veld verwant maak.

7.3 NIETZSCHE SE INVLOED

Nietzsche se benadering is nie gebaseer op vasstaande, voorafbepaalde waardes nie, en sy teorie van "wil tot mag" (wat die differensiële element is wat kragte in verhoudings plaas) en van die "ewige terugkeer" (wat die bevestiging is van verskil in die vorm van meervoudigheid, wording en kans) vorm vir Deleuze en Guattari 'n meer aanvaarbare basis vir hul teorie van skisoanalise.

Nietzsche se kritiek op Kant (Deleuze, 1983:1-2), dat hy die kwessie van "waarde" van kritiese analise uitsluit, speel 'n rol in Deleuze en Guattari se denke. Kant se kritiek is ondergeskik gemaak aan die vasstaande waardes van Waarheid, Goedheid en Skoonheid. Vir Nietzsche, weer, het "goed" en "sleg" nie 'n intrinsieke betekenis nie, maar is dit simptome van die lewenswyse van die spreker. Waardes spruit uit bestaansmodusse van diegene wat oordeel en evalueer. Denke is vir Nietzsche dus altyd interpretasie⁶⁴ en evaluasie: elke interpretasie druk 'n lewenswyse uit en elke evaluasie is die simptome van 'n bestaansmodus. Agter interpretasie en evaluasie lê dus 'n krag wat deur Nietzsche die "wil tot mag" genoem word.

Die "wil tot mag" is nie 'n wil soos in 'n wilsbesluit nie; dit is ook nie 'n begeerte vir mag nie, maar dit is die konsep wat 'n teorie van "verhoudings van kragte" moontlik maak. Dit is 'n soort innerlike sentrum van krag, 'n motiverende krag:

My theory would be: that the will to power is the primitive motive force out of which all other motives have been derived;...

That all motive force is the will to power; that there is no other force, either physical, dynamic, or psychic (Nietzsche, 1913:162).

64

In opposition to Positivism, which halts at phenomena and says, "These are only **facts** and nothing more," I would say: No, facts are precisely what is lacking, all that exists consists of **interpretations** (Nietzsche, 1913:12).

...the only reality is this: **the will of every centre of power to become stronger** - not self-preservation, but the desire to appropriate, to become master, to become more, to become stronger (Nietzsche, 1913:164).

In Nietzsche se beskouing van denke as interpretasie en evaluasie waarbinne waardes hul gebonde eienskappe verloor het, tesame met die motiverende krag van die "wil tot mag", is Deleuze en Guattari se konsep van "begeerte" 'n vryvloeiende energie binne die sosiale veld wat soos 'n soort Nietzscheaanse kosmos fungeer. Nietzsche (1913:431) beskryf sy kosmos soos volg:

This universe is a monster of energy, without beginning or end....It is rather energy everywhere, the play of forces and force-waves, at the same time one and many... the universe is thus shown to be a circular movement which has already repeated itself an infinite number of times, and which plays its game for all eternity.

Uit hierdie beskrywing van Nietzsche blyk dit dat Nietzsche se konsep van "wording" en "ewige terugkeer" en ook "wil tot mag" by sy begrip van "kosmos" ingesluit is. Dit sal verderaan duidelik word hoe hierdie begrippe 'n rol speel in die terrein waar begeerte plaasvind, wat deur Deleuze en Guattari ook "risoom" of "assemblage" genoem word.

7.4 DIE ROL VAN BEGEERTE IN BETEKENISVORMING

Begeerte lê vir Deleuze en Guattari nie in 'n leemte nie, in persoonlike identiteite of in linguistiese uitdrukking nie, maar in produksie of "begeerte-produksie", wat dieselfde is as sosiale produksie.

...desire produces reality, or stated another way, desiring-production is one and the same thing as social production. It is not possible to attribute a special form of existence to desire, a mental or psychic reality that is presumably different from the material reality of social production (Deleuze en Guattari, 1985:30).

Begeerte bestaan nie buite 'n bepaalde versameling ("assemblage"),⁶⁵ in iets wat vooraf bestaan nie, maar dit word gevorm wanneer die "assemblage" gevorm word - "desire only exists when assembled or machined" (Deleuze en Parnet, 1987:96). Elke groep of individu konstrueer die vlak waarop hulle hul lewens lei, en die drange (oraal, anaal, genitaal) kombineer dan met ekstrasieke elemente om begeerte te skep (Deleuze en Parnet, 1987:97). Die begeerte bestaan in die molekulêre vlak⁶⁶ ("plane of consistence") en nie in die molêre vlak ("plane of organization") nie, want die organisasie van vorms op die molêre vlak maak begeerte "onbevoeg" omdat dit begeerte diensbaar maak aan die Wet en op daardie manier 'n leemte invoer (Deleuze en Parnet, 1987:96). Uit Deleuze se verduideliking hiervan word dit duidelik dat begeerte in psigoanalise op die molêre vlak gevorm word, want dit ontstaan wanneer die drange by die Wet moet aanpas, en onaanvaarbare begeertes na die onbewuste verplaas word waardeur 'n leemte gevorm word. Deleuze en Guattari se begeerte is egter nie 'n tipe begeerte wat hom laat onderdruk of onderwerp, soos dié van Freud nie. Freud se onbewuste word juis gevorm wanneer onaanvaarbare begeertes as gevolg van die ouerlike en sosiale invloede wat deur die superego verteenwoordig word, onderdruk word. Deleuze en Guattari se begeerte het egter 'n "wil-tot-mag" waardeur dit "konstruk-tief" is, en nie bloot spontaan nie. In die assemblage word begeerte geskep terwyl dit gevorm word,⁶⁷ en so word die molekulêre vlak gekonstrueer.

Desire is always assembled and fabricated, on a plane of immanence or of composition which must itself be constructed at the same time as desire assembles and fabricates (Deleuze en Parnet, 1987:103).

Begeerte staan dus binne die "assemblage" in die molekulêre vlak.

⁶⁵ "Assemblage" word verderaan bespreek. Dit word ook deur Deleuze en Guattari "risoom" genoem en stem ooreen met Nietzsche se idee van die "kosmos".

⁶⁶ Die molekulêre vlak is die terrein waarbinne van die molêre vlak (die simboliese) weggebreek word. Dis die herkodering van die Wet. Kyk verderaan.

⁶⁷ Nietzsche (1990:67) verduidelik die rol van die wil-tot-mag hier soos volg:

...one could trace all organic functions back to this wil to power and could also find in it the solution to the problem of procreation and nourishment - they are **one** problem....

There is only desire in so far as there is deployment of a particular field, propagation of particular fluxes, emission of particular particles (Deleuze en Parnet, 1987:89).

Begeerte is (Deleuze en Parnet, 1987:89) op geen manier verbind aan die "Wet" nie, en dit kan nie as enige fundamentele leemte gedefinieer word nie.


Dit is dan in hierdie proses van begeerte-produksie waar betekenisvorming vir Deleuze en Guattari plaasvind. Hulle wil die vloei van begeerte, die vrese en die angste, die liefde en die wanhoop wat die sosiale veld deurkruis, analiseer. Vir hulle is begeerte eerder sosiaal as familiaal, en die beste gids tot sosiale begeerte is eerder die skisofreniese id as die neurotiese ego, want dit deurkruis die terrein van "assemblage" en staan nie onder 'n inperkende wet nie. Hulle verplaas gevolglik psigoanalise met 'n **skisoanalise** waarin die Freudiaanse en Marxistiese teoretiese terreine as 'n enkele terrein van begeerte-produksie hanteer word.

7.5 SKISOANALITIESE BETEKENISVORMING

Wat veral in skisoanalise ondersoek word, is die tussenspel wat plaasvind tussen begeertemasjiene en die onderdrukking van begeerte, of in skisoanalitiese terme gestel, die dekodeerings- en deterritorialiseringsprosesse tussen molêre en molekulêre masjiene,

...so that the task of schizoanalysis is ultimately that of discovering for every case the nature of the libidinal investments of the social field, their possible internal conflicts, their relationships with the preconscious investments of the same field, their possible conflicts with these - in short, the entire interplay of the desiring-machines and the repression of desire (Deleuze en Guattari, 1985:382).

Om hierdie proses te verduidelik, word hier 'n diagram aangebied wat verderaan bespreek sal word:



7.5.1 Risoom

Skisoanalise hanteer die onbewuste as 'n agesentreerde sisteem, as 'n **risoom**. 'n Risoom is die ondergrondse stam van 'n plant wat in wortels ontwikkel. Volgens Deleuze en Guattari (1988:7) kan die risoom verskillende vorme aanneem, van vertakte oppervlakte-uitbreidings in alle rigtings tot 'n konkretisering in bolle en knolle. Hulle stel die risoom teenoor die boomagtige struktuur wat Westerse denke gedomineer het, soos byvoorbeeld in Chomsky se sinsdiagramme. Boomstrukture is hiërgargiese, gelaagde totaliteite met geregleerde verbindings tussen hulle komponente. Die risoom is nie-hiërgargiese meervoudighede wat lineêre eenhede verbreek, met komponente wat lukrake netwerke vorm waarbinne elemente vrylik met mekaar kan verbind. Die risoom bestaan nie uit eenhede nie, maar uit rigtings

in beweging. Dit het geen begin of einde nie, maar altyd 'n middel van waaruit dit groei. Die risoom het lyne met segmentvorming en laagvorming as sy dimensies, waarvan deterritorialisering die maksimum dimensie is waarna die meervoudigheid 'n metamorfose ondergaan. Die risoom is soos 'n kaart wat gekonstrueer moet word, 'n kaart wat altyd verbindbaar, omkeerbaar, modifieerbaar is, wat meervoudige ingange en uitgange het (Deleuze en Guattari, 1988:21).

Die risoom bestaan uit plato's. 'n Plato is altyd in die middel, nie aan die begin of einde nie. Deleuze en Guattari (1988:22) noem 'n plato enige meervoudigheid wat deur kunsmatige ondergrondse stamme aan ander meervoudighede verbind is, op so 'n manier dat 'n risoom gevorm word.

Deleuze en Guattari se risomiese denkwysse staan voorop omdat selfs die twee vlakke van die produksieproses van begeertemasjiene soos in die diagram gesien kan word, die molêre en molekulêre vlakke, 'n risoom vorm. Omdat dit in twee afsonderlike afdelings bespreek is, kom dit as afsonderlike eenhede voor, maar Deleuze en Guattari (1985:340) stel dit duidelik dat "there is no one molecular formation that is not by itself an investment of a molar formation". Daar is geen beergeertemasjiene wat buite die sosiale masjiene staan wat hulle op 'n groot skaal vorm nie; en geen sosiale masjiene sonder die beergeertemasjiene wat hulle op klein skaal bewoon nie. Ook is daar geen molekulêre ketting wat nie dele van die molêre kode herproduseer nie, of dele van die molêre kode wat nie fragmente van die molekulêre ketting bevat nie .

Deleuze en Guattari se onderskeiding tussen molêre en molekulêre vlakke vorm dus 'n risoom. Binne hierdie risoom kom begeerte as begeerteproduksie na vore wat ook terselfdertyd sosiale produksie is. Die risoom se vorm kan ook dié van 'n masjien wees. Hulle het nie verniet in die begin van hulle eerste boek gesê alles is masjiene, alles is produksieprosesse nie. Die proses wat in die risoom plaasvind, word deur Deleuze en Guattari vergelyk met die produksieproses van 'n masjien.

7.5.2 Alles is masjiene: produksieproses

Vir Deleuze en Guattari (1985:2) is alles masjiene. Hiermee bedoel hulle dat die wêreld 'n proses van produksie is (waarby mens sowel as natuur ingesluit is) wat van vasstaande waardes losgemaak is.

There is no such thing as either man or nature now, only a process that produces the one within the other and couples the machines together. Producing-machines, desiring machines everywhere, schizophrenic machines, all of species life...

Binne hierdie produksie en proses as aktiewe wording van positiewe kragte, is die masjiene aan mekaar gekoppel. Daar is 'n vloeibaarheid tussen die masjiene waardeur hulle aan mekaar verbind is (Deleuze en Guattari, 1985:5). Dit verbeeld die vrye, libidinale saambestaan van alles.

Uit Deleuze (1983:40) se bespreking van Nietzsche se beskouing van die "liggaam", word dit duidelik hoe hy die "liggaam" en die "masjiene" by mekaar uitbring. (Verderaan sal gesien word hoe hy 'n sekere soort gemeenskap byvoorbeeld 'n "liggaam" maar ook 'n "sosiale masjien" noem.) Realiteit is vir Nietzsche 'n kwantiteit van kragte wat in 'n spanningsverhouding teenoor mekaar staan. Die liggaam bestaan ook uit hierdie kragte. Elke verhouding van kragte konstitueer 'n liggaam - hetsy of dit chemies, polities, sosiaal of biologies is. Enige twee kragte konstitueer 'n liggaam as dit in verhouding tot mekaar verkeer. In die liggaam is die dominante kragte aktief en die minderwaardige kragte reaktief. Aktiewe kragte is daardie kragte wat uitreik na mag (Deleuze, 1983:42). Dit is hierdie aktiewe kragte binne die masjien/liggaam/mens wat die motiverende kragte binne die wil-tot-mag is wat verderaan ter sprake kom. Deleuze en Guattari se risoom is ook 'n soort "liggaam" wat bestaan uit kragte in verhouding tot mekaar, wat deur hulle 'n produksieproses genoem word.

Hierdie proses van produksie vind in en deur twee vlakke plaas: die **molekulêre vlak** (in Thousand Plateaus noem hulle dit "plane of consistency") van begeerte-masjiene en die liggaam sonder organe, en die **molêre vlak** (ook genoem "plane of organisation") van sosiale masjiene (begeertemasjiene wat in 'n spesifieke sosiale formasie vasgelê is) ook genoem, die "socius".

7.5.2.1 *Die molêre vlak* ("plane of organisation", sosiale masjien, "socius")

'n Molêre formasie is 'n vorm van gemeenskapsgevoel of kudde-instink. Deleuze en Guattari (1985:342) verduidelik dat hulle 'n vereniging of totalisering van molekulêre kragte teweegbring deur die wette van groot getalle te gehoorsaam.

Hierdie eenheid kan die biologiese eenheid van 'n spesie of die strukturele eenheid van 'n "socius" wees: 'n sosiale of lewende organisme word as 'n geheel gevorm, as 'n globale of voltooide objek. Dit is 'n soort liggaam wat beheer probeer toepas, wat die veld as 'n eenheid probeer organiseer, soos blyk uit die drie tipes "socius" wat hieronder bespreek word. Dit het wel 'n "vorm". (Dit is in verhouding tot hierdie orde dat die gedeeltelike objekte van 'n molekulêre orde as 'n leemte voorkom. Psigoanalitiese benaderings koppel begeerte dan aan hierdie leemte.)

Die molêre vlak bestaan uit strata. Deleuze en Guattari (1988:40) verduidelik dat die strata deur kodering en territorialisering werk. Hulle gee vorm aan dinge, en organiseer die molekules in molêre gehele. Die strata is oordele van God. (Die aarde, as "liggaam sonder organe" [sien hieronder] ontsnap telkemale daardie oordeel, vlug en word gedestratificeer, gedekodeer, gedeterritorialiseer.) Die "socius" kodeer die vloei van begeerte, dit lê begeerte vas in 'n sosiale kode (Deleuze en Guattari, 1985:139). As die "socius" gedeterritorialiseer word, word dit 'n "liggaam sonder organe" (LsO). Die LsO is dan die limiet van die "socius", die uiteindelijke oorskot van 'n gedeterritorialiseerde "socius" (Deleuze en Guattari, 1985:281).

Elke gemeenskap produseer 'n "socius" of sosiale masjien wat as die natuurlike of goddelike basis van produksie voorkom (Deleuze en Guattari, 1985:10). Anders gestel, dit wat vir Deleuze en Guattari belangriker is as die Oedipus-kompleks in die bepaling van die aard van die psigiese lewe, is die spesifieke "vorm van semiose" wat in 'n besondere sosiale formasie werksaam is. Die drie fundamentele tipes "socius" is die liggaam van die aarde van **primitiewe gemeenskappe**, die liggaam van die despoot van **barbaarse gemeenskappe** en die liggaam van kapitaal van **kapitalistiese gemeenskappe**. Volgens Deleuze en Guattari (1985:33) is die hoof funksie van die "socius" om die vloei van begeerte te kodifiseer, en toe te sien dat daar geen vloei bestaan wat nie behoorlik opgedam, gekanaliseer en gereguleer word nie. Toe dit geblyk het dat die "primitiewe territoriale masjien" nie bevoeg was om hierdie taak uit te voer nie, het die "despotiese masjien" 'n soort oorkoderende sisteem opgestel. Maar die "kapitalistiese masjien" was nie in staat om 'n kode te voorsien wat op die hele sosiale veld van toepassing kon wees nie. Die nosie van kode is met kapitaal vervang en kapitaal kan geen universele kode voorsien waardeur die hele sosiale lewe georganiseer kan word nie (Deleuze en Guattari, 1985:33). Teenoor die barbaarse "kodering" (vaste kodes van geloof en betekenis) en die despotiese "oorkodering" (waar die naam-van-die-despoot die hele

simboliese orde reël), kan die semiotiese proses wat die simboliese orde onder kapitalisme reël, as "dekodering" gelees word - die kapitalistiese gemeenskap se aggressiewe uitwissing van alle voorafbestaande betekenis en kodes.

7.5.2.2 *Die molekulêre vlak* ("plane of consistency", liggaam sonder organe [LsO])

Die LsO het sy eie organisasiemodus. Deleuze en Guattari maak hier van Spinoza se idees gebruik (Bogue, 1989:133). Volgens hom het 'n liggaam nie 'n vorm nie, maar bestaan dit (1) uit 'n oneindige aantal partikels wat in 'n verhouding van rus, beweging en spoed tot mekaar verkeer, en (2) uit affekterende kragte waarvolgens liggame mekaar affekteer. Dit is duidelik dat 'n liggaam wat uit partikels en affekterings bestaan, letterlik 'n liggaam "sonder organe" is. Daarom, sê Deleuze en Guattari (1985:8), het dit geensins enigiets te doen met die liggaam self nie, of met 'n beeld van die liggaam nie. Dit is die liggaam sonder 'n beeld. Hierdie beeldlose, orgaanlose liggaam bestaan net daar waar dit geproduseer word. "The catatonic body is produced in the water of the hydrotherapy tub" (Deleuze & Guattari, 1985:8). Omdat die beeld van die liggaam nie hier ter sprake is nie, kan die natuur wat die somtotaal van partikels en affekterings is, beskryf word as die groot Liggaam sonder Organe.

The BwO is opposed not to the organs but to that organization of the organs called the organism (Deleuze en Guattari, 1988:158).

Op hierdie vlak vind ons dus die verwerping van enige poging tot totalisering, van enige herleiding tot 'n enkele verteenwoordigende orde, kode of stel van aksiome. Hier kan dus nie 'n kwessie van 'n selfbestaande waarheid wees nie. Volgens Guattari (1984:145) word 'n proposisie in 'n sekere masjienveld as waar beskou; as enige materiële of semiotiese masjien dinge verander, sal dit ophou om waar te wees. Waarheid is dit wat nou gebeur. Dit stop as die masjienverbinding verbreek word. Dit is dus 'n ontsnapping uit 'n enkele verteenwoordigende orde.

It is a positive affirmation that it is possible to escape from hierarchies of reference, and an undermining of representative consistency (Guattari, 1984:128).

Die "plane of consistency" kry dit reg om die verskillende strata van die "socius" te deurkruis, te belê, te herbelê of oor mekaar te plaas. Dit bevestig die samehang ("consistency") van 'n proses wat nie in terme van 'n rasonale teologie uitgedruk kan word nie. Hierdie vlak gaan deur alle bestaan in die tydruimtelike strata van individuele uitings. Die LsO is "the non-formed, non-organized, non-stratified or destratified body" (Bogue, 1983:127).

a Dekodering en deterritorialisering

Deleuze en Guattari gee nêrens 'n eenvoudige definisie van "dekodering" en "deterritorialisering" nie. Soos afgelei uit sy besprekings, kan **deterritorialisering** beskryf word as 'n losmaak van bestaande strukture, 'n wegbreek uit 'n vaste konteks. **Dekodering** kan beskryf word as 'n wegbreek van, 'n ongedaan maak van, 'n ontsnaproete uit 'n bepaalde kodering.

Die aarde is 'n liggaam wat telkemale deur strata georganiseer word. Maar omdat die aarde 'n LsO is, breek hy uit die stratifikasie uit, en word **gedekodeerd** en **gedeterritorialiseerd**. Dit is dan ook die funksie van die molekulêre ketting: om die molêre vloei te deterritorialiseer en hulle sodoende deur die beperkende betekenisgewende muur te laat beweeg. Hierdeur word die kodes ongedaan gemaak.

The function of the chain is no longer that of coding the flows on a full body of the earth, the despot, the capital, but on the contrary that of decoding them on the full body without organs. It is a chain of escape, and no longer a code (Deleuze en Guattari, 1985:328).

Die betekenisgewende ketting het nou 'n ketting van dekodering en deterritorialisering geword, en dit word gesien as die omkering van die kodes en die territorialiteite. Hierdie molekulêre ketting is steeds betekenisgewend omdat dit uit tekens van begeerte bestaan, maar die tekens self is nie langer betekenisgewend nie, omdat hulle nou onder 'n ontwortelende orde staan waar alles moontlik is.

In die volgende gedeelte sal gekyk word na kapitalisme en skisotomie se plek in die molekulêre vlak waar dekodering 'n rol speel.

b Kapitalisme en skisofrenie

Die basis van die kapitalistiese gemeenskap lê in die gedekodeerde vloei van produksie in die vorm van geld-kapitaal, en in die gedekodeerde vloei van arbeid in die vorm van die "vry werker" (Deleuze en Guattari, 1985:225). Die kapitalistiese veld is dus 'n LsO as gedeterritorialiseerde veld waarin die vloei van begeerte losgelaat is. Hierdie dekodeeringsproses, wat begeerte bevry van gevangenneming en distorsie deur sosiale kodering, word deur skisoanalise as die positiewe moment van die kapitalistiese simboliese orde beskou - maar die bevrydende effekte van dekodering word in die kapitalistiese stelsel altyd vergesel deur die opponerende prosesse van herkodering vanuit die magskomponent. "But what they deterritorialize with one hand, they reterritorialize with the other" (Deleuze en Guattari, 1985:257). Hierdeur word die vrye libidinale energie teruggebind na kunsmatige kodes om te verhoed dat die gedekodeerde vloei van alle kante van die sosiale grondstellings wegbreek (Deleuze en Guattari, 1985:258).

En dit is hier waar die kapitalistiese vloei van die skisofreniese vloei verskil. (Die skiso-vloei is die vrye vloei van die libinale energie soos dit in die skisofreen gevind word.) Die ooreenkoms tussen die skisofreniese en die kapitalistiese vloei is wel groot: orals plaas kapitalisme skiso-vloei in beweging wat "ons" kunste en "ons" wetenskappe vorm. Deleuze en Guattari (1985:245) wys daarop dat ons gemeenskap skiso's op dieselfde manier produseer as wat ons Prell-sjampoe en Ford-karre produseer (byvoorbeeld deur die skep van nuwe teorieë, kunswerke ensovoorts) - die enigste verskil lê daarin dat die skiso's nie verkoopbaar is nie. Tog vang kapitalisme die skisofreniese proses voortdurend vas deur middel van herterritorialisering, en beskou hulle die skisofreen as 'n siek persoon, in plaas van 'n eie vervulling. Deleuze en Guattari (1985:246) vind die antwoord van hierdie teenstrydigheid in die feit dat alhoewel kapitalisme die limiet van alle gemeenskappe is in die sin dat dit die dekodering meebring van die vloei wat deur ander sosiale formasies gekodeer en oorgekodeer is, dit 'n "relatiewe" limiet is. Skisofrenie is hierteenoor die "absolute" limiet waarin die vloei vrylik beweeg in 'n gedesosialiseerde liggaam sonder organe.

Hence one can say that schizophrenia is the **exterior** limit of capitalism itself or the conclusion of its deepest tendency, but that capitalism only functions on condition that it inhibit this tendency, or that it push back or displace this limit, by substituting for it its own **immanent** relative limits, which it

continually reproduces on a widened scale (Deleuze en Guattari, 1985:246).

Die dekodierungsproses bevry alle soorte skeppende energieë (in verbruik sowel as in produksie) en terselfdertyd rewolusioniseer en sosialiseer dit produktiewe kragte. Dit skep dus 'n aksioom van abstrakte kwantiteite wat al hoe meer in die rigting beweeg van die deterritorialisering van die "socius". Soos ons gesien het, neig kapitalisme tot 'n dekodering wat die "socius" sal vernietig om daarvan 'n "liggaam sonder organe" te maak. As dit sou gebeur, sou ons hier "skisofreniese betekenisvorming" gehad het. Daarom beskou skisoanalise dit as die "positiewe moment" van die kapitalistiese simboliese orde. Kapitalisme is egter nie 'n skisofreniese orde nie omdat daar altyd weer "herterritorialisering" plaasvind in die terreine van die kerngesin, en in die sferes van produksie en verbruik. Dit is dan ook op hierdie punt waar Deleuze en Guattari vir "Oedipus" plaas: dit is 'n reaksionêre despotisme wat in die hart van die kerngesin gevorm word waar die vrye vloei van begeerte wat deur kapitalistiese dekodering in die gemeenskap losgelaat is, weer vasgevang word. Hierdeur word dit ook duidelik dat betekenisvorming vir Deleuze en Guattari nie in terme van die gesinslewe gevorm word nie, maar in terme van kapitalisme se basiese sosiale prosesse, naamlik dekodering en herkodering.

Waar psigoanalitiese betekenisvorming dus op die herkoderingsvlak plaasvind, vind skisoanalitiese betekenisvorming deur dekodering op die molekulêre vlak plaas.

Psychoanalysis settles on the imaginary and structural representatives of reterritorialization... while schizoanalysis follows the machinic indices of deterritorialization (Deleuze en Guattari, 1985:316).

7.5.2.3 *Herterritorialisering*

Die gedeterritorialiseerde vloei kan op sy beurt weer geherterritorialiseer word. Deleuze en Guattari (1985:35) wys byvoorbeeld daarop dat hoe meer die kapitalistiese masjien vloei deterritorialiseer en dekodeer om surpluswaarde te kan onttrek, hoe harder probeer sy ondergeskikte werktuie, soos staatsburokrasieë en die magte van wet en orde om te herterritorialiseer om sodoende 'n al groter deel van surpluswaarde te absorbeer.

Deleuze en Guattari (1988:10) wys ook daarop dat bewegings van deterritorialisering en herterritorialisering relatief aan mekaar verbind is. Hulle gee die voorbeeld van die orgidee wat deterritorialiseer deur die beeld te vorm van 'n perdeby; op sy beurt is die perdeby ook gedeterritorialiseer deur 'n deel te word van die orgidee se voortplantingsmeganisme. Die perdeby herterritorialiseer nou die orgidee se beeld deur sy stuifmeel te vervoer. Hy is nou iets anders as 'n perdeby: hy is deel van die orgidee se voortplantingsmeganisme. Hier vind 'n wordingsproses plaas: die orgidee word perdeby en die perdeby word orgidee. Elke wording bring 'n deterritorialisering van een term en 'n herterritorialisering van die ander term teweeg. Dieselfde geld vir die boek en die wêreld (Deleuze en Guattari, 1988:11): die boek is nie 'n beeld van die wêreld nie, maar 'n deterritorialisering van die wêreld; die wêreld bring weer 'n herterritorialisering van die boek teweeg, wat op sy beurt hom weer in die wêreld deterritorialiseer.

7.6 LITERÊRE BETEKENISVORMING IN DIE VRYVLOEIENDE ENERGIE VAN DIE RISOOM: AS KODERING, DEKODERING EN HERKODERING

Alhoewel Deleuze en Guattari voorstanders is van skisofreniese betekenisvorming, met ander woorde betekenisvorming op die molekulêre vlak, sal literêre betekenisvorming nie van die eerste lees af skisofrenies wees nie, want hulle beskou 'n boek as 'n "assemblage" wat aan die een kant 'n molêre vlak en aan die ander kant 'n molekulêre vlak het. Juis omdat die boek óók 'n molekulêre vlak het, word die betekenis wat binne die molêre gevorm word, voortdurend ontwig.

One side of a machinic assemblage faces the strata, which doubtless make it a kind of organism, or signifying totality, or determination attributable to a subject; it also has a side facing a **body without organs**, which is continuously dismantling the organism... (Deleuze en Guattari, 1988:4).

Omdat 'n boek 'n "assemblage" is, is daar volgens Deleuze en Guattari (1988:23) nie meer 'n drieledige verdeling tussen 'n veld van realiteit (die wêreld), 'n veld van representasie (die boek) en 'n veld van subjektiwiteit (die outeur) nie. Die "assemblage" vestig verbindings tussen sekere meervoudighede wat uit elk van hierdie ordes getrek word sodat die boek nie die wêreld as sy objek of die outeur as sy subjek het nie. Vir hulle vorm die boek 'n "assemblage" met die buitekant, en is dit nie 'n beeld van die wêreld nie. "A rhizome-book, not a dichotomous, pivotal or fascicular book" (Deleuze en Guattari, 1988:23).

Vir Deleuze en Guattari is leser, teks en wêreld dus deel van 'n risoom.⁶⁸ Literêre betekenisvorming vind binne die risoom plaas. Die literêre teks is 'n sosiale masjien waarin die begeertemasjiene van leser en skrywer vrylik meng. Deleuze en Guattari bied vir ons 'n aktiewe betekenisvorming aan omdat die teks uit beide molêre en molekulêre vlakke bestaan, en die molêre vlak voortdurend deur die molekulêre vlak gedeterritorialiseer en moontlik weer geherterritorialiseer sal word. Betekenisvorming sal dus in die vryvloeiende energie van die begeertemasjiene binne die sosiale masjien plaasvind, daar waar die molêre vlak gedeterritorialiseer en gedekodifiseer word tot 'n molekulêre vlak.

7.7 KRITIESE BESPREKING

Deleuze en Guattari se betekenisvorming stem in 'n groot mate met dié van Kristeva ooreen. Haar **simboliese en semiotiese** kan vergelyk word met Deleuze en Guattari se **molêre en molekulêre**. Soos hulle produksieproses bied ook Kristeva 'n **proses** aan waardeur betekenis gevorm word. Die betekenisgewende proses word volgens Kristeva deur die subjek gevorm op die moment van oorskryding van die simboliese wet, wat terselfdertyd die oorskryding is van die eenheid van die transendentale ego. Die semiotiese dispoisie word dan geïdentifiseer as die subjek se kapasiteit vir hernuwing uit die orde waarin hy vasgevang is.

Ook Deleuze en Guattari se betekenisvorming vind daar plaas waar die begeertemasjiene uit die onderdrukking van die sosiale masjiene loskom, en dit kan selfs weer 'n herboorde betekenis binne 'n herterritorialisering aanneem, wat aan Nietzsche se "ewige terugkeer", 'n bevestiging van verskil, herinner. Kristeva (1986:29) se "betekenisgewende praktyk" vind plaas binne die aanvaarding van die simboliese wet **tesame met** die oorskryding van daardie wet met die doel om dit te hernu. Alhoewel dit voorkom of Deleuze en Guattari se betekenisvorming in opeenvolgende stadiums van dekodering en herkodering plaasvind, vorm dit deel van 'n risoom en is dus nie afsonderlike eenhede nie. Deleuze en Guattari

⁶⁸ As 'n soort "netwerk" stem die "risoom" ooreen met Kristeva (1980:36) se beskouing van **intertekstualiteit**. Sy beskou die teks ook as "produktiwiteit": "in the space of a given text, several utterances, taken from other texts, intersect and neutralize one another". Malan (1992:187) wys daarop dat die buiteteke nie-literêr (histories, sosiaal, kultureel) sowel as literêr kan wees. Dieselfde kan gesê word van Bakhtin (1981:291) se **heteroglossia** wat uit elemente binne die sistemiese (woorde en betekenisse) bestaan, sowel as uit elemente buite die sistemiese (die grenslose konteks).

(1985:340) stel dit duidelik as hulle sê "there is no one molecular formation that is not by itself an investment of a molar formation".

Deleuze en Guattari se benadering verskil wel van Kristeva se benadering in hul akkommodasie van die Nietzscheaanse **wil-tot-mag**. Hulle wil waarskynlik hierdie nosie inbring as verklaring vir die feit dat die begeerte uit die wetlikheid van die molêre kan uitbreek. Soos in die derde afdeling van hierdie hoofstuk gesien is, bied hulle hierdie Nietzscheaanse wil-tot-mag wat 'n soort "skeppende krag" is, nie as die skeppende wil van 'n Cartesiaanse outonome individu aan nie. As die begeerte dus nie met 'n "skeppende wil" uit die "socius" kan wegbreek nie, hoe word dit dan gevorm?

Hiervoor wil ek 'n, op die oog af, eienaardige antwoord aanbied. Die begeerte word juis deur die wil-tot-mag binne die dekodering- en herkoderingsprosesse gevorm. Die molêre en molekulêre prosesse is die produksieprosesse van Nietzsche se "bevestiging en ontkenning", wat 'n uitdrukking is van die wil-tot-mag. Bevestiging is nie aksie nie, maar die mag om aktief te word, 'n "becoming active". Ontkenning is ook nie bloot reaksie nie, maar 'n "becoming reactive" (Deleuze, 1983:54). Deur hierdie aktiewe en reaktiewe wordingsprosesse word die wil-tot-mag uitgedruk en die begeerte "bevry". Dit kan ook op 'n ander manier verduidelik word.

Die wil-tot-mag word aangebied as 'n krag onderliggend aan bestaansmodusse van diegene wat oordeel en evalueer. Elke interpretasie druk 'n lewenswyse uit en elke evaluasie is die simptoom van 'n bestaansmodus. Denke is hiervolgens "interpretasie" en "evaluasie" wat gegrondves is in 'n krag wat Nietzsche wil-tot-mag genoem het. Die wil-tot-mag is dus ook 'n genealogiese element (Deleuze, 1983:54) vanwaar betekenis hul betekenisgewing ("significance") en waardes hul waarde kry. Maar hierdie wil-tot-mag het 'n **dubbele aspek** (Deleuze, 1983:62). Dit bepaal die verhouding tussen kragte, maar word ook bepaal deur die verhoudings tussen kragte. Dit is, sê Deleuze (1983:50), wat die wil-tot-mag is: die genealogiese element van kragte, beide differensieel en geneties.

The will to power is the element from which derive both the quantitative difference of related forces and the quality that devolves into each force in this relation (Deleuze, 1983:50).

Daarom is die wil-tot-mag 'n genererende krag in die molêre-molekulêre verhouding sowel as 'n wegbrekende krag.⁶⁹ Op hierdie manier word die begeerte gevorm.

Betekenisvorming word dus nie in vasstaande, voorafbepaalde waardes gevind nie, maar in Nietzscheaanse ontbonde waardes wat gevorm word deur die "wil tot mag" binne 'n risoom van masjiënverbindings.⁷⁰

Literêre betekenisvorming vind plaas wanneer die leser die aktiewe en reaktiewe kragte van die dekodering en die deterritorialiserings tussen die molêre en molekulêre vlakke in die teks raaklees. Die leser het self ook 'n wil-tot-mag waarvolgens die reaktiewe kragte tussen leser en teks in die produksieproses aan die gang gesit word. Die Nietzscheaanse beskouing waarin waardes hul gebonde eienskappe verloor tesame met die motiverende krag van die wil-tot-mag gee aanleiding tot 'n aktiewe betekenisvorming aan die kant van die leser, wat kan oorgaan in 'n onbeperkte skisofreniese betekenisvorming as koderings- en herkoderingsprosesse afwisselend plaasvind.

By Deleuze en Guattari vind ons dus Nietzsche se "ewige terugkeer" as betekenis voortdurend deur dekodering en herkodering plaasvind. Betekenisvorming lê in die verandering, in die terugkeer **met 'n verskil**. Dit lê in die vloei van begeerte waar dit van sosiale sedimentasie wegbreek en weer geherterritorialiseer word.

In die volgende gedeelte sal gedemonstreer word hoe die dekodering- en deterritorialiseringsprosesse tussen molêre en molekulêre masjiene in die literêre teks plaasvind.

⁶⁹ Daarom noem Nietzsche (1910:104) hierdie wil-tot-mag ook "instinct of freedom".

⁷⁰ Ook Bloom (Salusinszky, 1975:9) is ingestel op **individuele bevestiging** wat deur 'n "agonistiese worsteling" verkry kan word. Hy is egter nie, soos Deleuze en Guattari, ingestel op enige sosiale dimensie nie (Bloom, 1987:65) en individuele bevestiging word verkry as die navolger (digter of kritikus), wat hy "ephebe" noem, homself ontworstel van sy voorgangers of vaderfigure. Die "sterk" aspirant digter sal hom byvoorbeeld van die "anxiety of influence" van sy voorganger probeer losmaak deur 'n "skeppende mislees" van die voorganger.

7.8 INTEENDEEL - ANDRÉ P. BRINK (1993)⁷¹

7.8.1 Inleidend: die molêre en molekulêre teks

Betekenisvorming vind in hierdie teks plaas deur die tussenspel tussen begeertemasjiene en die onderdrukking van begeerte, deur kodering en herkodering, deterritorialisering en herterritorialisering. Dit vind dus binne 'n voortdurende wordingsproses plaas waarin die ewige terugkeer gevind word, en onderliggend hieraan is die wil-tot-mag.

Eerstens word die "amptelike", molêre teks, die ware geskiedkundige feite, deur Brink gedeterritorialiseer en gedekodeer na 'n molekulêre teks: 'n "intendeel" van die (versteende) waarheid, 'n leuen wat geskep is deur en in woorde. Volgens die geskiedkundige, André Wessels (1993:6), lui die geskiedkundige feite van die **molêre teks** soos volg:

Estienne Barbier is in 1699 op Pazoches naby Orleans in Frankryk gebore. In 1734 was hy as soldaat in diens van die VOC, en arriveer in Oktober in die Kaap. Teen 1738 was hy 'n sersant en moes toesig hou oor gevangenes. Hy bots egter met die gereg omdat hy drank aan die gevangenes verkoop het, en 'n verhouding met 'n ontsnapte slavin, Rosette, gehad het. Hy bots ook meermale met vaandrig Rudolf Siegfried Alleman, 'n lid van die Kaapse garnisoen, maar sy aantygings teen Aleman kon nie bewys word nie. Toe hy later weer in 'n regsgeeding betrokke raak en sy onmag teen die owerhede besef, ontsnap hy die nag van 24 op 25 Maart 1738 uit die militêre barakke. Vir ongeveer 'n jaar lank skuil hy by die weduwee Elizabeth Celliers in die Drakensteinvallei.

Aan die begin van 1739 het 'n aantal Kaapse boere wederregtelik vee van die Groot Namakwastam geruil, terwyl hul huishulpe 'n aantal Namakwas vermoor en besteel het. Toe die blankes gedaag is om voor die heemrade te verskyn, het Barbier hulle oorgehaal om hulle eerder onder sy leierskap te skaar. Soncagoggend, 1 Maart 1739 het Barbier en gewapende metgeselle vir die plaaslike gemeentede 'n dokument voorgelees waarin Pieter Lourensz (landdros van

⁷¹ Verwysings na die teks sal tussen hakies aangedui word.

Stellenbosch) en Daniel van den Hengel (waarnemende Kaapse goewerneur) van swak bestuur en korrupsie beskuldig is. Hulle het die dokument teen die kerkdeur vasgeheg, vanwaar die landdros dit later verwyder het en na die owerhede in Kaapstad gestuur het. In Oktober 1739 het hy op 'n lang lys aanklagte tereggestaan en op 12 November is hy ter dood veroordeel en twee dae later tereggestel: eers is sy regterhand afgekap, daarna is hy onthoof. Vervolgens is sy liggaam in vier stukke gekap en na verskillende plekke in die Kolonie gestuur.

Hierdie molêre teks vanuit die geskiedenis word deur die skrywer gedekodeer tot 'n **molekulêre teks**. Hier word die teks 'n "liggaam sonder organe" waarbinne die waarheid iets is wat "nou gebeur" (Guattari, 1984:145) - die geskiedkundige gebeure word hier omgedig tot die leuen van fiksie waarbinne 'n soektog na waarheid deur die verdigsel aan die gang gesit word. Die simbool van die eenhoring op die omslag (as deel van Bosch se **Tuin van luste**) dui die aard van hierdie molekulêre teks aan: 'n terrein waar verbeelding en realiteit, waarheid en leuen partikels en affekterende kragte van 'n liggaam sonder organe word. Solank jy aan die eenhoring kan glo, sal betekenis nooit weer "molêr" kan word nie, want die eenhoring het aan Alice (in Lewis Carroll se Through the looking-glas) gesê: "Well, now that we have seen each other, if you'll believe in me, I'll believe in you" (Gouws, 1993:8). Die "inteendeel" seëvier in hierdie teks: in leuen of waarheid, skuld of onskuld. Maar die risoom van hierdie teks bestaan ook uit herkodeerings van ou stories, van Don Quixote, Jean d'Arc, die geskiedenis, die mitologie, die Bybel, en veel meer. Dekoderings en deterritorialisings vind op verskillende maniere in hierdie molekulêre teks plaas.

7.8.2 Deterritorialisering en herterritorialisering

Estienne Barbier wou wegbreek uit sy territorialisering in Frankryk waar dit gevoel het of hy "nêrens heen beweeg nie, dit was net een groot vloed wat heen en weer karring" [20]. Hy was op soek na "'n horison, oopte, koers, rigting, helderheid, lig" [20]. Sy wil-tot-mag kom na vore in sy droom "om betrokke te raak by iets wat uiteindelik die moeite werd sou wees, iets groots" [19]. Hy wou dus wegbreek uit sy molêre situasie in Frankryk. Daarom gaan hy Kaap toe. Barbier word dus gedeterritorialiseer in die Kaap.

Sy deterritorialisering in die Kaap verander egter in 'n herterritorialisering as hy as "persoonlike verteenwoordiger van die Here Sewentien" [15] optree. Sodoende

staan hy weer binne die molêre. Die eerste binnelandse reis wat hy dan ook onderneem is as lid van 'n ekspedisie in diens van die VOC om hul buiteposte teen die Weskus te besoek en om uitbreidingsmoontlikhede te ondersoek [16-17]. Uit die manier waarop hy die hele taak beskou, word dit duidelik dat hy geherterritorialiseer is, dat hy binne die molêre van Kaapse kolonialisme staan:

Ja, ons is voorwaar - dié klein ekspedisie, met ons waens en soldate, ons tamboer en sjirurgyn, ons streng roetine, my daaglikse optekening van waarnemings - 'n bedreigde maar onuitroeibare stroompie beskawing en edele aspirasies wat dag vir dag voortbeweeg deur 'n donker binneland, om dit te roer met geskiedenis en gewete [25].

Tog, al is Barbier in die Kaap geherterritorialiseer, bly hy aanvanklik die Europeër in Afrika. Hy dra die stem van Jeanne d'Arc en die woorde van Don Quixote oral met hom saam. Nederland, Frankryk en Spanje is dus steeds met hom, maar, voor wink Rosette: die Monomotapa van Afrika. Geleidelik begin Jeanne (van Europa) vervaag en volg hy Rosette (van Afrika) se spoor. Die fabelagtige en fantastiese van die Europese word in die teks gedekodeer tot waarheid wat 'n leuen is: in Afrika kan Europese waarhede leuens wees; hier geld Afrika se eie fabels - wat dikwels die inteendeel is van die Europese. Hier word dus nie vaste waarhede aangebied nie, maar elke keer die inteendeel, die herkodering.

7.8.3 Dekodering en herkodering van die waarheid

Bogenoemde weergawe van sy uitbeweeg uit sy territorialisering in Frankryk, is egter een van 'n aantal weergawes wat hy aanbied. In elke weergawe van die verhaal herkodeer hy die vorige weergawe. So word bogenoemde weergawe gedekodeer as dit blyk dat hierdie weergawe van Barbier as "baie belangrike persoon" slegs 'n "storie" is. In 'n geherkodeerde weergawe blyk dit dat hy 'n bedrieër van vrouens was en wou weggom van 'n lewe van "skrynwerk; middelmatigheid; ellende" [49] wat hy in Frankryk gelei het. Deur as rekrut by die VOC in te skryf, het hy per skip na die Kaap gekom, en kon daar as korporaal begin. Ook hierdie weergawe word gedekodeer. In 'n verdere geherkodeerde weergawe blyk dit dat 'n sekere kaptein Janssens ('n vroeëre medepligtige van sy eskapades) hom aan boord van 'n skip gesmokkel het omdat hy moes vlug weens komplikasies veroorsaak deur te veel verhoudings met verskillende vroue [68].

Die een weergawe van sy verhaal herkodeer dus die waarheid van 'n ander weergawe. Dit wat nou as waarheid voorkom, is die dekodering van 'n vorige leuen. Dwarsdeur die teks word hierdie spel van die dekodering en herkodering van waarheid en leuen volgehou. Twee weergawes van 'n eier wat in die pad van die ossewa lê, word byvoorbeeld aangebied. Volgens die eerste weergawe het die eier oopgebreek, en Rosette het uitgekom, maar het weer verdwyn [95]. In die tweede weergawe het die osse net om die eier geloop, en niks het gebeur nie [96]. Verskillende voorstellings van 'n aanval op Barbier word ook gevind. Barbier word deur 'n kommando raakgeskiet en aangeval. Hy takel hulle met 'n eselskakebeen toe dat minstens dertig van hulle bly lê [108]. In die tweede voorstelling is hy wel van agter geskiet, maar die leergebonde boek, Don Quixote, het sy lewe gered. Hulle takel hom toe, en hy verloor sy bewussyn [109]. Volgens twee ander verhale het Van den Hengel vir Barbier om verskoning gevra, en moes hy buk sodat Barbier hom kon skop [158]. In die tweede weergawe hiervan is Barbier egter skuldig bevind vir laster teen Kok en moes hy Kok in die openbaar vergoed [160]. Op hierdie manier herkodeer die een verhaal die waarheid van 'n ander.

Hierdie proses word vergestalt deur die reisverslag wat Barbier as skribent vir die goewerneur moes opteken. Slegs dit wat deel vorm van die "aanvaarde of aanvaarbare waarheid van die Cabo die Goeie Hoop" [32], mag opgeskryf word. Die waarheid word hier dus gelyk gestel aan die "molêre", die "amptelike". In dié opsig is die verbeelding van die skrywer as "leuen" beskou. Die korrupte waarhede wat Barbier dan oor die gebeure op die reis neergepen het, soos toe sersant Kok die Hottentot Ruyter doodgeskiet het omdat hy gelag het toe hy op Kok afgekom het waar hy besig was om "met sy eie vlees te woeker" [40], kan nie aan die goewerneur voorgelê word nie, omdat dit nie aanvaarbare amptelike waarhede is nie. Daarom het luitenant Alleman beveel dat Otto Mentzel by Barbier oorneem as skribent:

Hy kan jou vroeë passasies kopieer om ons reis tot hier te dek en al die foute wat hy teëkom, te korrigeer. Sodoende kan ons 'n beskrywing aan die goewerneur voorlê wat nie net in alle opsigte korrek is nie, maar wat hom ook sal tevrede stel. En soos Mentzel vorder, kan hy blaai vir blaai uit hierdie boek verbrand [42].

Dit wat Barbier hier as waarheid neergeskryf het, word deur Mentzel geherkodeer tot waarheid, wat eintlik 'n leuen is omdat dit dinge uitlaat wat eintlik die waarheid is. Die leuen word dus die waarheid wat 'n leuen is.

Die "waarheid" word hier gelykgestel aan die "molêre". Barbier kan nie hier inpas nie, hy verkies die "leuen" van die molekulêre, "die toelaatbaarheid van die leuen in die enkeling" [31]:

...nou hoef ek nie langer verantwoordelikheid te aanvaar vir amptelike waarhede nie. Uiteindelik was ek vry om op soek te gaan na my eie, en op my eie manier [42].

Barbier dekodeer hier die molêre in die molekulêre. Maar hierdie leuen van die enkeling kan nie weer geherkodeer word nie. Omdat dit waarhede is wat in Barbier se verbeelding plaasvind, bied hy slegs voortdurend dekoderings van die waarheid aan; of as dit as waarheid voorgehou word, kom dit as herkodering voor, maar word dit weer deur 'n volgende vertelling gedekodeer.

Die dekodering en herkodering van waarheid en leuen vind telkemale plaas, behalwe waar die waarheid reeds "eg" is. Dan is dit reeds die leuen, die onmoontlike, die inteendeel, die waansin, soos met die dood van Marietjie Ras [190]. Kannemeyer (1993:B5) kritiseer dit as 'n "oordaad" waaraan Brink hom meermale skuldig maak, maar in hierdie geval is die oordadige uitbeelding geregverdig, want die waarheid is hier so na aan die waansin dat dit alreeds die grens oorgesteek het na die "inteendeel". 'n Versoberende korrektief, wat die inteendeel wou aanbied, is hier nie moontlik nie.

Ook die leser speel 'n rol in die betekenisvorming van die teks. Hy kry dit reg om die meeste van die herkoderings in die teks te dekodeer deur dit as fiksies of veral as intertekste te herkodeer. Die geherkodeerde weergawe waarin Rosette vir hom deur die nag stories vertel [58], is eintlik die verhaal van die Duisend-en-een-nagte; die gekodeerde en geherkodeerde weergawes waar Barbier deur 'n kommando aangeval word, en die boek sy lewe red [109], word deur die leser geherkodeer as Don Quixote se stories. Op hierdie manier kan die leser talle herkoderings maak van stories binne stories. Omdat die stories reeds binne die teks geherkodeer is tot leuens, vlek die leser hierdie leuens nog meer oop: die hele teks bestaan uit leuens, uit die gedekodeerde.

7.8.4 Die deterritorialisering en herterritorialisering van mag

Dit is interessant dat "mag" ook 'n rol speel in die risoom van hierdie teks met sy dekodierungs- en deterritorialiseringprosesse. Mag word eerstens aan die molêre gekoppel. Dít wat die amptenare in diens van die Kompanjie regkry om vir hulleself op te eis, wys die rol van mag van diegene wat in beheer is, uit. So het luitenant Alleman vir homself die monopolie opgeëis om hout in Cabo te verkoop. Geen private burger kon dus meer hout verkoop nie [94]; sersant Kok het sestien hamels by die weduwee Joubert gekoop en nooit daarvoor betaal nie; Alleman wil dat Barbier slegs die ontvangs van vier of vyf man se diensgeld aanteken [114]. In Barbier se rondtes as pasganger word hy al hoe meer bewus van die korrupsie van diegene in magsposisies. En die ergste is dat dit deur sommiges as "die normale" aanvaar word.

Maar die geneuk is dat omkoperij en gunsies en agterbaksheid nou al so alledaags is dat niemand eers meer dink dis verkeerd nie. Almal reken dit hoort maar so [88].

"Hulle pluk maar net die vrugte van hul mag. Dis bloot menslik", is die opmerking van een van die heemrade, Charles Marais [97]. Hy moes self vir De la Fontaine 'n honderd skaap betaal om sy plaas te kon kry. Die mag van hierdie mag is soveel groter as dit op hierdie manier "vernatuurlik" word.

Hierdie mag wat in die terrein van die molêre gevind word, word gedeterritorialiseer as die koloniste op hul beurt weer hierdie magsposisie teenoor hulle slawe uitoefen. Behalwe dat Charles Marais hulle aanjaag om vinniger te werk, al reën dit, het hy al drie kinders by een van sy slavinne verwek omdat dit 'n goeie belegging is, want wanneer hulle grootword, is hulle ook slawe [98]. Op Barbier se tweede reis saam met die koloniste vind ons heelwat voorbeelde van die herkodering van mag. Hulle maak van geweld gebruik om die Hottentotte te oorreed om van hulle vee afstand te doen [197]; later roei hulle eers die mense in die kraal uit voordat hulle die vee inpalm [199, 202]. Ironies lei hulle "gesamentlike swaarkry" tot 'n "nuwe gees van eensgesindheid" onder hulle [199], wat niks anders is as 'n molêre herkodering nie. Hulle tree presies dieselfde op teenoor hul Hottentotknegte as wat die Kompanjie in die Kaap teenoor hulle optree. Hulle belowe 'n 50 stuks vee aan elk van die Hottentotte as hulle die kraal stroop [213], maar gee op die ou end net nege [216].

Die kodering van die mag in die Kaap word deur die koloniste gedekodeer in hul eiesinnige reis die binneland in, maar 'n herkodering van mag vind weer binne hul eie geledere plaas. Die rol van mag word telkemale in die teks beklemtoon. "Waar dit vir hulle oor gaan - waar dit vir hulle oor **moet** gaan - is mag, nie eerbaarheid nie" [164]; "Maar die vyand wat my heel eerste bedreig het en teen wie ek vandag nog baklei, is Cabo: dis die amptenary, dis korrupsie, dis mag. Die Hottentotte het g'n mag nie" [264]. Selfs Swellengrebel se "hart is waar die mag is" [147]. Hy skep die indruk by die koloniste dat hy die mag dekodeer en aan hulle kant is deur die Hottentotte te verdryf en hul gekonfiskeerde vee aan hulle terug te besorg. In der waarheid is dit 'n herkodering van mag omdat hy daardeur die guns wen "van die koloniste van wie die blywende voorspoed van die land afhanklik was" [263]. In plaas van 'n dekodeering is dit - **intendeel** - 'n herkodering, want dit is bloot 'n nuwe vorm van verslawing. Hulle gebruik dan ook juis hierdie mag om Barbier onregverdig te verhoor en in die swart gat te smyt omdat hy die molekulêre verteenwoordig wat die molêre mag wat hulle het, bedreig. "Jy bedreig alles wat hulle verteenwoordig. Hoe kan jy verwag dat hulle jou **nie** sal breek nie?" [163]

Dit is interessant dat mag ook 'n rol speel in Barbier en Rosette se verhouding. Die "mag" wat Barbier teenoor Rosette openbaar, is 'n "mag" wat eintlik 'n swakheid, 'n afhanklikheid is. Die bewustheid van sy eie kwesbaarheid maak Barbier wreed, maar hy ly eindeloos daaraan. Hy territorialiseer haar eers en as hy haar verwerp, word sy geherterritorialiseer, maar uiteindelik is sy die een wat Barbier territorialiseer en herterritorialiseer. Hier word 'n verskuiwing van mag waargeneem.

7.8.5 **Intendeel: die "anderkant" van die molêre**

Dit is dan juis hierdie opstand teen mag, hierdie verteenwoordiging van die molekulêre, wat die leser by die belangrike titel van die boek uitbring.

"Dit gaan oor die vraag of die magtiges hulle sin moet kry net omdat hulle mag het. Al beteken dit dat hulle die swakkes en die armes in die proses vertrap. **Iemand** moet êrens nee begin sê."

"Nie as dit op malligheid neerkom nie."

"Intendeel: **juis** as ander dink dis malligheid." [115]

Omdat die dekodeeringsproses alle soorte skeppende energieë bevry, kan binne die molekulêre "nee" gesê word vir mag. In die molêre lyk hierdie "nee" na skisofrenie,

na malligheid, is dit 'n **intendeel** van die normale en aanvaarde. Hierdie "intendeel" is die onmoontlike wat in die verbeelding lê, in die "skryf", in die "storie". Die molêre se mag lê in die verbied van hierdie onmoontlike.

"Hulle word magtig omdat hulle die verbeelding aan bande lê. Dis waarop hulle hele mag berus. Hulle verbied ons om te onthou wat regtig onmoontlik is. En deur net op die moontlike te konsentreer, sê ek jou, het hulle die wêreld 'n onmoontlike plek gemaak om in te woon."

"En hoe kom ons daaruit?"

"Ons het iemand nodig om weer ons oë vir die onmoontlike oop te maak, Estienne. Dis al manier om die wêreld te verander in 'n plek waar lewe weer moontlik is." [151-152]

Die **intendeel** is die "Anderkant" [178] van die molêre, die "iets anders agter dinge" [201]; "daardie ruimte wat ander as waansin bestempel" [230]; om die onmoontlike te doen: om 'n brief in 'n donker gat te skryf met geen papier of pen nie, terwyl die skrywer dood is en die leser nie kan lees nie: om jou lewe as 'n skisofreniese teks aan te bied wat na die skrywer se dood sy eie rigting kan inslaan en as gevolg van die onleesbaarheid van die teks, die vryheid van talle mislesings te ervaar. Dit is die soort vryheid wat selfs nie deur die dood aangetas kan word nie [172], wat binne die "nee" vir die molêre gevind word. Dis hierdie "neel" wat Barbier op die brug uitgeroep het [294] wat Jeanne d'Arc sy metgesel gemaak het wat hom die moed gegee het om sy derde reis aan te pak - die reis na binne, na die Monomotapa, die "anderkant" van die molêre.

Die derde reis is 'n reis van boetedoening waarin hy streef na die dekodering van alle mag. "Laat ons liever hiervandaan ons menslikheid deel" [289]. En om afstand te doen van hierdie mag, doen hy die **intendeel**: om oor te loop na die vyand.

Dit, bely ek, is nou my waansin. Om oor te geloop het na dié wat vantevore die vyand genoem is, om die voorregte en gerief van my eie posisie te versaak. Uiteindelik is ek ontslae van die redoute wat ek op daardie meeu-oorwoekerde strand gebou het. Elke vorm van skuiling het ek afgelê. **J'ai passé outre.** [290]

Hy doen afstand van alles, sy klere, sy illusies, sy skuld as hy om vergifnis vra en hul voete was, as hy lê dat hulle op hom trap. Uiteindelik gee hy hom dan ook oor

om tereggestel te word. Hy aanvaar skuld vir die misbruik van mag teenoor "die mense van hierdie land, wat nog altyd aan die kortste end getrek het" [299].

Hier word 'n fyn sinspeling op die politieke situasie in Suid-Afrika gevind, maar dit bly nie 'n eng kommentaar nie, dit reik ook wyer uit na enige situasie waar molêre mag misbruik word. Die verbeelding van die skrywer wat as leuen aangebied word, word ook aangebied as die waarheid wat uitgelaat word sodat die geskrif amptelik aanvaarbaar kan wees. Dit word dus as die **intendeel** aangebied - die intendeel van die molêre. Maar die intendeel van die molêre is ook die situasie van die onderdrukte. Die onderdrukte (die Hottentot) word nie as mens gereken nie [199, 213], 'n aanklag wat ook teen die situasie in Suid-Afrika gemaak kon word; situasies soos die volgende herinner aan soortgelyke houdings in Suid-Afrika:

"Ek is baas hier en jy's 'n bliksemse slaaf. Jy sal vat wat ek jou gee."

"Maar dis nie reg nie, Seur."

"Wil jy vir my kom leer van reg en verkeerd?"

"Ek sê maar net wat die Seur self vir ons gesê het."

"Oor jou teenpraters kan julle nou elkeen vyf beeste kry en niks meer nie." [216]

Die koloniste herinner aan sommige van die meer radikale wit Afrikaners in hul voortvarende geredelikheid om daar en dan 'n kommando op die been te wil bring [244]. Maar veral in Barbier se boetedoening aan die einde, in sy vra om vergiffenis, in sy erkenning dat hy so min van hulle weet, hulle so swak ken [290], en in sy bewuswording van die feit dat hulle "daar is" en aanvaar moet word - nie as probleme wat opgelos moet word nie [284] maar omdat hulle net hier is, dis al, - al hierdie dinge kan as kommentaar gelees word op die tot onlangse situasie in Suid-Afrika. Die belangrikste is dat dit 'n situasie is wat spruit uit die misbruik van mag:

Die goewerment, en sy mag, en sy misbruik van daardie mag, is nog net so 'n bedreiging van ons vryheid as ooit tevore. Dís waaroor ons oorlog gaan [265].

En dis waaroor die meeste oorloë gaan. Die korrupsie van mag is altyd 'n bedreiging vir vryheid, en in hierdie teks word gesoek na die Anderkant of Intendeel van Europa, Monomotapa, Rosette, die onleesbare, skrif, die teks, na die "intendeel". Maar dit word nooit "gevind" nie, dit kan nie geherkodeer word nie

- inteeendeel, dit bly dekodering omdat die skrywer die mag van alle magte in sy hand het: om stories te versin. Monomotapa is 'n "stad van woorde".

7.9 GEVOLGTREKING

Omdat die dekodering tussen die molêre en die molekulêre iets is wat voortdurend gevind word en op verskillende maniere neerslag vind in die literêre teks, is dit 'n geskikte en doeltreffende manier om met literêre tekste om te gaan. Dit is nie gebonde aan enige nasionaliteit of etnisiteit nie, en sal gevolglik geskik kan wees vir enige teks. Dekodering en deterritorialisering sal altyd in die letterkunde gevind word. Die probleem is hier net weer eens die kompetensie van die leser. As sy wil-tot-mag sterk genoeg is, sal hy die dekodering en herkodering kan raaklees, en selfs die herkodering weer kan herkodeer!

Hierdie betekenisvorming is 'n antwoord op Jameson se inperkende politieke betekenisvorming. 'n Politieke betekenisvorming kan hier geakkommodeer word want die basiese rewolusionêre beginsel word hier in die vorm van dekodering en herkodering ingesluit. Deleuze en Guattari bied dus 'n betekenisvorming aan waardeur die politieke geakkommodeer kan word en nie een wat deur die politieke gedomineer word nie. Veral die rol van magsverhoudings kan in hierdie betekenisvorming aan die kaak gestel word. Hulle sal waarskynlik 'n kritiese benadering hê teenoor die resente kultuurteorie. Kultuur sal, soos die molêre, nie 'n finale arbiter van betekenis kan wees nie.

Betekenisvorming wat in die aktiewe en reaktiewe kragte tussen die molêre en die molekulêre plaasvind, kan wel oorgaan tot 'n onbeperkte skisofreniese betekenisvorming, 'n "ewige terugkeer" as betekenis voortdurend tussen dekodering en herkodering plaasvind. Weer eens sal hierdie proses ingeperk word deur die kompetensie van die leser.

Soos Kristeva se semiotiese voorsimbolies is, en daarom in die vrylating van sy heterogeniteit, ontwrigtende effekte kan hê op vaste betekenisvorming, is ook Deleuze en Guattari se wil-tot-mag 'n genealogiese element van kragte wat skisofreniese effekte kan hê omdat dit uit beide genererende en wegbrekende kragte bestaan. Hierdie ontwrigtende en skisofreniese effekte kan as 'n positiewe moment in die literêre situasie ervaar word. Dit vorm deel van en aktiveer

terselfdertyd die leser se skeppende verbeelding en kan so bydra tot 'n herkenning en 'n uitbreiding van die literêre in die teks.

Onbeperkte, oop of skisofreniese betekenisvorming is nie noodwendig 'n negatiewe moment in die literêre betekenisvormingsituasie nie. Soos die dekonstruktiviste die "freeplay of language" as 'n teenvoeter sien vir die "prisonhouse of language", is die skisofreniese betekenisvorming ook 'n wegbreek in die literêre in: in die "inteendeel" van gesedimenteerde betekenisvormings in.

'n Benadering wat hom by uitstek teen gesedimenteerde rig, is Bakhtin se teorie van heteroglossia. Soos in die volgende hoofstuk gesien word, is dit 'n teorie wat baie stemme, waarby die historiese en sosiale kontekste ook ingesluit is, toelaat. Bakhtin se teorie is veral gewild by die resente kultuurteorie omdat dit alreeds gelaai is met sosiale en politieke betekenis.

